



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**DIE AANPASBAARHEIDSBEHOEFTE VAN 'N ONGEHUDE,
SWANGER TIENER**

deur

**E. Hansen
(24463745)**

**Voorgelê ter vervulling van 'n deel
van die vereistes vir die graad**

Magister Educationis (Opvoedkundige Sielkunde)

in die

**Departement Opvoedkundige Sielkunde
Fakulteit Opvoedkunde
Universiteit van Pretoria**

Studieleier: Prof. Dr. J.G. Maree

PRETORIA

2010




ERKENNINGS

Ek wil graag die volgende persone opreg bedank:

- Prof. Kobus Maree vir sy waardevolle insette, leiding en ondersteuning.
- Me. Zelda Pollard vir haar ondersteuning en hulp met die kodering van die data.
- Me. Isabel Claassen vir haar hulp met die taalversorging.
- My vader, Kobus de Jager en broer, Hano de Jager vir hul ondersteuning.
- My skoonouers, Terry en Audrey O'Donoghue vir hul ondersteuning.
- Die navorsingsdeelnemer vir haar deelname en toewyding aan die navorsingsprojek.
- Gareth en Emma.

VERKLARING

Hiermee verklaar ek dat “**Die aanpasbaarheidsbehoefes van ’n ongehude, swanger tiener**” my eie werk is en dat al die bronne wat gebruik of aangehaal is, aangedui en in ’n volledige literatuurlys erken is.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'E. Hansen', written over a horizontal line.

E. Hansen

Augustus 2010



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

VERKLARING VAN OORSPRONKLIKHEID

Hierdie dokument moet geteken word en saam met enige opstel, verslag, projek, taak, verhandeling en/of proefskrif ingedien word.

Int se volle name: ESTA HANSEN

Int nommer: 24463745

Inting


Ek verstaan wat plagiaat is en is bewus van die Universiteit se beleid in hierdie verband.

Ek verklaar dat hierdie VERHANDELING... (bv opstel, verslag, projek, taak, verhandeling, proefskrif, ens) my eie, oorspronklike werk is. Indien ander mense se werk gebruik is (hetsy uit 'n gedrukte bron, die Internet of enige ander bron), is dit behoorlik erken en is daarna verwys in ooreenstemming met die departementele vereistes.

Ek het nie werk wat voorheen deur 'n ander student of enige ander persoon geskep is, gebruik om dit as my eie in te dien nie.

Ek het nie en sal nie toelaat dat enigiemand my werk kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie.

Int se handtekening: EHansen

Int se handtekening: 

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDENDE ORIËTERING

1.1	INLEIDING	1
1.1.1	Voorlopige literatuurstudie	1
1.1.1.1	Van modernisme tot postmodernisme	2
1.1.1.2	Sosiale konstruktivisme	3
1.1.1.3	Sisteemteorie	3
1.1.1.4	Beroepskonstruksie	3
1.1.1.5	Lewensontwerpberading	4
1.1.1.6	Aanpasbaarheid	4
1.2	MOTIVERING VIR DIE STUDIE	5
1.3	DOELSTELLING	6
1.4	NAVORSINGSVRAE	6
1.4.1	Primêre navorsingsvraag	6
1.4.2	Sekondêre navorsingsvrae	6
1.5	VERWAGTE UITKOMSTE VAN DIE STUDIE	6
1.6	VOORSIENE PROBLEME	7
1.7	PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF	7
1.7.1	Konstruktivistiese/Interpretivistiese paradigma	7
1.8	NAVORSINGSONTWERP	8
1.8.1	Eienskappe van die navorsingsontwerp	8
1.8.1.1	Kwalitatiewe navorsing	8
1.8.1.2	Beskrywende navorsing	8
1.8.1.3	Eksploratiewe navorsing	8
1.8.2	Gevalstudienavorsing	9
1.9	NAVORSINGSMETODOLOGIE	9
1.10	DATA-INSAMELINGSPROSES	9
1.11	DATAONTLEDING EN INTERPRETASIE	9
1.12	KWALITEITSVERSEKERINGSKRITERIA	10
1.13	NAVORSINGSGESITUEERDHEID	10
1.14	ROL VAN DIE NAVORSER	10
1.15	ETIESE OORWEGINGS	10
1.16	BEPERKINGS VAN DIE STUDIE	10
1.17	UITEENSETTING VAN HOOFSTUKKE	11



HOOFSTUK 2: LITERATUURSTUDIE

2.1	INLEIDING	12
2.2	BEROEPSKONSTRUKSIE	12
2.2.1	'n Wyer siening van beroepsontwikkeling	12
2.2.2	Sinvolle lewens- en loopbaankeuse-uitoefening as (ko-)konstruktivistiese gebeure	13
2.2.3	Beroepskonstruksie as beradingsmodel en teoretiese raamwerk	13
2.2.4	Beroepsberading as sosiaal-konstruktivistiese teorie	14
2.3	DIE TEORETIESE OORSPRONG VAN BEROEPSKONSTRUKSIE	14
2.4	'n LEWENSONTWERPBERADINGS-PERSPEKTIEF	15
2.4.1	Lewensontwerpberading en diversiteit	15
2.4.2	Lewensontwerpberading as beroepsintervensie	15
2.4.3	Die sistemiese aard van lewensontwerpberading	16
2.4.4	Bestaande modelle vir lewensontwerpberading	16
2.5	AANPASBAARHEID	17
2.5.1	Inleiding	17
2.5.2	Kerndimensies van beroepsaanpasbaarheid	18
2.5.3	Die teoretiese oorsprong van beroepsaanpasbaarheid	18
2.5.4	Van beroepsvolwassenheid tot beroepsaanpasbaarheid: die evolusie van die konsep "beroepsvolwassenheid" as komponent van beroepsontwikkeling	21
2.5.5	Die sentraliteit van die konsep "aanpasbaarheid" tot ontwikkeling	22
2.5.6	Die gepastheid van die konsep "(beroeps-)aanpasbaarheid" as fokuspunt in lewensontwerpberading ten einde kliënte te begelei om lewensoor gange te hanteer	23
2.5.7	Dimensies van beroepsaanpasbaarheid	24
2.5.7.1	Die kontekstualistiese aard van die dimensies van beroepsaanpassing	24
2.5.7.2	Die psigososiale oorsprong van die dimensies van beroepsaanpassing	24
2.5.7.3	Die struktuur van die dimensies van beroepsaanpassing	25
2.5.7.4	Die vier dimensies van beroepsaanpasbaarheid	26
	i Beroepsbelang	26
	ii Beroepsbeheer	26



	iii	Beroepsnuuskierigheid	27
	iv	Beroepselfvertroue	28
2.6		AANPASBAARHEID EN ONGEHUDE SWANGER TIENERS	29
2.7		TEORETIESE RAAMWERKE	30
	2.7.1	Sosiale konstruktivisme	30
	2.7.2	Sisteemteorie	30
	2.7.2.1	'n Sistemiese perspektief van adolessensie	31
2.8		SAMEVATTING VAN LITERATUUR	32
	2.8.1	Samevatting van literaturoorsigte	32
2.9		SAMEVATTING	36

HOOFSTUK 3: METODOLOGIESE VERANTWOORDING

3.1	INLEIDING	37
3.2	PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF	37
3.2.1	Ontologie, epistemologie en metodologie	37
3.2.2	Emiese en etiese kennis	38
3.2.3	Konstruktivistiese/Interpretivistiese paradigma	38
3.2.1.1	Konstruktivistiese paradigma	39
3.2.1.2	Interpretivistiese paradigma	39
3.3	NAVORSINGSONTWERP	40
3.3.1	Eienskappe van die navorsingsontwerp	40
3.3.1.1	Kwalitatiewe navorsing	40
3.3.1.2	Beskrywende navorsing	42
3.3.1.3	Eksploratiewe navorsing	42
3.3.2.	Gevalstudienavorsing	42
3.4	NAVORSINGSGESITUEERDHEID	43
3.5	NAVORSER SE ROL	44
3.6	DATA-INSAMELINGSTEGNIEKE	44
3.6.1	Seleksie van deelnemer	45
3.6.2	Die dimensies van aanpasbaarheid as raamwerk vir die studie	45
3.6.3	Kwalitatiewe tegnieke	46
3.6.4	Data-insamelingstegnieke	47
3.6.4.1	<i>Collage</i>	47
3.6.4.2	Genogram	47
3.6.4.3	Lewenslyn	47
3.6.4.4	Rolmodelle	47
3.6.4.5	Leuses	47
3.6.4.6	Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009)	48
3.6.4.7	<i>Myers-Briggs Type Indicator</i> (Briggs & Briggs Myers, 1994)	48
3.6.4.8	<i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010)	48
3.7	DATAONTLEDING	48
3.8	KWALITEITVERSEKERINGSKRITERIA	49
3.8.1	Kredietwaardigheid	50
3.8.1.1	Kristallisasie	51
3.8.2	Vertrouenswaardigheid	51



3.8.3	Stappe om die geldigheid en vertrouenswaardigheid van die studie te bevorder	52
3.9	ETIESE OORWEGINGS	53
3.10	BEPERKINGS VAN DIE STUDIE	53
3.11	SAMEVATTING	54



HOOFSTUK 4: BESPREGING VAN RESULTATE

4.1	INLEIDING	55
4.2	METODE VAN DATAONTLEDING	55
4.3	DEELNEMER SE AGTERGRONDINLIGTING	56
4.4	PROSEDURE	57
4.5	RAKENDE DIE TEMAS VAN DIE NAVORSING	57
4.6	BESPREGING VAN DIE STADIA VAN DIE LEWENSONTWERPBERADINGSPROSES	60
4.6.1	Stadium 1: Vestiging van 'n werksverbintenis	60
4.6.1.1	Die argitek van haar eie lewe	60
4.6.1.2	Mees prominente kontekste	61
	i Skoolkonteks	61
	ii Familiekonteks	61
4.6.1.3	Verheldering van rolle	63
4.6.2	Stadium 2: Kartering en verkenning van die sisteem van subjektiewe identiteitsbeelde	63
4.6.2.1	Vorige ondervindings	64
4.6.2.2	Huidige identiteitsbeeld	65
4.6.2.3	Toekomsverwagtings	66
4.6.3	Stadium 3: Opening van perspektiewe, ontdekking en herskryf, herorganisering en hersiening van stories	66
4.6.3.1	Sterkpunte	67
	i Selfkennis	67
	ii Antisipasie/aaneenlopendheid van gebeure	67
	iii Probleemoplossingsvaardighede	68
4.6.3.2	Swakpunte	68
4.6.4	Stadium 4: Die plasing van die probleem in die nuwe storie en nuwe perspektief	69
4.6.5	Stadium 5: Die spesifikasie en seleksie van aktiwiteite wat kwessies rakende identiteit ondersoek	69
4.6.6	Stadium 6: Opvolggesprek	70
4.7	SAMEVATTING	71



HOOFSTUK 5: SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

5.1	INLEIDING	72
5.2	BEVINDINGS WAAROP DIE AANBEVELINGS GEGROND IS	72
5.2.1	Hoofstuk 1: Inleidende oriëntering	72
5.2.2	Hoofstuk 2: Literatuurstudie	72
5.2.3	Hoofstuk 3: Metodologiese verantwoording	73
5.2.4	Hoofstuk 4: Bespreking van resultate van die gevalstudie	73
5.3	BEANTWOORDING VAN DIE ALGEMENE NAVORSINGSVRAAG	74
5.4	BEPERKINGS VAN DIE STUDIE	75
5.5	AANBEVELINGS	75
5.6	ETIESE ASPEKTE	76
5.7	TEN SLOTTE	76
LITERATUURLYS		77



TABELLE

Tabel 2.1:	Beroepsontwikkelingstadia	20
Tabel 2.2:	Oorkoepelende teoretiese raamwerk was as basis sal dien vir die interpretasie van my data	33
Tabel 3.1:	Data-insamelingstegnieke en dokumenteringsmodi	46
Tabel 3.2:	Strategieë om die kredietwaardigheid van 'n kwalitatiewe studie te verhoog	50
Tabel 4.1:	Metode van dataontleding: Praktiese implementering gebaseer op Creswell (2003) se benadering	56
Tabel 4.2:	Geïdentifiseerde temas gebaseer op relevante literatuur	57
Tabel 4.3:	Addisionele temas	59



FIGURE

Figuur2.1: Konseptuele raamwerk

36



LYS VAN BYLAE

- Bylae A:** Toestemming om navorsing by Berg-en-Dal swangerskapkrisis-sentrum uit te voer
- Bylae B:** Brief van ingeligte toestemming
- Bylae C:** Brief van my eksterne kodeerder
- Bylae D:** Maggie se genogram
- Bylae E:** Maggie se *collage*
- Bylae F:** Maggie se leuses
- Bylae G:** Maggie se lewenslyn
- Bylae H:** Etiese verklaring



OPSOMMING

DIE AANPASBAARHEIDSBEHOEFTE VAN 'N ONGEHUDE, SWANGER TIENER

deur

E. Hansen

STUDIELEIER: Prof. J.G. Maree

GRAAD: Magister Educationis (Opvoedkundige Sielkunde)

DEPARTEMENT: Opvoedkundige Sielkunde

Die primêre doel van my studie was om die aanpasbaarheidsbehoefte van 'n ongehude swanger tiener te ondersoek en te beskryf. Die studie is uitgevoer deur middel van 'n gevalstudie waartydens 'n verskeidenheid tradisionele en postmoderne tegnieke geïmplementeer is ten einde ko-konstruktiewe gesprekvoering met die deelnemer (Maggie) te fasiliteer.

In die loop van die navorsingsproses het die navorser en deelnemer deur die volgende stappe van lewensontwerpberading beweeg: (a) vestiging van 'n werksverbintenis; (b) kartering en verkenning van die sisteem van subjektiewe identiteitsbeelde; (c) opening van perspektiewe asook die ontdekking, herskryf, herorganisering en hersiening van stories; (d) die plasing van die probleem in die nuwe storie en nuwe perspektief; (e) die spesifikasie en seleksie van aktiwiteite wat kwessies rakende identiteit ondersoek, en ter afsluiting, (f) 'n opvolgessie. Op hierdie wyse is daar deur middel van ko-konstruktiewe gesprekvoering gepoog om Maggie in staat te stel om uitdrukking te gee aan haar aanpasbaarheidsbehoefte om sodoende tot 'n nuwe perspektief rakende haar unieke konteks te kom.



SUMMARY

THE ADAPTABILITY NEEDS OF AN UNWED, PREGNANT TEENAGER

by

E. Hansen

SUPERVISOR: Prof. J.G. Maree

DEGREE: Magister Educationis (Educational Psychology)

DEPARTMENT: Educational Psychology

The primary goal of my study was to investigate the adaptability needs of an unwed, pregnant teenager. The study was conducted as a case study in which a variety of traditional and postmodern techniques were implemented to facilitate co-constructive conversation with the participant.

In the course of the research, the researcher and participant went through the following stages of life design counselling: (a) establishment of a working alliance; (b) mapping and exploration of the participant's system of subjective identity forms; (c) opening of perspectives, discovering and rewriting of existing stories; (d) placing of the problem inside the new story and new perspective; (e) specifying and selection of activities to explore issues surrounding identity and, finally, (f) a follow-up conversation. The participant was able to express her adaptability needs through co-constructive conversation and thus to come to a new perspective about her unique context.



SLEUTELWOORDE/KEYWORDS

Beroepskonstruksie

Career construction

Lewensontwerp

Life design

Berading

Counselling

Ongehude

Unwed

Swanger

Pregnant

Tiener

Teenager

Aanpasbaarheid

Adaptable

Belang

Concern

Beheer

Control

Nuuskierigheid

Curiosity

Selfvertroue

Confidence

Gevalstudie

Case study

HOOFSTUK 1

INLEIDENDE ORIËNTERING

1.1 INLEIDING

Ek het my internskap in Opvoedkundige Sielkunde deur die Pretoria Hospitaalskool voltooi. Hierdie skool akkommodeer hoofsaaklik tienerdogters wat swanger is of reeds geboorte geskenk het en besig is om hul akademiese jaar te voltooi. Alhoewel my plasing by 'n psigiatrisiese hospitaal was, en ek self dus selde direk kontak met hierdie dogters gehad het, het my kollegas gereeld staaltjies gedeel oor die dogters se omstandighede en veral probleme en hindernisse in hul pogings om hul skoolwerk op datum te hou. Gedurende die jaar het ek self swanger geword. Ek word skielik akuit bewus van die geweldige verandering wat swangerskap en die daaropvolgende ouerskap meebring. Self is ek in my 30's, in 'n stabiele huwelik en bykans gekwalifiseer vir my gekose beroep. Ek en my man kan dit finansieel bekostig om met 'n gesin te begin en ons onderskeie families is ondersteunend en opgewonde oor die komende baba. Tog voel ek gereeld oorweldig deur die verandering wat swangerskap en ouerskap in ons lewens te weeg bring en nog gaan bring. Min, indien nie geen, van die tienerdogters aan die Pretoria Hospitaalskool se omstandighede is so gunstig soos my omstandighede vir die geboorte van 'n baba.

Ooglopend beïnvloed 'n swangerskap en moontlike ouerskap 'n persoon se toekomsvisie en -planne. Die vraag ontstaan dan of swanger tienerdogters en ongehude tienermoeders by hierdie veranderinge kan aanpas en wat hulle behoeftes is om hierdie aanpassing moontlik te maak.

Teen hierdie verwysing gee ek, in hoofstuk 1, 'n kort uiteensetting van my studie wat die volgende insluit: 'n voorlopige literatuurstudie, die motivering vir my studie, die navorsingsdoel, die probleemstelling, 'n konseptuele raamwerk, omskrywing van enkele konsepte, verwagte uitkomst, voorsiene probleme, my paradigmatische perspektief en navorsingsontwerp, datainsameling- en dataontledingstegnieke, die omgewing waarin die navorsing gaan plaasvind, my rol in die navorsing en etiese oorwegings wat daarmee gepaard gaan, asook beperkings van die studie en 'n uiteensetting van die hoofstukke.

1.1.1 Voorlopige literatuurstudie

Die globale ekonomie van die 21ste eeu stel nuwe sake rakende loopbane aan die orde. Savickas (2008) meen dat veral die ontwikkeling op ekonomiese terrein die kwessie van hoe individue hul sosiale identiteit en gevoel van selfwaarde tydens lewenslange werksveranderings behou, sterk aksentueer. Om aan hierdie behoeftes gehoor te gee, moet loopbaanontwikkeling deur selfontwikkeling vervang word (Savickas, 1993). Die

beroepskonstruksieteorie gee volgens Savickas (2008) gehoor aan die behoeftes van vandag se mobiele werkers wat moontlik gefragmenteer en verward mag voel in hierdie ekonomiese tydperk, wat deur Savickas (2009, persoonlike kommunikasie aan Prof Maree) beskryf word as "Characterised by the most fundamental changes in history". wanneer hulle met herstrukturering en transformasie van die werksmag gekonfronteer word. Die werkslewe moet telkens herontwerp word om by veranderende behoeftes, belangstellings en lewenservarings **aan te pas**.

1.1.1.1 Van modernisme tot postmodernisme

Die moderne era word gekenmerk deur empiriese, wetenskaplike ondersoek wat tradisioneel op die ontdekking van 'die waarheid' fokus. Hierdie era onderskryf 'n siening van die wêreld as kenbaar en beheer deur universele wette wat absolute waarhede rakende die wêreld kan blootlê (Becvar & Becvar, 2006).

In die moderne paradigma is die doel van wetenskaplike navorsing om 'die waarheid' te ontdek deur bevindings te veralgemeen en sodoende wetenskaplike wette te skep wat gedrag nie net kan verduidelik nie, maar ook kan voorspel (Hyson, 2007).

Tradisionele benaderings tot beroepsberading veralgemeen hoofsaaklik deur van 'n trek-faktorbenadering gebruik te maak. Hierdie benadering plaas die klem op 'n rasonale model waar persoonlikheidstrekke gepas word by faktore wat nodig is om 'n spesifieke werk te verrig. Vir hierdie benadering om suksesvol te wees moet die individu se selfsiening, asook die omgewing waarbinne die persoon funksioneer, stabiel bly (Campbell & Ungar, 2004).

Dit word egter mettertyd duidelik dat 'n algemeen aanvaarde verklaring van menslike gedrag nie die kompleksiteit van die mensdom kan reflekteer nie (Durrheim in Henning, 2005). Tradisionele benaderings in beroepsberading neig om komplekse lewens te ooreenvoelig (Brott in Campbell & Unger, 2004). Verder ontluik die persepsie dat 'n enkele waarheid nie alleen bedrieglik is nie, maar ook dat vele interpretasies van hierdie waarheid moontlik is. Sommige interpretasies word ook as meer waardevol as ander geag. Hierdie insigte verskaf momentum aan die skuif weg van 'n moderne paradigma na 'n postmoderne paradigma (Hyson, 2007).

Postmodernisme vervang nie modernisme nie, maar vul dit aan. Dit verwerp egter wel die modernistiese idee van universele en onaantasbare waarhede en objektiewe kennis (Lynch, 1997). Die boodskap van postmodernisme is dus om behoedsaam te wees ten opsigte van omskrywings wat daarop aanspraak maak dat dit die enigste verduideliking of interpretasie bied, aangesien vele alternatiewe beskrywings of betekenis moontlik mag wees. Postmodernisme erken dus nie net subjektiwiteit nie, maar ook perspektiwiteit (Doan, 1997).

1.1.1.2 Sosiale konstruktivisme

Sosiale konstruktivisme is 'n postmoderne benadering gegrond op die oortuiging dat mense realiteit sosiaal konstrueer deur die gebruik van gedeelde en ooreengekome betekenis wat deur taal gekommunikeer word. (Berger & Luckman in Speed, 1991). Sosiale konstruktivisme berus op die basiese beginsels dat vele realiteite moontlik is (Becvar & Becvar, 2006) en dat kennis subjektief en objektiewe neutraliteit onmoontlik is (Doan, 1997).

1.1.1.3 Sisteemteorie

Vanuit die perspektief van die sisteemteorie word verskynsels ten beste verstaan uit die oogpunt van 'n hiërargie van sisteme wat elk weer uit kleiner subsysteme bestaan en terselfdertyd deel van 'n groter, omvattende sisteem vorm (Prins & Van Niekerk, 2001). 'n Persoon of situasie kan dus as 'n aparte entiteit gesien word, maar ook as deel van 'n verskeidenheid verskillende sisteme (Green, 2001). Green (2001) is van mening dat die sisteemteorie om hierdie rede veral komplekse verskynsels, invloede en interaksies kan beskryf.

1.1.1.4 Beroepskonstruksie

Volgens Savickas (2005) word persone se beroepswêreld en -werklikheid op unieke, idiosinkratiese wyse deur individue gekonstrueer. Hierdie proses van beroepskonstruksie gebruik sosiale konstruktivisme as metateorie om te verduidelik hoe persone verteenwoordiginge van realiteit, eerder as realiteit self, konstrueer en betekenis aan hul subjektiewe ervaring van hierdie gekonstrueerde realiteit heg. Deur beroepe verder kontekstualisties te beskou (Savickas, 2005), word die individu in 'n bepaalde omgewing geplaas wat deurlopend 'n invloed op die persoon uitoefen. Die individu se konstruksie van sy/haar beroep word dus beïnvloed deur die sisteme waarvan hy/sy deel is.

Wanneer beroepe vanuit 'n konstruktivistiese en kontekstuele perspektief beskou word, word die aandag gefokus op interpretatiewe prosesse, sosiale interaksie en die onderhandeling van betekenis. Ontwikkeling word gesien as aanpassing by die omgewing eerder as die volwassewording van innerlike strukture (Savickas, 2005). Loopbane ontvou nie bloot nie; dit word gekonstrueer deur die keuses wat individue tydens aanpassing by die omgewing maak. Dit is na hierdie proses van konstruksie deur die uitoefen van keuses waarna Hartung (2007) verwys wanneer hy dit stel dat beroepskonstruksie 'n moontlike nuttige beradingsmodel en -metodes bied.

Deur te fokus op praktiese metodes vir beroepsintervensie wat op ontwikkelingsprosesse, individuele verhale en persoonlikheidseienskappe gebaseer is, vestig beroepskonstruksie volgens Hartung (2007) 'n verhouding tussen teorie en praktyk.

Beroepskonstruksie as konseptuele raamwerk bied 'n teoretiese raamwerk waarvolgens beroepsgedrag, beroepskeuses en beroepsontwikkeling verstaan kan word en in die praktyk verskaf dit 'n beradingsmodel asook metodes van assessering en intervensie wat persone ondersteun om self hul beroepe te konstrueer (en lewens te ontwerp).

Beroepskonstruksie (Kyk: hoofstuk 2, bladsy 14 vir 'n vollediger uiteensetting van die teoretiese grondslae waarop hierdie metabenadering tot beroepsvoorligting gebaseer is) vul Super se lewenspan-lewensruimte-teorie aan (Hartung, 2007) om die grondslag van hierdie teorie in 'n multikulturele samelewing en globale ekonomie te kan gebruik (Savickas, 2005). Vanuit hierdie perspektief kan beroepskonstruksie gesien word as 'n omvattende teorie wat die segmente van die lewenspan-lewensruimte-benadering omvat deur aan vier fundamentele dimensies van beroepsgedrag en die ontwikkeling daarvan aandag te skenk (Hartung, 2007). Hierdie dimensies is lewenstruktuur, **beroepsaanpasbaarheid**, beroepspersoonlikheid en lewenstemas.

1.1.1.5 Lewensontwerpberading

Tydens lewensontwerpberading word die beginsels van die beroepskonstruksieteorie toegepas op die praktyk van assessering en intervensie. Volgens Savickas (1995) is heelwat aandag geskenk aan die bevordering van beroepsontwikkeling wat die subjektiewe ervaring van 'n beroep aanspreek en kennis as sosiaal gekonstrueer sien, maar die konstruktivistiese siening van beroepsintervensie het min aandag ontvang. Lewensontwerpberading probeer hierdie leemte aanspreek.

Lewensontwerpberading maak staat op 'n baie ryker siening van 'n individu se betrokkenheid in sy/haar beroepslewe. Tydens lewensontwerpberading word gepoog om insig te verkry in hoe alle aspekte van 'n individu se lewe deel van sy/haar beroep vorm (Campbell & Ungar, 2004). Kliënte word aangemoedig om 'n verkose toekoms te ontwerp. Hierdie ontwerp vind plaas deur onder andere interaksie met die beroepsfasiliteerder waar betekenis aan bestaande en toekomstige stories geheg word. Nie net neem die ontwerp die verskeie rolle wat die persoon vervul in ag nie, dit inkorporeer ook die verskillende sisteme en kontekste waarvan die persoon deel is (Campbell & Ungar, 2004).

Tydens beroepsfasilitering skep die kliënt en fasiliteerder hul eie unieke subsisteem. Gedurende die ko-konstruktiewe proses van lewensontwerp vind daar voortdurende interaksie tussen die sisteme van beide plaas, aangesien die fasiliteerder en kliënt elk hul eie subjektiewe belewingswêreld, waardes, oortuigings en sienings na die fasiliteringsproses bring.

1.1.1.6 Aanpasbaarheid

Volgens Savickas (1997) verwys aanpasbaarheid na die kwaliteit in 'n individu wat die

persoon in staat stel om sonder veel moeite te verander, om by nuwe of veranderde omstandighede aan te pas. Beroepsaanpasbaarheid is een van die hoekstene op grond waarvan beroepsgedrag en die ontwikkeling daarvan verstaan kan word (Hartung, 2007; Savickas, 1997). Hierdie dimensie van die beroepskonstruksieteorie fokus op ontwikkelingstake en rol-oorgange waarmee individue gekonfronteer word en die hanteringstrategieë wat hulle gebruik om bepaalde oorgange en veranderings te probeer hanteer. Beroepsontwikkelingstadia en -take word saamgestel uit die gemeenskap se verwagtings wat individue as beroepsbelange ondervind.

Die beroepskonstruksieteorie omvat sowel Holland, Parsons en andere se differensiële benadering, Super se **ontwikkelingsberoepstadia**-benadering, as die psigodinamiese benadering (Hartung, 2007) en gebruik die rubrieke van groei, eksplorasië, vestiging, bestuur en losmaking. Beroepskonstruksie brei egter “optimale passings”- of differensiele teoretici (bv. Holland en Parsons, Super en ander se **ontwikkelingsberoepstadia**) asook die psigodinamies-georiënteerde teoretici se benaderings uit deur dit onder andere te stel dat ’n persoon deur verskillende stadia kan beweeg – hetsy in ’n maksi-siklus (waarin daar ten minste een keer deur al die ontwikkelingsstadiums beweeg word) of in ’n mini-siklus (waarin daar herhaaldelik deur die stadia beweeg word soos die persoon by verandering in die omgewing aanpas). Elke beroepstadium en die meegaande ontwikkelingstake omvat ’n primêre **aanpassingsdoelwit** (Savickas, 1997).

Beroepsaanpasbaarheid behels spesifieke houdings, oortuigings en bevoegdhede. Hierdie vaardighede beïnvloed die strategieë wat gebruik word om probleme op te los, asook die gedrag gebruik om beroepsselfkonsep met werksrolle gedurende die lewensloop in ooreenstemming te bring (Savickas, 2005). Die konstruk “beroepsaanpassing” bestaan uit vier basiese dimensies van beroepsaanpassing wat elk ’n spesifieke ontwikkelingstaak hanteer. Die dimensies is besorgdheid, beheer, nuuskierigheid en selfvertroue (Hartung, 2007). Vervolgens val die fokus op die rasionaal van die voorgenome studie.

1.2 MOTIVERING VIR DIE STUDIE

As navorser is my redes vir die studie meervoudig. My eerste belangstelling in hierdie studie is deur persoonlike ondervinding geprikkel. Soos reeds vermeld, het ek bewus geraak van die geweldige verandering wat swangerskap en die daaropvolgende ouerskap meebring. Dit is vanselfsprekend dat ’n swangerskap en moontlike ouerskap ’n persoon se toekomsvisie en planne beïnvloed. Self oorweldig deur die enorme verandering wat swangerskap en daaropvolgende ouerskap teweegbring, kon ek nie help om te wonder oor ongehude swanger tieners se belewing van hierdie veranderings nie. Die aanpassing wat vereis word, is onder gunstige omstandighede reeds beduidend. Hoeveel te meer nie vir hierdie groepie tieners nie?

Volgens Hamman en Hendricks (2005) kan adolessensie gesien word as 'n periode waarin 'n soeke na kontinuïteit en gelyksoortigheid begin. Hierdie kontinuïteit dui daarop dat 'n adolessent wil weet wie hy/sy in die hede is, hoe daar in die hede gearriveer is, maar ook wie hy/sy in die toekoms gaan wees. Adolessente word ook gekonfronteer met die enorme taak om hulself in die toekoms in te projekteer en besluite rakende hul beroepe en loopbane te neem. Ongehude swanger adolessente moet ook by hierdie ontwikkelingstaak aanpas. Benewens die feit dat hulle hul siening van hulself in die hede moet aanpas om ruimte te laat vir die swangerskap en besluite wat dit behels en beïnvloed, moet hulle ook hierdie beeld op so 'n wyse kan aanpas dat dit in die toekoms ingeprojekteer kan word. Dit sal vir my interessant wees om te ondersoek hoe swanger tienerdogters en ongehude tienermoeders by hierdie veranderings aanpas en wat hulle behoeftes is om hierdie aanpassing moontlik te maak.

1.3 DOELSTELLING

Die primêre doelwit van die studie is om die aanpasbaarheidsbehoefte van ongehude swanger tieners vanuit 'n lewensontwerpberadingsperspektief te ondersoek.

1.4 NAVORSINGSVRAE

1.4.1 Primêre navorsingsvraag

Die primêre navorsingsvraag van hierdie studie is as volg:

Op welke wyse kan die aanpasbaarheidsbehoefte van ongehude swanger tieners vanuit 'n lewensontwerpberadingsperspektief gehanteer word?

1.4.2 Sekondêre navorsingsvrae

Vanuit die primêre navorsingsvraag kan die volgende sekondêre navorsingsvrae afgelei word:

- Wat is die essensiële elemente van
 - beroepsaanpasbaarheid, asook
 - die lewensontwerpberadingsproses?
- Wat is die aanpasbaarheidsbehoefte van ongehude swanger tieners?
- In watter mate kan die aanpasbaarheidsbehoefte van ongehude swanger tieners gehanteer word deur hul toetrede tot en deelname aan die lewensontwerpberadingsproses?

1.5 VERWAGTE UITKOMSTE VAN DIE STUDIE

Die doel van die navorsing is om ondersoek in te stel na die aanpasbaarheidsbehoefte van ongehude swanger tieners. Deur die subjektiewe betekenis te ondersoek wat hierdie groep dogters aan konsepte heg, kan die essensiële elemente van beroepsaanpasbaarheid asook lewensontwerpberading verhelder word. Die aanpasbaarheidsbehoefte van ongehude swanger tieners kan sodoende geïdentifiseer word wat die hantering daarvan vanuit 'n lewensontwerpberadingsperspektief kan ondersteun.

1.6 VOORSIENE PROBLEME

Die uitdagings wat ek voor die aanvang van my studie voorsien is eerstens logisties van aard. Die moontlikheid bestaan dat daar ten tye van die studie nie 'n bereidwillige inwoner by Berg-en-Dal aanhuisig is om aan die studie deel te neem nie. Hierdie moontlikheid impliseer dat die navorsing uitgestel sal moet word. Die moontlikheid bestaan verder dat moontlike deelnemers nie geneë daarmee sal wees om in gesprek te tree met 'n buitestaander of iemand wat as 'n kundige beskou kan word nie. Ek sal om hierdie rede daarop bedag moet wees om voldoende verhoudinge te stig en om die nodige respek, agting en insig te kommunikeer.

1.7 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF

Adams, Collair, Oswald en Perold (2004) beskryf 'n paradigma as 'n breë teoretiese oriëntasie waartoe 'n spesifieke navorsingstudie behoort. 'n Paradigma omvat die basiese denkwyses en aannames onderliggend aan 'n bepaalde wetenskap waarvolgens 'n navorser te werk gaan tydens 'n studie en verwys sodoende na die lens waardeur 'n navorser sy/haar navorsing beskou (Denzin & Lincoln, 1998; Leedy & Ormrod, 2005; Terre Blanche & Durrheim, 2002). Ek gaan vanuit die konstruktivistiese/interpretivistiese paradigma te werk. Hieronder volg 'n kort uiteensetting daarvan.

1.7.1 Konstruktivistiese/Interpretivistiese paradigma

'n Konstruktivistiese/interpretivistiese paradigma sal in die voorgenome studie gebruik word. Volgens Adams *et al.* (2004) erken navorsing vanuit die perspektief van hierdie paradigma dat subjektiewe ervaring of individuele realiteit geldig, veelvuldig en sosiaal gekonstrueer is. Die huidige studie gaan dus poog om veelvuldige realiteite bloot te lê (ontologie) (Creswell, 2007). Binne die konteks van hierdie paradigma is navorsers daarvan oortuig dat hulle die ondervindings van die deelnemers deur middel van interaksie beter kan verstaan (Adams *et al.*, 2004) en hulle probeer dus deurlopend om die afstand tussen die navorser en deelnemers so klein as moontlik te hou (epistemologie) (Creswell, 2007). Navorsingsvrae wat met hierdie paradigma verband hou, word volgens Adams *et al.* (2004) ten beste deur

die gebruik van die kwalitatiewe navorsingsmetodologie beantwoord.

1.8 NAVORSINGSONTWERP

'n Navorsingsontwerp word deur Yin (2003) beskryf as die logika wat die versamelde data met die aanvanklike vrae van die studie verbind. Die voorgenome studie is kwalitatief, beskrywend en eksploratief van aard en die navorsingsontwerp van die voorgenome ondersoek is 'n gevallestudie. Die eienskappe van die betrokke navorsingsontwerp word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

1.8.1 Eienskappe van die navorsingsontwerp

1.8.1.1 Kwalitatiewe navorsing

In die lig daarvan dat die metateoretiese paradigma van die interpretivisme en sosiale konstruktivisme gebruik gaan word, word daar beplan om hierdie studie kwalitatief uit te voer. Kwalitatiewe navorsing ondersoek verskynsels konteks-spesifiek (Golafshani, 2003) en poog om insig te bekom rakende die subjektiewe ervaring van individue, die betekenis wat hulle aan hierdie ervarings toeken, asook hul interpretasie daarvan (Denzin & Lincoln, 2005). Kwalitatiewe navorsing se doelwit is dan die soeke na verheldering en insig en die verskaffing van 'n omvattende beskrywing van 'n spesifieke verskynsel vanuit die deelnemer se perspektief (Adams *et al.*, 2004; Golafshani, 2003; McMillan & Schumacher, 1997).

Die kwalitatiewe navorsingsontwerp wat in die voorgenome studie gebruik gaan word, is interpretivisties van aard aangesien ondersoek ingestel gaan word na die deelnemer se belewingswêreld asook die subjektiewe betekenis wat sy aan ervarings heg. Daar gaan deurlopend gepoog word om 'n holistiese beeld van die deelnemer te vorm deur haar ervarings, sienings en emosies binne hierdie spesifieke konteks te ondersoek.

1.8.1.2 Beskrywende navorsing

Beskrywende navorsing poog om fenomene omvattend uit te beeld deur 'n narratiewe beskrywing, klassifikasie of die deurgronding daarvan in terme van verhoudings en verwantskappe (Durrheim, 1999). Die navorser gaan poog om die eienskappe, gedrag, houdings en ervarings van die deelnemer op 'n akkurate wyse in haar unieke konteks te beskryf om sodoende 'n omvattende beeld te verkry.

1.8.1.3 Eksploratiewe navorsing

Die doel van eksploratiewe navorsing is om voorlopige ondersoek in te stel na 'n relatiewe onbekende navorsingsveld en op hierdie wyse 'n dieper insig ten opsigte van 'n fenomeen te verkry (Durrheim, 1999). Die navorsing het ten doel om verdere ondersoek aan te

moedig ten opsigte van die toekomstige verfyning en aanpassing van die konsep te stimuleer.

1.8.2 Gevalstudienavorsing

Gevalstudienavorsing gee spesifiek aandag aan die omvattendheid en volledigheid van waarneming, herkonstruksie en analise van 'n bestudeerde geval (Tellis, 1997). Die geval kan geselekteer word na aanleiding van spesifieke eienskappe¹ wat openbaar word of 'n sekere verskynsel illustreer (McMillan & Schumacher, 2001). Vir die doel van die voorgenome studie is gaan ongehude swanger tieners as geval dien. Ongehude swanger dogters sal dus genader word vir deelname aan die studie.

1.9 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die beplande navorsing behels 'n gevalstudie waartydens die hantering van die aanpassingsbehoefte van 'n ongehude swanger tiener aan die hand van lewensontwerpberading ondersoek gaan word. Die betrokke adolessent word gekies na aanleiding van spesifieke eienskappe waarvoor sy beskik.

Die dimensie 'aanpasbaarheid'², asook subdimensies hiervan, soos voorgestel deur Savickas (2005) en Hartung (2007) sal as raamwerk vir die betrokke gevalstudie dien. Die deelnemer sal tydens ko-konstruktiewe gesprekvoering die geleentheid kry om betekenis te konstrueer en aan die verskillende dimensies van aanpasbaarheid te heg. Hierdie proses, sowel as die betekenis wat gekonstrueer is, sal ondersoek word.

1.10 DATA-INSAMELINGSPROSES

In gevalstudies – soos in die meeste ander kwalitatiewe studies – word data-insameling en dataontleding nie as twee aparte prosesse beskou nie, maar as 'n volgehoue, sikliese proses (Lichtman, 2006; Nieuwenhuis, 2007). Gedurende hierdie aaneenlopende proses word data ingesamel, daar word daarvoor gereflekteer, leemtes word geïdentifiseer en aanvullende insamelings word beplan om leemtes aan te spreek³.

1.11 DATAONTLEDING EN INTERPRETASIE

Kwalitatiewe dataontleding is 'n deurlopende proses waarin die insameling, verwerking, ontleding en vertolking van data verweef is en nie noodwendig liniêr verloop nie (De Vos, 2005). Deur 'n proses van induktiewe ontleding word prominente temas ontbloot. Volgens Nieuwenhuis (2007) bevorder induktiewe dataontleding die ryk en diep beskrywing wat in

¹ Verwys asseblief na hoofstuk 3 vir 'n beskrywing van die spesifieke seleksiekriteria waaraan deelnemers moet voldoen.

² Verwys asseblief na hoofstuk 2 vir 'n diepgaande bespreking van die dimensies van aanpasbaarheid.

³ Sien hoofstuk 3 vir 'n volledige bespreking van die data-insamelingsproses wat tydens hierdie studie gebruik gaan word.

hierdie tipe studie verlang word. In die betrokke studie gaan ek vanuit die gevalstudiebenadering tot dataontleding soos voorgestel deur Creswell (2007), te werk gaan. Die betrokke dataontledingstegnieke word volledig in hoofstuk 3 bespreek.

1.12 KWALITEITSEKERINGSKRITERIA

Ten einde die geldigheid en vertroubaarheid van die studie te verhoog, word kwaliteitsversekeringsstrategieë geïmplementeer (Creswell, 2007). Die kwaliteitsversekeringskriteria wat vir die studie geïmplementeer gaan word, word volledig in hoofstuk 3 bespreek.

1.13 NAVORSINGSGESITUEERDHEID

Die navorsing sal plaasvind by die Louis Botha Kinderhuis se fasiliteit in Pretoria vir ongehuide tieners, Berg-en-Dal, aangesien dit vir die deelnemer maklik bereikbaar sal wees.

1.14 ROL VAN DIE NAVORSER

Wanneer kwalitatiewe navorsing onderneem word, is die navorser onvermydelik 'n instrument in die proses en speel sy/haar subjektiwiteit dus 'n belangrike rol (Cohen *et al.*, 2000, Lichtman, 2006). Ek gaan dus 'n interaktiewe rol in die navorsing aanneem en deurlopend betrokke wees by alle aspekte van die studie. Sien hoofstuk 3 vir 'n volledige uiteensetting van my rol tydens die navorsing.

1.15 ETIESE OORWEGINGS

Etiese oorwegings is uiters belangrik wanneer navorsing onderneem word. Verwys na hoofstuk 3 vir 'n volledige uiteensetting van die etiese maatreëls wat ek tydens die navorsing gaan nakom.

1.16 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Aangesien net een geval ondersoek word, is die omvang van die studie uiters beperk. Veralgemening word bemoeilik aangesien hierdie geval nie as verteenwoordigend van 'n populasie gesien kan word nie.

Daar sal deurgaans gepoog word om die geldigheid en vertroubaarheid van bevindings te bevorder. Die subjektiwiteit wat 'n gevalstudie kenmerk, lei daartoe dat die resultate nie geverifieer of met ander vergelyk kan word nie. Bevindings word dus as selektief, persoonlik en subjektief beskryf. Volgens Cohen *et al.* (2000) neig gevalstudies na waarnemer-vooroordeel, wat die omsigtigheid waarmee resultate hanteer moet word, beklemtoon.

1.17 UITEENSETTING VAN HOOFSTUKKE

Hoofstuk 1: Inleidende oriëntering

Hoofstuk 1 bied 'n algemene oorsig oor die studie en sluit die volgende in: inleiding en rasionaal vir die studie, die navorsingsprobleem, navorsingsvrae, doel van die navorsing, konseptuele raamwerk, omskrywing van konsepte, verwagte uitkomst, voorsiene probleme, paradigmatiese perspektief, navorsingsontwerp, data-insamelingstegnieke, data-analise, navorsingsgesitueerdheid, my rol in die navorsing, etiese oorwegings, beperkings en uiteensetting van die hoofstukke.

Hoofstuk 2: Konseptuele raamwerk

Hierdie hoofstuk voorsien 'n konseptuele raamwerk vir die studie. Dit sluit 'n literatuurstudie van die beskikbare bronne in. Ek fokus op bestaande en relevante literatuur wat onder andere verband hou met beroepskonstruksie teorie, lewensontwerpberading, die dimensies van aanpasbaarheid asook ongehude swanger tieners.

Hoofstuk 3: Navorsingsmetodologie

Die navorsingsproses word in hoofstuk 3 in diepte beskryf, asook die navorsingsontwerp en -metodologie wat in die studie gebruik gaan word. Hierbenewens beskryf ek my rol as navorser, die kwaliteitsversekering van die studie, etiese oorwegings wat ek eerbiedig asook uitdagings wat ek gedurende die studie geïdentifiseer het.

Hoofstuk 4: Navorsingsresultate

Hoofstuk 4 sal 'n beskrywing en ontleding van die resultate voorsien.

Hoofstuk 5: Gevolgtrekkings en aanbevelings

In hoofstuk 5 sal die navorser die resultate van die studie opsom en gevolgtrekkings voorlê. Beperkings van die studie en aanbevelings vir toekomstige navorsing sal ook bespreek word.

HOOFSTUK 2

LITERATUURSTUDIE

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk verken ek die hooftemas van my studie. Ek begin deur beroepskonstruksie as 'n post moderne beroepsberadingsteorie en -model te bespreek. 'n Oorsig oor die teoretiese oorsprong van beroepskonstruksie word gegee waarna lewensontwerp as beradingsproses bespreek word. Die teoretiese oorsprong van aanpasbaarheid as een van die hoekstene waarvolgens beroepsgedrag verstaan kan word, word vervolgens bespreek. 'n Bespreking van beroepsaanpasbaarheid as kritiese konstruk vir die verklaring van beroepsontwikkeling word gevolg deur 'n oorsig oor die gepasheid van die konsep aanpasbaarheid sowel as die verskillende dimensies daarvan. 'n Oorsig word verskaf rakende die teoretiese benaderings wat verband hou met die konteks en die sosiale konstruksie van betekenis word bespreek. Ek sluit die hoofstuk af deur die genoemde hooftemas kortliks saam te vat.

2.2 BEROEPSKONSTRUKSIE

2.2.1 'n Wye siening van beroepsontwikkeling

Die veranderende gemeenskap en werksplek van die 21ste eeu dra by tot veranderde sienings van werk, waardes, doelwitte en betekenis wat hiermee verband hou en stel sodoende nuwe sake rakende loopbane aan die orde. Savickas (2008) meen dat veral die kwessie van hoe individue hul sosiale identiteit en gevoel van selfwaarde tydens lewenslange werksveranderings behou, van belang is. Volgens Peavy (in Campbell & Ungar, 2004) bestaan die eertydse siening van 'n logiese, liniêre progressie vanaf skool, werksomgewing, tot aftrede nie meer nie. Om aan hierdie behoeftes gehoor te gee, moet **loopbaanontwikkeling** deur **selfontwikkeling** vervang word (Savickas, 1993). Die beroepskonstruksieteorie gee volgens Savickas (2008) gehoor aan die behoeftes van vandag se mobiele werkers wat moontlik gefragmenteer en verward mag voel wanneer hulle met herstrukturering en transformasie van die werksmag gekonfronteer word.

Om kliënte tydens **selfontwikkeling** te bemagtig in hul strewe na die ontwerp van 'n bruikbare persoonlike raamwerk vir hulle lewens, vereis dat beroepsberaders hul fokus wye en op meer as slegs werksrolle moet stel (Savickas, 1993). Die fokus kring uit na 'n dinamiese siening van 'n werkslewe wat deur die individu as geheel as bevredigend ervaar moet word. Hierdie werkslewe moet telkens herontwerp word om by veranderende behoeftes, belangstellings en lewenservarings aan te pas. Die ontwerp of konstruksie van 'n

werkslewe vind in wese plaas deur die keuses wat gemaak word. Hierdie proses word vervolgens bespreek.

2.2.2 Sinvolle lewens- en loopbaankeuse-uitoefening as (ko-)konstruktivistiese gebeure

Wanneer beroepe vanuit 'n konstruktivistiese en kontekstuele perspektief beskou word, word die aandag gefokus op interpretatiewe prosesse, sosiale interaksie en die onderhandeling van betekenis. Beroepskonstruksieteorie sien beroepe ook as beïnvloedbaar deur die verskillende sisteme waarvan die persoon deel is (Savickas, 2005). Verder word **ontwikkeling** gesien as **aanpassing** by die omgewing eerder as die volwassewording van innerlike strukture (Savickas, 2005). Beroepe word in hierdie proses van aanpassing gekonstrueer deur die **keuses** wat die persoon maak om by sy/haar omgewing aan te pas. Die uitoefen van hierdie keuses, wat beskou kan word as 'n persoon se pogings om op 'n lewensrigting te besluit, maak volgens Hartung (2007) van die beroepskonstruksieteorie 'n moontlike praktiese beradingsmodel. Savickas (1993) sien hierdie pogings as die skep van betekenis of die soeke na sin. Laasgenoemde is nie een van ontdekking nie, maar wel van vindingrykheid en konstruksie. Beroepsberading word op hierdie wyse 'n proses van ko-konstruksie of kan gesien word as 'n sosiale konstruksie van betekenis. Die beradingsproses is dus 'n proses van betekenismaking waarvan die doel volgens Savickas (1993) 'n soeke na bruikbaarheid eerder as 'n navolging van die waarheid is.

Daar word in die volgende gedeelte gekyk na beroepskonstruksie se bruikbaarheid as beradingsmodel en teoretiese raamwerk.

2.2.3 Beroepskonstruksie as beradingsmodel en teoretieseraamwerk

Loopbane ontvou dus nie bloot nie; maar word gekonstrueer deur die keuses wat individue tydens aanpassing by die omgewing maak en waardeur hulle uitdrukking gee aan hul **selfkonsep** en doelstellings in die sosiale realiteit van werksrolle **verweselik** (Savickas, 2005). Indien beroepskonstruksie dan as beradingsmetode gebruik word, rig en lei dit kliënte – volgens Savickas (2005) – tot selfvoltooiing en die maak van sosiale bydraes deur middel van werk. Deur te fokus op praktiese metodes vir beroepsintervensie wat op ontwikkelingsprosesse, individuele verhale en persoonlikheidseienskappe gebaseer is, vestig beroepskonstruksie volgens Hartung (2007) 'n verhouding tussen teorie en praktyk. Dit bied 'n teoretiese raamwerk waarvolgens beroepsgedrag, beroepskeuses en beroepsontwikkeling verstaan kan word en in die praktyk verskaf dit 'n beradingsmodel asook metodes van assessering en intervensie wat persone ondersteun om self hul beroepe te konstrueer. Die gesetelheid van hierdie konstruksie binne 'n sosiale

konstruktivistiese paradigma word vervolgens bespreek.

2.2.4 Beroepsberading as sosiaal konstruktivistiese teorie

In die postmoderne paradigma is die betekenis wat geskep word, subjektief van aard. Hierdie subjektiewe betekenis wat persone aan hul ervarings koppel, staan sentraal tot beroeps**konstruksie**. Konstruksionisme en sosiale konstruktivisme, as postmoderne benaderings, deel die klem wat op die **konstruksie** van betekenis geplaas word. Konstruksionisme fokus egter op die **kognitiewe** prosesse waardeur die individu poog om menslike gedrag te verstaan, terwyl sosiale konstruktivisme die **skep van betekenis** deur verhoudings beklemtoon (Blustein, Palladino, Schultheiss & Flum, 2004). Tydens beroepskonstruksie is die sosiale betekenis wat deur verhoudings gekonstrueer word van belang en daar word dus binne 'n sosiaal konstruktivistiese benadering gewerk. Hierdie perspektief sien kennis en betekenis as gekonstrueer deur verhoudings wat binne 'n spesifieke kulturele, sosio-ekonomiese en sosiopolitieke konteks gesetel is (Blustein, Palladino Schultheiss & Flum, 2004). Die subjektiewe betekenis wat aan ervarings geheg word, kan dus nie geskei word van die konteks waarbinne die konstruksie plaasgevind het nie. Beroepe word dus kontekstualisties sowel as konstruktivisties beskou. Vervolgens word daar gefokus op die teoretiese oorsprong van beroepskonstruksie.

2.3 DIE TEORETIESE OORSPRONG VAN BEROEPSKONSTRUKSIE

Beroepskonstruksie is in wese 'n postmoderne benadering (Savickas, 1993) aangesien dit onder andere die subjektiewe ervaring van individue, asook die kompleksiteit van kontekste, kulture en individue erken en as van waarde ag (Jansen, 2004). Beroepskonstruksie vul Super se lewenspan-lewensruimte-teorie aan (Hartung, 2007) om die grondslag van hierdie teorie in 'n multikulturele samelewing en globale ekonomie te kan gebruik (Savickas, 2005). Beroepskonstruksie kan dus volgens Hartung (2007) gesien word as 'n omvattende teorie wat die segmente van Super se lewenspan-lewensruimte-teorie omvat deur aan vier fundamentele dimensies van beroepsgedrag en die ontwikkeling daarvan aandag te skenk. Hierdie dimensies is lewenstruktuur, beroepsaanpasbaarheid, beroepspersoonlikheid en lewenstemas. Beroepskonstruksie gebruik 'n narratiewe paradigma – in die vorm van 'n konstruktivistiese loopbaanberadingsmodel en beradingsmetodes – om hierdie vier dimensies toe te pas in die vorm van 'n konstruktivistiese loopbaanberadingsmodel en beradingsmetodes wat 'n kliënt aanmoedig om as outeur op te tree in sy/haar eie beroepstorie en om sodoende sy/haar ondervindings van werk as 'n persoonlik betekenisvolle konteks vir ontwikkeling en 'n sosiaal relevante onderneming te versterk (Hartung, 2007; Savickas, 1997).

Die segmente van Super se teorie word volgens Watson en Stead (2006) by die

meer omvattende teorie van beroepskonstruksie geïntegreer. Die segmente van Super se lewenspan-lewensruimte-teorie wat deur die beroepskonstruksieteorie omvat word, is groei, eksplorasië, vestiging, bestuur en losmaking. Soos vroeër gestel (sien paragraaf 1.1.1.6), brei die beroepskonstruksieteorie egter Super se teorie uit. Daar word geargumenteer dat 'n persoon in 'n maksi-siklus (ten minste een keer deur al die ontwikkelingsstadia) of in 'n mini-siklus (herhaaldelik deur die stadia namate die persoon by verandering in die omgewing aanpas) deur die verskillende ontwikkelingsberoepstadia kan beweeg. In elke beroepstadium en die ontwikkelingstake wat daarmee verband hou, is daar 'n primêre aanpassingsdoelwit (Watson & Stead, 2006; Savickas, 1997). Die take wat met elke stadium geassosieer word, moet almal voltooi word sodat 'n grondslag vir sukses en toekomstige aanpasbaarheid gebou kan word en die moontlikheid van latere moeilikhede beperk kan word (Savickas, 2005; Nel, 2006).

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat dit belangrik is om nie net te fokus op beroepsontwikkeling nie, maar eerder op die ontwerp van 'n bevredigende lewe. Die ontwerp van hierdie lewe word vervolgens bespreek.

2.4 'n LEWENSONTWERPBERADINGSPEKTIËF

2.4.1 Lewensontwerpberading en diversiteit

Beroepsberading in die postmoderne era fokus volgens Savickas (1993) daarop om kliënte in staat te stel om hul eie lewensplan te ontwerp. Hierdie behoefte spruit uit die gevoel dat die konsep van 'n passing tussen 'n persoon en sy/haar omgewing ontoereikend is, aangesien dit eenvoudig nie genoeg ruimte vir **menslike diversiteit** toelaat nie. Indien daar in ag geneem word dat Super reeds die self as in vele rolle en situasies definieerbaar, herdefinieerbaar en gekontekstualiseer gesien het (Watson & Stead, 2006), raak dit duidelik dat die self nie as staties en objektief beskou kan word nie. Dit maak die idee van 'n passing tussen persoon en omgewing selfs meer ontoereikend. Savickas (1993) is gevolglik van mening dat beroepsberading eerder vryheid van uitdrukking op so 'n wyse moet stimuleer en "voed" dat persone self 'n **unieke lewensplan** kan opstel of ontwerp. Lewensontwerpberading fokus juis op die opstel van so 'n intervensie, strategie of plan. Lewensontwerpberading as 'n beroepsintervensie word vervolgens bespreek.

2.4.2 Lewensontwerpberading as beroepsintervensie

Tydens lewensontwerpberading word die beginsels van die beroepskonstruksieteorie toegepas op die praktyk van assessering en intervensie. Volgens Savickas (1995) is heelwat aandag geskenk aan die bevordering van beroepsontwikkeling wat die subjektiewe ervaring van 'n beroep aanspreek en kennis as sosiaal gekonstrueer sien, maar die konstruktivistiese siening van beroepsintervensie het min aandag ontvang.

Lewensontwerpberading probeer hierdie leemte aanspreek.

Lewensontwerpberading maak staat op 'n baie ryker siening van 'n individu se betrokkenheid in sy/haar beroepslewe. Die fokus is ook nie uitsluitlik op loopbaan of op beroep nie, maar op die lewe, die faktore wat deurlopend 'n invloed op die persoon uitoefen en die persoon se vermoëns en besluite. Tog is dit die storielyn wat belangrik is, eerder as die eenhede waaruit hierdie storie bestaan (Hartung, 2007). Die berader interpreteer die inligting wat deur die kliënt verskaf word in 'n betekenisvolle, samehangende storie en luister deurentyd vir die tema wat uit die lewe van die kliënt na vore kom (Hartung, 2007). Tydens lewensontwerpberading word gepoog om insig te verkry in hoe alle aspekte van 'n individu se lewe deel van sy/haar beroep vorm (Campbell & Ungar, 2004). Kliënte word aangemoedig om 'n verkose toekoms te ontwerp. Hierdie ontwerp vind plaas deur onder andere interaksie met die beroepsfasiliteerder waar betekenis aan bestaande en toekomstige stories geheg word. Nie net neem die ontwerp die verskeie rolle wat die persoon vervul in ag nie, dit inkorporeer ook die verskillende sisteme en kontekste waarvan die persoon deel is (Campbell & Ungar, 2004). Dit erken dus die komplekse, subjektiewe en interafhanklike bestaan van die kliënt. Verder is dit nie beperk tot die neem van 'n enkele besluit nie, maar eerder tot 'n unieke, lewenslange proses (Hartung, 2007).

Bogenoemde bespreking noem dat lewensontwerpberading sisteme en kontekste in ag neem. Die intervensie proses vind egter ook in 'n unieke sisteem plaas. Hierdie aspek word vervolgens kortliks bespreek.

2.4.3 Die sistemiese aard van lewensontwerpberading

Tydens beroepsfasilitering skep die kliënt en fasiliteerder hul eie unieke subsisteem. Gedurende die ko-konstruktiewe proses van lewensontwerp vind daar voortdurende interaksie tussen die sisteme van beide plaas, aangesien die fasiliteerder en kliënt elk hul eie subjektiewe belewingswêreld, waardes, oortuigings en sienings na die fasiliteringsproses bring. Die belewingswêreld van die kliënt word tydens fasilitering uitgebrei deur sienings en subjektiewe betekenis wat die kliënt en fasiliteerder aan konsepte heg, te bespreek en te rekonstrueer.

Beperkte studies en besprekings met betrekking tot hierdie fasiliteringsproses, metode en toepassing van lewensontwerp is in die literatuur beskikbaar. Een model wat as relevant tot die onderhawige studie beskou word, word in die volgende gedeelte bespreek.

2.4.4 Bestaande modelle vir lewensontwerpberading

Campbell en Ungar (2004) moedig kliënte aan om deur spesifieke aspekte of episodes te beweeg en sodoende deur middel van ko-konstruksie, 'n voorkeurlewe in die vorm van 'n verhaal te ontwerp. Aangesien hul lewensontwerpmodel die diversiteit van mense in ag

neem, begin die proses by die betrokke individu se mees prominente en gepaste aspek. Die sewe episodes waardeur 'n kliënt beweeg, is om (a) te weet wat hy/sy wil hê, (b) te weet wat hy/sy het, (c) te weet wat hy/sy hoor, (d) te weet wat hom/haar beperk, (e) sy/haar voorkeurverhaal te beplan, (f) in sy/haar storie te groei en (g) uit sy/haar storie te groei. Die individu se aandag word op hierdie wyse op die ontwikkelende storielyn van sy/haar lewe gefokus (Campbell & Ungar, 2004). Alhoewel hierdie model teoreties gepas is, bestaan daar 'n leemte in die literatuur met betrekking tot die individu se persoonlike ervaring van lewensontwerpberading, asook die implikasies van die proses vir die individu se lewe (Pollard, 2008).

In die VSA bied die staatsuniversiteit van Colorado 'n suksesvolle en gestruktureerde lewensbeplanningsprogram vir adolessente aan (Zunker, 1998). Aktiwiteite soos die visualisering van 'n lewenslyn, die identifisering van rolle, tipiese en voorkeuroekoms van die individu, fantasering, die identifisering van behoeftes en doelwitte in ooreenstemming met persoonlikheid, die verheldering van belangstellings en drome, die neem van verantwoordelikheid vir huidige rolle, asook die stel van korttermyn- en langtermyn doelwitte, word individueel verrig en in groepe bespreek (Zunker, 1998). Hierdie groepsbesprekings bevorder volgens Zunker (1998) nie net refleksie en insig ten opsigte van die lewensontwerpproses nie, maar individue baat ook by die besprekings met ander adolessente wat hulle in 'n soortgelyke situasie bevind. Zunker (1998) noem die sterkpunte van lewensontwerpberading – onder andere dat persone 'n groter mate van selfbewustheid ervaar en 'n toenemende bewuswording van hul verantwoordelikheid in terme van 'n voorkeuroekoms ontwikkel – maar verskaf volgens Pollard (2008) nie 'n ryk en diepgaande beskrywing van die persoonlike ontwikkeling van die individu of spesifieke aspekte in die proses waarby adolessente sal baat nie. Verder word die beperkings van lewensontwerpberading in die groepkonteks ook nie geëvalueer nie.

Aanpasbaarheid word vervolgens as 'n kritiese konstruk van die beroepskonstruksieteorie bespreek.

2.5 AANPASBAARHEID

2.5.1 Inleiding

Savickas (1997) definieer aanpasbaarheid uit die oogpunt van die voorspelbare en die onvoorspelbare. Aanpasbaarheid (volgens hierdie definisie) is nie net die vermoë om die voorspelbare take van die gereedmaak vir en deelname aan 'n werksrol te hanteer nie, maar ook om reg te wees vir die onvoorspelbare aanpassings by veranderings in werk en werksomstandighede. Watson en Stead (2006) stem saam met hierdie definisie, maar voeg by dat aanpasbaarheid ook te make het met die balans wat die individu tussen 'n werksrol en ander lewensrolle tref. Die term impliseer dat 'n individu kan verander om by

verandering aan te pas en dat daar deurentyd 'n behoefte is om op veranderende omstandighede te reageer.

Aanpasbaarheid het 'n essensiële eienskap geword van werkers in die hedendaagse vinnig veranderende werkswêreld. Verder is aanpasbaarheid 'n kritiese konstruk in die beroepskonstruksieteorie om beroepsontwikkeling te verklaar (Hartung, 2007; Hartung, Porfeli & Vondracek, 2008; Savickas, 1997;). Hierdie dimensie van die beroepskonstruksieteorie fokus op ontwikkelingstake en rol-oorgange waardeur individue gekonfronteer word en die hanteringstrategieë wat hulle gebruik om bepaalde oorgange en veranderings te probeer hanteer. Beroepsontwikkelingstadia en -take word saamgestel uit die gemeenskap se verwagtings wat individue as beroepsbelange ondervind. Dit behels toenemende selfkennis, ondersoek van beroepe, maak van besluite, vestiging van stabiele verbintenisse en die losmaking van rolle (Hartung, 2007).

Die oorsprong van die konsep "aanpasbaarheid" word vervolgens bespreek.

2.5.2 Kerndimensies van beroepsaanpasbaarheid

Volgens Hartung *et al.* en sy medeskrywers (2008) behoort kinders 'n verskeidenheid ondervindings te beleef om sodoende die basiese beginsels van beroepsaanpasbaarheid te bemeester. Hierdeur word grondslaghoudings, oortuigings en bevoegdhede bevorder wat hulle in staat stel om 'n toekoms te visualiseer, opvoedkundige en beroepsbesluite te neem, die self en moontlike beroepe te ondersoek en probleme op te los. Hierdie houdings, oortuigings en bevoegdhede verteenwoordig volgens Savickas (in Hartung *et al.*, 2008) kerndimensies van beroepsaanpasbaarheid as belangrike konstruk in die teorie en praktyk van beroepskonstruksie. Verder beïnvloed hierdie vaardighede, wat Hartung (2007) die Beroepskonstruksie ABC (*attitudes, beliefs and competencies*) noem, die strategieë wat gebruik word om probleme op te los, asook die gedrag wat gebruik word om beroepselfkonsep met werksrolle gedurende die lewensloop in ooreenstemming te bring (Savickas, 2005). Die Beroepskonstruksie ABC bestaan uit vier basiese dimensies van beroepsaanpassing wat elk 'n spesifieke ontwikkelingstake hanteer. Die dimensies is belang, beheer, nuuskierigheid en selfvertroue (Hartung, 2007).

Vervolgens word daar op die teoretiese oorsprong van beroepsaanpasbaarheid gefokus.

2.5.3 Die teoretiese oorsprong van beroepsaanpasbaarheid

Die beroepskonstruksieteorie gebruik beroepsaanpasbaarheid as een van vier hoekstene om beroepsgedrag mee te verstaan. Die ander drie is lewensstruktuur, lewenstemas en persoonlikheidstyl (Hartung, 2007). Die aanpassingsegment van die beroepskonstruksieteorie het te make met **ontwikkelingstake** en roloorgange, asook met

die strategieë wat gebruik word om verandering te hanteer. Beroepsontwikkelingsstadia en take word gevind in Donald Super se beroepsontwikkelingsteorie. Die name van die onderskeie stadia reflekteer die belangrikste ontwikkelingsaktiwiteit wat normaalweg met die betrokke ouderdom geassosieer word (Watson & Stead, 2006). Die stadia is groei, eksplorasië, vestiging, bestuur en losmaking (Hartung, 2007; Watson & Stead, 2006) en word kortliks in Tabel 2.1 weergegee.

Die konsepte “beroepsvolwassenheid” en “beroepsaanpasbaarheid” het oorspronklik na spesifieke lewensstadia in die beroepsontwikkelingsteorie verwys (Watson & Stead, 2006). Hersienings en herkonstruksies van Super se teorie stel volgens Savickas (1997) voor dat “beroepsaanpasbaarheid” “beroepsvolwassenheid” moontlik kan vervang indien aanpasbaarheid oor die algehele lewensspan in ag geneem word, eerder as dat dit bloot gesien word as ’n konsep wat in ’n sekere lewensstadium van toepassing is.

Volgens Watson en Stead (2006) verwys beroepsvolwassenheid na die individu se beroepsgedrag in vergelyking met gedrag wat van iemand in die betrokke ouderdomsgroep en lewensstadium verwag sou word. Aanvanklik is beroepsvolwassenheid gebruik om adolessente se gereedheid om opvoedkundige en beroepskeuses te maak te beskryf (Savickas, 1994). Die voltooiing van die volgende spesifieke ontwikkelingsstake dui volgens Watson en Stead (2006) beroepsvolwassenheid aan:

- Die inwin van gepaste selfkennis
- Die demonstrasie van doeltreffende besluitnemingsvaardighede
- Voldoende kennis van beroepe
- Die vermoë om kennis van self en beroepe te integreer
- Die vermoë om vir ’n beroep te beplan

Vanweë ’n vinnig veranderende werksplek in ’n postindustriële era beweeg volwassenes volgens Savickas (1994) soms terug op die beroepsontwikkelingskontinuum wanneer hulle van beroep verander. Die voltooiing van bogenoemde ontwikkelingsstake geskied dus nie eenmalig nie. Om beroepsvolwasse te bly, moet ’n persoon voortdurend nuwe selfkennis inwin, doeltreffende besluitnemingsvaardighede demonstreer, voldoende kennis van beroepe toon, kennis van die self en beroepe integreer en ’n vermoë toon om ’n nuwe beroep te beplan. Watson en Stead (2006) verduidelik die verband tussen beroepsvolwassenheid en beroepsaanpasbaarheid wanneer hulle dit stel dat beroepsvolwassenheid aaneenlopende aanpasbaarheid ten opsigte van ’n individu se beroepsorgange impliseer.

Savickas (1997) stel dit dat ten einde die segmente van Super se teorie suksesvol te verbind, die begrip “beroepsvolwassenheid” met “beroepsaanpasbaarheid” as die sentrale konstruk in die beroepsontwikkelingsteorie vervang moet word. Dit impliseer dat die term “beroepsvolwassenheid” nie meer net na die spesifieke stadium van eksplorasië sal verwys nie en dat “beroepsaanpasbaarheid” nie bloot tydens die vestiging-stadium van toepassing

sal wees nie.

In die beroepskonstruksieteorie sien Savickas (2005) aanpasbare individue as diegene wat hulself oor hul toekoms as werkers bekommer, wat hul beheer oor hul beroepstoekoms laat toeneem, wat nuuskierig is om hul moontlike self en moontlike beroep te ondersoek, en wat in selfvertroue toeneem deur hul aspirasies na te volg.

Tabel 2.1: Beroepsonwikkelingstadia

Stadia	Kenmerke
Groei	<ul style="list-style-type: none"> • Aanvanklike stadium: 4-13 jaar. • Konsentreer hoofsaaklik op die vorming van 'n realistiese selfkonsep. • Die selfkonsep voorsien 'n voorstelling van persoonlike sterk punte, beperkings, belangstellings, waardes, vermoëns, persoonlikheid en talente. • Die individu verkry 'n toekomsgerigte oriëntasie. • Individu moet hom/haar in 'n verskeidenheid rolle kan voorstel en die relatiewe belangrikheid van hierdie rolle kan verstaan.
Eksplorاسie	<ul style="list-style-type: none"> • Aanvanklike stadium: 14-24 jaar. • Fokus op die verkryging van inligting wat met die self en beroepe verband hou. • Individu moet geleenthede in die wêreld van werk leer ken, sy/haar selfkonsep binne 'n beroep implementeer en alternatiewe beroepe ondersoek. • Beroepsvolwassenheid ontwikkel deur die verkenning van beroepsrolle, uitbreiding van kennis m.b.t. besluitnemingsbeginsels en die beroepswêreld.
Vestiging	<ul style="list-style-type: none"> • Aanvanklike stadium: 25-44 jaar. • Sentreer rondom die implementering van die selfkonsep in die beroepsrol ten einde kohesie te verkry tussen die innerlike en uiterlike wêreld wat betekenis aan die lewe gee. • Individu stabiliseer en verkry sekuriteit in die wêreld van werk, ontwikkel 'n positiewe houding en produktiewe gewoontes, verfyn selfkonsep.
Bestuur	<ul style="list-style-type: none"> • Aanvanklike stadium: 45-65 jaar. • Sentreer rondom die behoud van wat reeds bereik is, uitbreiding van kennis en vaardighede.

	<ul style="list-style-type: none"> • Individu kom voor 'n keuse te staan of hy/sy in hierdie posisie wil bly en of hy/sy weer eens deur eksplorasië of vestiging wil beweeg. • Aanpassing is sentraal tot hierdie fase, aangesien die individu by verandering in die self en sy/haar beroep moet aanpas.
Losmaking	<ul style="list-style-type: none"> • Aanvanklike stadium: 65 jaar en ouer. • Fokus op die agterlaat van die beroepsrol asook om toenemend tyd aan ander areas van die lewe te bestee. • Produktiwiteit begin afneem, beroepsverwante aktiwiteite verminder, ondersoek na aftrede begin. • Aspekte wat met aftrede verband hou, word ondersoek.

(Soos aangepas uit Hartung, 2007:108-109, Watson & Stead, 2006)

Uit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat standhoudende **beroepsvolwassenheid** voortdurende **aanpassing** by die werksomgewing vereis. Indien daar dan ingedagte gehou word dat beroepskonstruksieteorie **ontwikkeling** sien as aanpassing by die omgewing, raak die beduidendheid van die verband tussen hierdie drie konsepte duidelik. Beide konsepte “beroepsvolwassenheid” en “aanpassing” vind hul oorsprong in Super se beroepsonwikkelingsteorie. Alhoewel die begrip “beroepsonwikkeling” dus as die oorkoepelende konsep beskou kan word, is die konsep “aanpasbaarheid” egter sentraal tot hierdie beperkte studie en sal dus eerder op gefokus word. Verder is die konsep “beroepsvolwassenheid” volgens Savickas (1997) nie langer voldoende nie en moet eerder met die konsep “aanpasbaarheid” vervang word. Die redes hiervoor word vervolgens kortliks bespreek.

2.5.4 Van beroepsvolwassenheid tot beroepsaanpasbaarheid: die evolusie van die konsep “beroepsvolwassenheid” as komponent van beroepsonwikkeling

Donald Super konseptualiseer beroepsonwikkeling as 'n proses van leer en groei in terme van lewensstadia en ontwikkelingstake (Savickas, 1994; Hartung, 2007). Die model vir die beroepsvolwassenheid van adolessente wat dui op hul gereedheid om opvoedkundige en beroepskeuses te maak is moontlik die beroepsonwikkelingsteorie van Super se mees beduidende bydraë tot die veld van beroepsberading (Savickas, 1997; 1994; Hartung *et al.*, 2008; Watson & Stead, 2006; Ebberwein, Krieshok, Ulven & Prosser, 2004). Borges, Richard en Duffy (2007) stem saam dat beroepsvolwassenheid dui op die bevoegdheid om deurdagte beroepsbesluite te neem, maar stel dit dat persone ten opsigte van hierdie

bevoegdheid groei en toenemend vaardig word. Hulle beskou beroepsvolwassenheid dus nie as 'n statiese punt op 'n voorspelbare en liniêre kontinuum van ontwikkelingstake nie, maar eerder as 'n dinamiese proses wat tot ontwikkeling bydra.

Alhoewel Super die beroepsvolwassenheid-aspek van sy teorie later uitbrei om die hele lewensloop aan te spreek, bly die fokus op 'n strukturele model van beroepsvolwassenheid vir adolessente (Savickas, 1997). Hierdie model beskryf beroepsvolwassenheid aan die hand van 'n houdingsdimensie en 'n kognitiewe dimensie (Savickas, 1997). Die houdingsdimensie van beroepsvolwassenheid verwys na die persoon se ontwikkeling van 'n gepaste repertoire van beplanning en ondersoekende gedrag wat effektiewe beroepsbesluitnemingsgedrag bevorder. Die kognitiewe aspek van beroepsvolwassenheid behels die inwin van kennis rakende die inhoud en proses van beroepsbesluitneming en die wêreld van werk (Hartung *et al.*, 2008). Die take wat hierdie twee dimensies omsluit, word deur Super as ontwikkelingstake beskryf (Watson & Stead, 2006).

Die vraag na hoe hierdie verskillende dimensies van beroepsvolwassenheid verbind kan word, vind volgens Savickas (1997) ook sy antwoord in Super se teorie. Leer en besluitneming is volgens die skrywer beide komponente van aanpassing. Aanpassing stel 'n buigbaarheid voor in die individu se respons op die omgewing en bevat nie die negatiewe konnotasies wat soortgelyke woorde soos regstel, akkommodeer en konformeer het nie. Die woord koester volgens Savickas (1997) ook 'n teleologiese oogpunt deur die doel waarvoor die verandering gemaak moet word te beklemtoon. Deur klem te plaas op die interaksie tussen die individu en die omgewing, word die verband wat dit hou met die kontekstuele en multikulturele aspekte van werk uitgelig (Savickas, 1997; Ebberwein *et al.*, 2004; Hartung *et al.*, 2008).

Na aanleiding van die voorafgaande bespreking kan dit gestel word dat “aanpasbaarheid” “beroepsvolwassenheid” tot so 'n mate aanvul, dat dit eerder sentraal tot beroepsontwikkeling kan staan (Savickas, 1997). Hierdie aspek word vervolgens kortliks bespreek.

2.5.5 Die sentraliteit van die konsep “aanpasbaarheid” tot ontwikkeling

Beide volwassenheid en aanpasbaarheid is konstruksie wat deel van Super se beroepsontwikkelingsteorie vorm (Watson & Stead, 2006; Hartung, 2007). Die beroepsaanpassingsdimensie van die beroepskonstruksieteorie gee aandag aan ontwikkelingstake en rolverandering, asook aan die strategieë wat individue gebruik om dit te hanteer (Hartung, 2007). Albei konstruksie (volwassenheid en aanpassing) het te make met ontwikkeling, maar waar volwassenheid die voltooiing van 'n ontwikkelingspad impliseer, is “aanpasbaarheid” 'n dinamiese konsep wat na voortdurende ontwikkeling verwys. Die ontwikkelingsdraad van die beroepskonstruksieteorie fokus op groei en

verandering in beroepsgedrag oor tyd (Hartung, 2007). 'n Konstruk wat na die voltooiing van 'n ontwikkelingspad verwys, sal dus vir die doel van hierdie teorie minder gepas wees as 'n dinamiese konstruk wat na aaneenlopende ontwikkeling verwys. Savickas (1997) is van mening dat Super se teorie vereenvoudig word deur beroepsaanpasbaarheid eerder as beroepsvolwassenheid sentraal te plaas, aangesien dit 'n enkele konstruk gebruik wat die ontwikkeling van kinders, adolessente en volwassenes verduidelik.

Die gepastheid van die konsep “(beroeps-)aanpasbaarheid” as fokuspunt in lewensontwerpberading ten einde kliënte te begelei om lewensorgange te hanteer word vervolgens bespreek.

2.5.6 Die gepastheid van die konsep “(beroeps-)aanpasbaarheid” as fokuspunt in lewensontwerpberading ten einde kliënte te begelei om lewensorgange te hanteer

Soos telkens reeds vermeld, staar 'n toenemende aantal volwassenes ekonomiese en organisatoriese veranderings in die gesig, wat hul beroepslewe op onvaste grond laat (Schreuder & Coetzee, 2006). Hierdie veranderings noodsaak die vraag na watter vaardighede benodig word om hierdie skommelings te hanteer. Volgens Savickas (1994) beantwoord Super dit reeds met die teoretiese ontwikkeling van die konsep "aanpasbaarheid".

Savickas (1997) glo dat die integrasie van die lewensspan-lewensruimte en selfkonsep-segmente van Super se teorie verbeter word deur die individu se aanpassing by dié omgewingskonteks, asook telkens 'n enkele bron van motivering te beklemtoon. Die skrywer is van mening dat die uitbreiding van die teorie ondersteun word deur op aanpassing te fokus, aangesien dit die gebruik van konseptuele modelle uit ander dissiplines soos die ontwikkelings-, sosiale en persoonlikheidsielkunde aanmoedig.

Deur die klem eerder op aanpasbaarheid as op beroepsvolwassenheid te plaas sal beraders hul aandag daarop fokus om hul kliënte gereed te maak om verandering te hanteer (Savickas, 1997; Campbell & Unger, 2004). Volgens Savickas (1997) behels aanpasbaarheid planmatige houdings, ondersoek van die self en omgewing, asook ingeligte besluitneming. Wanneer daar op aanpasbaarheid gefokus word, rig beraders hul kliënte op die toekoms om sodoende veranderings en keuses te voorsien, moontlikhede te ondersoek en rigtings te kies wat die ontwikkeling van die individu bevoordeel.

Savickas (1997) is ook van mening dat die konstruk "beroepsaanpassing" by die vinnig veranderende tegnologie en ekonomie inpas. Dit help om die aandag te vestig op die behoefte aan en probleme van lewensiklusorgange, soos byvoorbeeld die oorgang van skool na werk, 'n oorgang wat eerder 'n aanpassingsuitdaging as 'n volwassewordingstaak is.

In die volgende gedeelte word die verskillende dimensies van aanpasbaarheid bespreek. Eerstens word op die kontekstualistiese aard van hierdie dimensies gefokus.

2.5.7 Dimensies van beroepsaanpasbaarheid

2.5.7.1 Die kontekstualistiese aard van die dimensies van beroepsaanpassing

Beroepsaanpasbaarheid impliseer volgens Hartung (2007) nie net beroepstadië en take wat inherent by die mini-siklus en maksimale-siklus van beroepsontwikkeling betrokke is nie (Savickas, 2005); dit is ook die oorsprong van bepaalde houdings, oortuigings en bevoegdhede (*attitudes, beliefs* en *competencies*, oftewel die ABC van beroepsontwikkeling). Indien daar in gedagte gehou word dat dit die primêre doel van beroepskonstruksie (volgens Hartung, 2007) is om kliënte se beroepsaanpasbaarheid in so 'n mate te verbeter dat hulle hul eie ontwikkeling meer doeltreffend kan bestuur (Hartung, 2007), raak dit duidelik hoe belangrik dit is om hierdie houdings, oortuigings en bevoegdhede te koester. Savickas (2003) verwys ook aanvanklik na enkele van die dimensies van beroepsaanpasbaarheid as psigososiale sterkpunte wat uitgebrei kan word en sodoende ontwikkeling kan ondersteun.

Savickas (2003) se beskrywing van die konteks waarin hierdie dimensies of sterkpunte vereis en gekweek word, fokus die aandag op die kontekstualistiese aard van die beroepskonstruksieteorie, asook op die teorie se siening van ontwikkeling as 'n proses van aanpassing. Die skrywer is van mening dat 'n individu, as selforganiserende sisteem met eiesoortige doelwitte, herhaaldelik gekonfronteer word met die sosiale verwagting dat hy/sy 'n werksrol moet beklee. Waar individue die doelwit nastreef om 'n lewe vir hulself uit te kerf, koester die gemeenskap die verwagting dat elke persoon 'n beroepsrol sal vervul as deel van die oorkoepelende doelwit dat lede tot die welstand van die gemeenskap sal bydra. Die kultuur van die gemeenskap organiseer individuele verskeidenheid tussen die lede en skep sodoende die geleentheid vir individue om indirek by die fisiese omgewing aan te pas deur direk by die kultuur aan te pas. Soos individue hulself deel van die gemeenskap maak deur die sosiale rolle wat hulle vervul, is doeltreffende aanpassing nodig sodat beide die individu en die gemeenskap kan floreer. Die selfkonsep, gewoonlik in die vorm van selfdefiniërende narratiewe, rig aanpassingstransaksies deur tussen kulturele geleenthede en hindernisse heen te stuur. Elke aanpassingstransaksie behoort die groep te versterk en die individu se vermoë om aan te pas te verbeter (Savickas, 2003).

Vervolgens word daar kortliks na die psigososiale oorsprong van hierdie dimensies gekyk.

2.5.7.2 Die psigososiale oorsprong van die dimensies van beroepsaanpassing

Die aanpassings wat nodig is om die self en die rol te laat saamsmelt, produseer volgens Savickas (2003) beroepsontwikkeling. Om hierdie aanpassings te maak, vereis weer sekere psigososiale sterkpunte en dit is juis in hierdie psigososiale sterkpunte waar die vier dimensies van beroepsaanpasbaarheid hul oorsprong vind. Volgens Savickas (2003)

konsentreer beroepsberading op ses van hierdie sterkpunte: belang, beheer, oortuiging, bevoegdheid, verbintenis en konneksie. Savickas (2005) noem later twee van hierdie – belang en beheer – as dimensies van aanpasbaarheid en voeg nuuskierigheid en selfvertroue by.

Die volgende gedeelte bied 'n bondige oorsig oor die struktuur van die genoemde dimensies.

2.5.7.3 Die struktuur van die dimensies van beroepsaanpassing

Die strategieë wat tydens beroepsaanpassing betrokke is, word deur historiese era beïnvloed. Dit is afhanklik van die plaaslike situasie en veranderbaar oor sosiale rolle. Vir die doel van die beroepskonstruksieteorie definieer Savickas (2005) globale dimensies van beroepsaanpasbaarheid en organiseer hierdie dimensies in 'n strukturele model met drie vlakke. Op die hoogste en mees abstrakte vlak plaas Savickas (2005) vier dimensies, elk volgens funksie genoem: belang, beheer, nuuskierigheid en selfvertroue. Hierdie vier dimensies verteenwoordig algemene aanpasbare hulpbronne en strategieë wat deur individue gebruik word om kritiese take, oorgange en traumas tydens die proses van beroepskonstruksie te bestuur (Savickas, 2005 en Hartung, 2007).

Op die intermediêre vlak plaas Savickas (2005) 'n stel funksionele en homogene veranderlikes vir elk van die vier algemene dimensies. Elke stel intermediêre veranderlikes sluit die spesifieke houding, oortuiging en bevoegdhede in, wat vorm aan die konkrete hanteringsgedrag verskaf. Laasgenoemde word gebruik om ontwikkelingstake te bemeester, beroepsoorgange te bestuur en persoonlike traumas op te los. Verder kan hierdie veranderlikes gesien word as meganismes vir die samevoeging van beroepselfkonsepte met werksrolle. Waar houdings beskryf kan word as die affektiewe veranderlikes of gevoelens wat gedrag aanvuur, kan oortuigings weer gesien word as die konatiewe veranderlikes of neigings wat gedrag rig. Hierdie houdings en oortuigings maak dit moontlik vir persone om op 'n sekere wyse op te tree en vorm so disposisionele responsgeneigdhe. Kognitiewe bevoegdhede wat insig en probleemoplossingsvaardighede insluit, dui hulpbronne aan wat nodig is vir die maak en implementering van beroepsbesluite. Die ontwikkeling en gebruik van bevoegdhede word deur gesindhede gevorm. Die kognitiewe bevoegdhede daarenteen moduleer beroepsgedrag, wat deur die derde en mees konkrete vlak van die strukturele model van beroepsaanpassing voorgestel word. Beroepsgedrag bestaan uit die vele hanteringsresponse wat beroepsontwikkeling en die konstruksie van beroepe tot gevolg het (Savickas, 2005).

Hierdie studie fokus juis op hierdie houdings, oortuigings en bevoegdhede wat in die voorafgaande bespreek is. Elke dimensie word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

2.5.7.4 Die vier dimensies van beroepsaanpasbaarheid

i *Beroepsbelang*

Die individu se belang by sy/haar eie beroepstoekoms is van die uiterste belang en volgens Savickas (2005) is dit die eerste en belangrikste dimensie van beroepsaanpasbaarheid. Savickas (2003) is van mening dat beroepsontwikkeling berus op die oortuiging dat mense 'n **toekoms** het waarvoor dit die moeite werd is om hulle voor te berei en dat sodanige voorbereiding daardie toekoms sal verbeter. Sonder die oortuiging dat die toekoms werklik is en dat hulle hulle daarop kan voorberei, raak mense pessimisties en gevul met 'n gevoel van hopeloosheid. Deur gebeure te antisipeer, raak die toekoms meer werklik en verhoog nie net die gevoel van aaneenlopendheid wat huidige gedrag met toekomstige uitkomst verbind nie, maar ook optimisme rakende die bereikbaarheid van doelwitte (Hartung, 2007). Hierdie oogpunt ondersteun beroepskonstruksie deur die besef dat die persoon se huidige beroepsituasie deur vorige ondervindings gevorm is. Die gedagte van 'n aaneenlopende proses van konstruksie word sodoende versterk, aangesien vorige ondervindings deur die huidige situasie aan 'n gekose toekoms verbind word. Deur waarde aan die aaneenlopendheid van ondervindings te heg, laat die individu volgens Savickas (2005) toe dat huidige aktiwiteite aan sy/haar beroepsaspirasies en visie van 'n moontlike self gekoppel word. Hierdie gevoel van aaneenlopendheid laat individue toe om te visualiseer hoe vandag se poging môre se sukses bou (Savickas, 2005).

Beroepsberading koester die ontwikkeling van 'n **toekomsgeoriënteerdheid** aangesien dit die kliënt se **planmatigheid** verhoog oor hoe hy/sy wil reageer op die gemeenskap se verwagting dat hy/sy 'n werksrol sal inneem. Houdings van planmatigheid en optimisme vestig 'n gevoel van belangstelling aangesien dit die individu predisponeer om bewus te raak van beroepstake en beroepsoorgange waarmee hy/sy gekonfronteer word en keuses wat in die nabye en verre toekoms gemaak moet word (Savickas, 2005).

Beroepsbelang verskaf 'n gevoel van werklikheid aan die toekoms aangesien dit die individu help om die beroepsverlede te onthou, die beroepshede in ag te neem en die beroepstoekoms te antisipeer. Wanneer 'n persoon dan 'n gevoel van optimisme rakende 'n werklike toekoms ondervind, ontwikkel 'n gevoel van beroepsbeheer – die volgende dimensie van beroepsaanpassing.

ii *Beroepsbeheer*

'n Gevoel van optimisme oor die beroepstoekoms lei tot besorgdheid oor wie hierdie toekoms besit (Savickas, 2003). Die tweede sterkpunt wat tydens lewensontwerpberading ontwikkel word, is dus 'n gevoel van beheer rakende die persoon se beroepstoekoms. Beroepsbeheer dui op beroepsontwikkeling wat in onafhanklikheid van ouers geanker is en wat deur interpersoonlike outonomieit en intrapersoonlike wilskrag gerig word (Savickas,

2003). Dit beteken dat individue voel en glo dat hulle self vir die konstruksie van hul beroepe verantwoordelik is (Savickas, 2005). Hierdie gevoel van **eienaarskap** beteken egter nie dat hulle nie ander tydens die konstruksie van hul beroepe sal raadpleeg nie. Hartung (2007) gee 'n bondige definisie van die konsep wanneer hy dit stel dat beroepsbeheer dui op die neem van besluite rakende die toekoms, sowel as die neem van verantwoordelikheid vir eienaarskap van die toekoms.

Beroepsbeheer is verder 'n belangrike konsep tydens lewensontwerpberading, aangesien persone aangemoedig word om deur die neem van besluite self hul verkose toekoms te ontwerp (Campbell & Ungar, 2004) en beheer daaroor te neem. Wanneer in gedagte gehou word dat beroepskonstruksieteorie ontwikkeling as aanpassing by die omgewing sien (Savickas, 2005) en dat hierdie aanpassing onder andere deur 'n gevoel van beheer ontvou, raak die goue draad van persoonlike agentskap tydens die proses van ontwikkeling toenemend duidelik. Beroepsbeheer is in hierdie paradigma 'n belangrike ontwikkelingskonstruk, aangesien individue as skeppers van hul eie ontwikkeling gesien word. Proaktiewe gedrag soos **besluitneming** en uitgestelde bevrediging verhoog 'n gevoel van interpersoonlike outonomie en persoonlike agentskap en kweek sodoende sterker oortuigings van beheer in 'n persoon. Hierdie proaktiewe gedrag is die voorloper van tieners se selfdeterminasie om besliste keuses rakende opvoedkundige en beroepsalternatiewe te maak (Savickas, 2003). Savickas (2005) is van mening dat houdings van selfhandhawing en beslistheid selfbesturende individue in staat stel om tot beroepsontwikkelingstake toe te tree en beroepsoorgange te navigeer, eerder as om hierdie take uit te stel en te vermy. Die oortuiging dat hulle hul eie toekoms besit en dit kan konstrueer deur keuses eerder as om self te verander, lei individue tot die insig dat hulle vir hul lewens verantwoordelik is. 'n Selfhandhawende houding en 'n geloof in persoonlike verantwoordelikheid stel persone in staat om toe te tree tot aktiwiteite en ondervindings wat besliste en bevoegde besluitneming bevorder (Savickas, 2005).

Wanneer 'n individu groter beheer rakende sy/haar beroepstoekoms ervaar, ontstaan 'n gevoel van ondernemingsgees en weetgierigheid om meer te leer van die tipes werk waarin die individu mag belang stel en die beroepsgeleenthede wat daarmee saamgaan (Savickas, 2005). Die volgende dimensie van aanpasbaarheid, beroepsnuuskierigheid, word vervolgens bespreek.

iii *Beroepsnuuskierigheid*

Beroepsnuuskierigheid verwys volgens Hartung (2007) na produktiewe **beroepsondersoek** en 'n **realistiese** benadering tot die **toekoms**. Gedrag is gerig op die inwin van inligting, sowel as op die produkte hiervan, naamlik selfkennis en beroepsinligting. Savickas (2005) definieer beroepsnuuskierigheid wyer as Hartung en sien dit as weetgierigheid oor en 'n ondersoek na die passing tussen die self en die wêreld van werk.

Wanneer dit gedrag aanvuur, kan nuuskierigheid kennis produseer waarmee keuses gemaak kan word om die self by die situasie aan te pas. Sistematiese ondersoek en refleksie rakende ondersoekende ondervindings maak naïewe individue kundig oor die werkswêreld. Houdings van weetgierigheid maak persone gereed om die omgewing te verken om meer oor die self en situasies te leer. Geloof in die waarde daarvan om 'n oop houding jeens nuwe ondervindings en eksperimentering met moontlike selwe en verskeie rolle te hê, moedig mense aan om nuwigheide uit te toets en meer avontuurlustig op te tree. Houdings en gesindhede wat ondersoek en oopheid aanmoedig, lei tot ondervindings wat bevoegdhede ten opsigte van selfkennis en beroepsinligting laat toeneem. Individue wat die wêreld buite hul eie omgewing ondersoek het, beskik oor meer kennis rakende hul vaardighede, belangstellings en waardes, sowel as oor die vereistes, roetines en belonings van verskeie beroepe. Hierdie wyer bron van inligting bring realisme en objektiwiteit mee, en lei tot keuses wat die self by die situasie sal laat pas (Savickas, 2005).

Wanneer die self dan by die situasie pas, stel dit die persoon in staat om met selfvertroue op te tree. Daar word vervolgens op die vierde en finale dimensie van beroepsaanpasbaarheid, beroepsselfvertroue, gefokus.

iv *Beroepsselfvertroue*

Beroepsvertroue het volgens Hartung (2007) te make met twee komponente wat nou met mekaar in verband staan: die toename in probleemoplossingsvaardighede en die oortuiging dat die individu doeltreffend kan optree. Savickas (2005) is dit eens dat beroepskeuses die oplos van komplekse probleme vereis en dat die bemeestering van hierdie probleme selfvertroue vereis. Dit is die mening van die skrywer dat beroepsselfvertroue sy oorsprong vind in die oplos van probleme wat mense in hul daaglikse aktiwiteite soos huishoudelike pligte, skoolwerk en stokperdjies teëkom. Die voltooiing van hierdie take dra daartoe by dat die persoon hom-/haarself as **bruikbaar** en **produktief** sien en bevorder sodoende gevoelens van **selfaanvaarding** en **selfwaarde**. In die beroepskonstruksieteorie behels selfvertroue gevoelens van selfdoeltreffendheid met betrekking tot die persoon se vermoë om 'n reeks aksies wat nodig is om opvoedkundige en beroepsbesluite uit te voer en te implementeer, suksesvol uit te voer (Savickas, 2005).

Alhoewel die saadjies van selfvertroue klein is, is die gevolge daarvan van deurslaggewende belang wanneer 'n individu sy/haar beroepslewe ontwerp. Selfvertroue hou volgens Savickas (2005) die verwagting van sukses in wanneer 'n mens met uitdagings gekonfronteer word of wanneer hindernisse oorkom moet word. Breër ondersoekende ondervindings versterk die vertroue om meer aktiwiteite aan te pak. Individue wat beskut of uitgesluit is van sekere kategorieë van ondervinding vanweë onder andere valse oortuigings rakende sosiale rolle, geslag en ras, vind dit moeilik om soortgelyke aktiwiteite te benader en sal minder belang toon in beroepe wat vaardighede in hierdie kategorieë vereis

(Savickas, 2005). 'n Verlies aan selfvertroue sal dus die ontwikkeling van 'n individu nadelig beïnvloed.

Min navorsing is spesifiek ten opsigte van beide aanpasbaarheidsbehoefte en ongehude swanger tieners gedoen. In die volgende gedeelte verskaf ek 'n bondige oorsig van navorsing ten opsigte van ongehude swanger tieners wat met aanpasbaarheid verband kan hou.

2.6 AANPASBAARHEID EN ONGEHUDE SWANGER TIENERS

Vir die doel van hierdie studie word die konsep adolessensie of tiener as belangrik geag aangesien die aanpassingsbehoefte van ongehude swanger tieners onder die loep geneem word.

Volgens Craig (1996) bevind adolessente hulle in 'n ontwikkelingsfase wat van puberteit tot volwassenheid strek. Tydens hierdie ontwikkelingsfase word tieners volgens Ackerman (2005) gekonfronteer met vrae soos: *Wie is ek?* en *Wie wil ek wees?* (**beroepsbelang**). Die vrae behels dus eksplorasië (**beroepsnuuskierigheid**) en besluitneming (**beroepsbeheer**) aangaande onder andere die individu se toekoms, interpersoonlike verhoudings, geloof, politiek en morele waardes. Die adolessente ontwikkelingsfase behels verder die beweging vanaf relatiewe afhanklikheid na relatiewe onafhanklikheid en outonomie van die individu (**beroepsselfvertroue**) (Ackerman, 2005). Wanneer die dimensies van aanpasbaarheid, beroepsbelang, -beheer, -nuuskierigheid en -selfvertroue in gedagte gehou word, kan daar 'n voorlopige beeld gevorm word van die belang van aanpasbaarheid juis tydens hierdie ontwikkelingsfase.

Daar moet in gedagte gehou word dat hierdie studie beoog om juis op ongehude swanger tieners te fokus. Brosh, Weigel en Evans (2007) vind 'n verband tussen ontoereikende opvoedkundige en werksprestasie en tienerswangerskap. Hierdie dogters se aspirasies en doelwitte vir die toekoms bly volgens die skrywers dikwels on vervuld na die geboorte van 'n baba. Relevante ondersteuning en hulpbronne moet volgens die skrywers in plek wees om aan hierdie tieners te toon dat hulle in staat is om hul aanvanklike doelwitte te bereik. Farber (in Brosh *et al.*, 2007) stel dit dat tienerouers wat nie oor hulpbronne beskik nie, meer geneig is om hulpeloos te voel met betrekking tot die bereiking van doelwitte. Camarena, Minor, Melmer en Ferrie (1998) vind dat die herkenning van bereikbare doelwitte – met inagneming van beskikbare hulpbronne en ondersteuning – 'n faktor is wat beskerming teen hierdie gevoelens van hulpeloosheid verleen.

Savickas (2005) noem dat gebrekkige beroepsbelang tot gevoelens van hulpeloosheid kan lei. Vir die doel van hierdie studie gaan die deelnemer se opvoedkundige en werksaspirasies vanuit die perspektief van aanpassingsbehoefte beskou word.

Ek bespreek vervolgens die teoretiese raamwerke wat my studie onderlê.

Aangesien beroepskonstruksie teorie reeds bespreek is, word die ekosistemiese teorie en sosiale konstruktivisme bespreek.

2.7 TEORETIESE RAAMWERKE

2.7.1 Sosiale konstruktivisme

Voorstanders van sosiale konstruktivisme as basiese teoretiese raamwerk beskou realiteit as sosiaal gekonstrueer. Dit wil sê dat individue se oortuigings rakende die wêreld sosiale versinsels is (Berger & Luckman in Speed, 1991). Realiteit word dus deur die waarnemer in 'n spesifieke konteks geskep en die waarnemer heg voorts betekenis aan hierdie realiteit. Dit beteken dat realiteit subjektief is, aangesien dit wat mense waarneem, dit waaraan mense betekenis toeskryf, asook hulle siening van die wêreld, beïnvloed word deur die lense wat kultuur en sosiale konteks vorm (Henning, 2005).

Sosiale konstruktivisme berus op die volgende basiese beginsels:

- Vele realiteite is moontlik, aangesien realiteit subjektief gekonstrueer word met taal as die medium van konstruksie (Becvar & Becvar, 2006).
- Kennis is subjektief en objektiewe neutraliteit is onmoontlik. Sosiale konstruktivisme staan krities teenoor kennis wat as vanselfsprekend beskou word aangesien kennis onderhou word deur sosiale prosesse wat voortdurend verander (Doan, 1997).

Vir die doel van hierdie studie is die sosiale konstruktivisme op twee wyses relevant. Eerstens is dit die doelwit van die studie om die spesifieke betekenis te ondersoek wat individue aan realiteit heg, en in hierdie geval, die betekenis wat ongehude swanger tieners aan die dimensies van aanpasbaarheid heg. Die betekenis wat tieners aan hierdie dimensies heg, word volgens sosiale konstruktivisme nie as vanselfsprekend gesien nie (Doan, 1997) en die studie gaan poog om die subjektiewe betekenis wat in hierdie unieke konteks aan die dimensies geheg word te ondersoek.

Sosiale konstruktivisme is verder relevant aangesien dit daardie aspek is van sy metateorie aan die hand waarvan Savickas (2005) verduidelik hoe persone verteenwoordigings of voorstellings van realiteit, eerder as realiteit self, konstrueer en betekenis aan hul subjektiewe ervaring van hierdie gekonstrueerde realiteit heg. Vir die doel van die beroepskonstruksieteorie is beroepsrealiteit en verwante aspekte die vernaamste realiteite.

Vervolgens word 'n bondige oorsig van die sisteemteorie gegee.

2.7.2 Sisteemteorie

Vanuit die perspektief van die sisteemteorie word verskynsels ten beste verstaan uit die oogpunt van 'n hiërargie van sisteme wat elk weer uit kleiner subsysteme bestaan en terselfdertyd deel van 'n groter, omvattende sisteem vorm (Prins & Van Niekerk, 2001). Elke

sisteem vorm dus 'n geheel, maar maak ook deel uit van 'n ander sisteem. 'n Persoon of situasie kan dus as 'n aparte entiteit gesien word, maar ook as deel van 'n verskeidenheid verskillende sisteme (Green, 2001). Green (2001) is van mening dat die sisteemteorie om hierdie rede veral komplekse verskynsels, invloede en interaksies kan beskryf.

Elke sisteem werk op 'n stabiele voorspelbare wyse wat tot die sisteem se voortbestaan bydra. Tog is die moontlikheid vir verandering en buigbaarheid in elk van die sisteme (Green, 2001). Een van die belangrikste eienskappe van die sisteembenadering is derhalwe dat 'n versteuring op enige vlak van die sisteemhiërargie alle vlakke van die hiërargie beïnvloed (Prins & Van Niekerk, 2001). Dit wil sê, indien een aspek van 'n sisteem verander, word die effek daarvan deur die hele sisteem beleef. Sisteemteorie neem in ag dat konteks nie stabiel bly nie. Volwassenes, adolessente en kinders beweeg deurentyd tussen en oor verskillende sisteme en kulturele kontekste wat teen 'n toenemende tempo verander (Green, 2001).

Indien 'n individu 'n sisteem op sigself is en daardie individu volgens die sosiale konstruktivisme in 'n spesifieke konteks betekenis aan realiteit heg, sal verandering in die konteks die individu as sisteem beïnvloed, wat weer alle relevante sisteme sal beïnvloed. Tradisionele benaderings maak staat op die stabiliteit van die konteks, wat toenemend 'n onrealistiese vereiste is (Green, 2001). In die hedendaagse samelewing en veral werkplek is verandering aan die orde van die dag (Schreuder & Coetzee, 2006) en aanpassing by hierdie verandering word al meer en meer 'n vereiste.

Die onderhawige studie fokus spesifiek op ongehude swanger tieners. Vervolgens word daar kortliks na hierdie adolessente vanuit 'n sistemiese perspektief gekyk.

2.7.2.1 'n Sistemiese perspektief van adolessensie

Ackerman (2005) beklemtoon die belangrikheid daarvan om adolessensie as 'n proses te beskou aangesien individue gedurende hierdie ontwikkelings tydperk sekere houdings, oortuigings en gedragspatrone wat vir effektiewe deelname in die gemeenskap nodig is, op 'n aaneenlopende wyse moet bemeester. Die ontwikkelings take van ongehude swanger tieners sluit in die bemeestering van hierdie houdings, oortuigings en gedragspatrone, maar ook houdings, oortuigings en gedragspatrone wat te make het met hul swangerskap en besluite rakende hul swangerskap en moontlike ouerskap. Die take wat hierdie dogters moet bemeester, is aansienlik meer as dié van tieners wat nie met swangerskap en moontlike ouerskap gekonfronteer word nie. Vanuit die sisteemteorie kan hulle as individuele sisteme in 'n tydperk van komplekse verandering gesien word. Die kompleksiteit van ongehude swanger tieners se konteks maak die sisteemteorie 'n geskikte lens waardeur hierdie konteks beskou kan word.

2.8 SAMEVATTING VAN LITERATUUR

2.8.1 Samevatting van literatuuroorsigte

Na aanleiding van voorgenoemde, verskaf ek nou 'n samevatting van die teoretiese raamwerk was as basis sal dien vir die interpretasie van my data. Hierdie samevatting word gevolg deur my konseptuele raamwerk, wat sal dien as 'n verduidelikende begrening vir die studie, asook 'n lens waarmee betrokke fasette verduidelik kan word (Maree & van der Westhuizen, 2009).

Tabel 2.2: Oorkoepelende teoretiese raamwerk was as basis sal dien vir die interpretasie van my data


Afdeling	Samevatting
Beroepskonstruksie as postmoderne beroepsberadingsteorie en –model	Beroepskonstruksieteorie bied 'n teoretiese raamwerk waarvolgens beroepsgedrag, beroepskeuses en beroepsontwikkeling verstaan kan word. Dit verskaf 'n beradingsmodel asook metodes van assessering en intervensie wat persone ondersteun om self hul beroepe te konstrueer. Die teorie sien ontwikkeling as aanpassing by die omgewing eerder as die volwassewording van innerlike strukture (Savickas, 2005). Beroepe word in hierdie proses van aanpassing gekonstrueer deur die keuses wat die persoon maak om by die omgewing aan te pas. Beroepsberading word so 'n sosiale konstruksie van betekenis. Die subjektiewe betekenis wat persone aan hul ervarings koppel, staan sentraal tot beroepskonstruksie. Tydens beroepskonstruksie is die sosiale betekenis wat deur verhoudings gekonstrueer word van belang en daar word dus binne 'n sosiaal konstruktivistiese benadering gewerk (Blustein, Palladino Schultheiss & Flum, 2004).
Die teoretiese oorsprong van beroepskonstruksie	Beroepskonstruksie vul Super se lewenspan-lewensruimte-teorie aan (Hartung, 2007) en omvat die segmente van Super se teorie deur aan vier fundamentele dimensies van beroepsgedrag en die ontwikkeling daarvan aandag te skenk. Hierdie dimensies is lewenstruktuur, beroepsaanpasbaarheid, beroepspersoonlikheid en lewenstemas. Die segmente van Super se lewenspan-lewensruimte-teorie wat deur die beroepskonstruksieteorie omvat word, is groei, eksplorاسie, vestiging, bestuur en losmaking.
'n Lewensontwerp-beradingsperspektief	Tydens lewensontwerpberading word die beginsels van die beroepskonstruksieteorie toegepas op die praktyk van assessering en intervensie. Die berader interpreteer die inligting wat deur die kliënt verskaf word in 'n betekenisvolle, samehangende storie (Hartung, 2007). Tydens lewensontwerpberading word gepoog om insig te verkry in hoe alle aspekte van 'n individu se lewe deel van sy/haar beroep vorm (Campbell & Ungar, 2004). Kliënte word aangemoedig om 'n verkose toekoms te ontwerp. Nie net neem die ontwerp die verskeie rolle wat die persoon vervul in ag nie, dit inkorporeer ook die verskillende sisteme en kontekste waarvan die persoon deel is (Campbell & Ungar, 2004).
Aanpasbaarheid	Aanpasbaarheid is 'n kritiese konstruk in die beroepskonstruksieteorie om beroepsontwikkeling te verklaar (Hartung et al., 2008). Hierdie dimensie van die beroepskonstruksieteorie fokus op ontwikkelingstake en rol-oorgange en die hanteringstrategieë wat individue gebruik om bepaalde oorgange en veranderings te probeer hanteer. Die konstruk "beroepsaanpassing" bestaan uit vier basiese dimensies van beroepsaanpassing wat elk 'n spesifieke ontwikkelingstake hanteer. Die dimensies is besorgdheid, beheer, nuuskierigheid en selfvertroue (Hartung, 2007).
Die teoretiese oorsprong van beroepsaanpasbaarheid	Die aanpassingsegment van die beroepskonstruksieteorie het te make met ontwikkelingstake en roloorgange, asook met die strategieë wat gebruik word om verandering te hanteer. Beroepsontwikkelingstadias en take word gevind in Donald Super se beroepsontwikkelingsteorie. Beroepsvolwassenheid dui adollesente se gereedheid om

	opvoedkundige en beroepskeuses te maak aan (Savickas, 1994). Beroepsaanpasbaarheid neem 'n meer holistiese betekenis aan wat oor alle stadia van die lewensspan toepaslik is. Savickas (1997) stel dit dat ten einde die segmente van Super se teorie suksesvol te verbind, die begrip “beroepsvolwassenheid” met die begrip “beroepsaanpasbaarheid” as die sentrale konstruk in die beroepsontwikkelingsteorie vervang moet word. Dit impliseer dat die term “beroepsvolwassenheid” nie meer net na die spesifieke stadium van eksplorasië sal verwys nie en dat “beroepsaanpasbaarheid” nie bloot tydens die vestiging-stadium van toepassing sal wees nie.
Beroepsaanpasbaarheid as kritiese konstruk vir die verklaring van beroepsontwikkeling	Donald Super sien beroepsontwikkeling as 'n proses van leer en groei in terme van lewensstadia en ontwikkelingstake (Savickas, 1994; Hartung, 2007). Die beroepsaanpassingsdimensie van die beroepskonstruksieteorie gee aandag aan ontwikkelingstake en rolveranderinge, asook aan die strategieë wat individue gebruik om dit te hanteer (Hartung, 2007). Die ontwikkelingsdraad van die beroepskonstruksieteorie fokus op groei en verandering in beroepsgedrag oor tyd (Hartung, 2007) en aanpasbaarheid verwys weer na voortdurende ontwikkeling wat plaasvind wanneer daar by sulke veranderinge aangepas word. Savickas (1997) is van mening dat Super se teorie vereenvoudig, maar terselfdertyd ryklik aangevul word deur beroepsaanpasbaarheid eerder as beroepsvolwassenheid sentraal te plaas, aangesien dit 'n enkele konstruk gebruik wat die ontwikkeling van kinders, adolessente en volwassenes verduidelik.
Die gepastheid van die konsep 'aanpasbaarheid'	Die integrasie van die lewensspan-lewensruimte en selfkonsep-segmente van Super se teorie word verbeter deur die individu se aanpassing by die omgewingskonteks te beklemtoon (Savickas, 1997). Die uitbreiding van die teorie word ondersteun deur op aanpassing te fokus, aangesien dit die gebruik van konseptuele modelle uit ander dissiplines aanmoedig (Savickas, 1997). Deur die klem op aanpasbaarheid te plaas sal beraders hul aandag daarop fokus om hul kliënte gereed te maak om verandering te hanteer (Savickas, 1997; Campbell & Unger, 2004). Die konstruk pas ook volgens Savickas (1997) by die hedendaagse vinnig veranderende tegnologie en ekonomie in.
Dimensies van beroepsaanpasbaarheid	Beroepsaanpasbaarheid is volgens Hartung (2007) die oorsprong van bepaalde houdings, oortuigings en bevoegdhede. Elke aanpassingstransaksie behoort die groep te versterk en die individu se vermoë om aan te pas te verbeter (Savickas, 2003). Savickas (2005) noem vier dimensies van aanpasbaarheid: belang, beheer, nuuskierigheid en selfvertroue. Hierdie dimensies verteenwoordig algemene aanpasbare hulpbronne en strategieë wat deur individue gebruik word om kritiese take, oorgange en traumas tydens die proses van beroepskonstruksie te bestuur (Hartung, 2007).
Beroepsbelang	Die eerste en belangrikste dimensie van beroepsaanpasbaarheid is die individu se belang by sy/haar eie beroepstoekoms Savickas (2005). Beroepsbelang handel oor die oortuiging dat 'n mens 'n toekomst het waarvoor dit die moeite werd is om jouself voor te berei en dat sodanige voorbereiding daardie toekomst sal verbeter.
Beroepsbeheer	'n Gevoel van optimisme oor die beroepstoekoms lei tot besorgdheid oor wie hierdie toekomst besit. Beroepsbeheer beteken dat individue voel en glo dat hulle self vir die konstruksie van hul beroepe verantwoordelik is (Savickas, 2005).

Beroepsnuuskierigheid	Beroepsnuuskierigheid dui op 'n gevoel van ondernemingsgees en weetgierigheid om meer te leer van die tipes werk waarin die individu mag belang stel en die beroepsgeleenthede wat daarmee saamgaan (Savickas, 2005). Beroepsnuuskierigheid verwys volgens Hartung (2007) na produktiewe beroepsondersoek en 'n realistiese benadering tot die toekoms.
Beroepselfvertroue	Beroepselfvertroue het volgens Hartung (2007) te make met twee komponente wat nou met mekaar in verband staan: die toename in probleemoplossingsvaardighede en die oortuiging dat die individu doeltreffend kan optree.
Aanpasbaarheid en ongehude swanger tieners	Tydens die adolessente ontwikkelingsfase word tieners volgens Ackerman (2005) gekonfronteer met take van eksplorاسie en besluitneming asook die beweging vanaf relatiewe afhanklikheid na relatiewe onafhanklikheid en outonomie van die individu. Hierdie take reflekteer die dimensies van aanpasbaarheid. Brosh, Weigel en Evans (2007) vind 'n verband tussen ontoereikende opvoedkundige en werksprestasie en tienerswangerskap. Vir die doel van hierdie studie gaan die dogters se moontlike opvoedkundige en werksaspirasies vanuit die perspektief van aanpassingsbehoefte beskou word.
Sosiale konstruktivisme	Hierdie teorie is gegrond op die oortuiging dat mense realiteit sosiaal konstrueer deur die gebruik van gedeelde en ooreengekome betekenis wat deur taal gekommunikeer word deur sosiale interaksie en verhoudings. Realiteit en kennis is subjektief en objektiewe neutraliteit onmoontlik (Doan, 1997).
Sisteemteorie	Verskynsels word volgens hierdie perspektief ten beste verstaan uit die oogpunt van 'n hiërargie van sisteme wat elk weer uit kleiner sub sisteme bestaan en terselfdertyd deel van 'n groter, omvattende sisteem vorm (Prins & Van Niekerk, 2001). 'n Versteuring op enige vlak van die sisteemhiërargie sal alle vlakke van die hiërargie beïnvloed. Sisteemteorie neem in ag dat konteks nie stabiel bly nie.

2.8.2 Konseptuele raamwerk

Figuur 2.1: Konseptuele raamwerk



Aanpasbaarheidsbehoefte word, in die onderhawige studie, onderlê deur die sistemiese teorie, sosiale konstruktivisme en beroepskonstruksieteorie. Hierdie teorieë impliseer onder meer dat daar 'n dinamiese wisselwerking tussen die individu en die betrokke konteks bestaan. Teoretici wat beroepsvolwassenheid aanhang word volgens Vondracek en Reitzle (1998) toenemend daarvoor gekritiseer dat hulle nie die individu se konteks in ag neem nie – 'n stelling wat verreikende gevolge vir Suid-Afrika met sy wye verskeidenheid kulturele en etniese kontekste inhou. Ten einde die subjektiwiteit en diversiteit van deelnemers se ervarings beter te begryp, word die wyse ondersoek waarop adolessente deur middel van hul interaksie met ander, asook hul omgewing, deur die lens van die sosiale konstruktivisme betekenis aan die dimensies van aanpasbaarheid heg.

2.9 SAMEVATTING

In die onderhawige hoofstuk is 'n oorsig van beroepsaanpasbaarheid gegee, die teoretiese oorsprong daarvan ondersoek en waar dit in die breër beroepskonstruksieteorie pas aangedui. Die aanpassingsdimensies soos voorgestel deur Savickas (2003) is geïdentifiseer as 'n gepaste teoretiese raamwerk waarvolgens data-analise in die voorgenome studie gedoen sal word. Die deelnemers sal dus in 'n ko-konstruktiewe proses betekenis aan hierdie dimensies heg. Benewens bogenoemde is die konsep aanpasbaarheid in die konteks van ongehude swanger tieners bespreek. In die volgende hoofstuk verduidelik ek die navorsingsproses, -ontwerp en metodologie wat in die studie gebruik gaan word.

HOOFSTUK 3

METODOLOGIESE VERANTWOORDING

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk bespreek ek die navorsingsproses wat in die studie gevolg gaan word in meer besonderhede. Ek begin deur die paradigmatische perspektief van die betrokke studie te omskryf waarna ek aan die navorsingsmetodologie en -strategieë aandag skenk. Die kwaliteitsversekeringskriteria van die studie word vervolgens omskryf sowel as my rol as navorser en belangrike etiese maatreëls waaraan die studie moet voldoen. Ek sluit af met 'n samevatting van die betrokke hoofstuk.

3.2 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF

Adams, Collair, Oswald en Perold (2004) beskryf 'n paradigma as 'n breë teoretiese oriëntasie waartoe 'n spesifieke navorsingstudie behoort. 'n Paradigma omvat die basiese denkwyses en aannames onderliggend aan 'n bepaalde wetenskap waarvolgens 'n navorser te werk gaan tydens 'n studie en verwys sodoende na die lens waardeur 'n navorser sy/haar navorsing beskou (Denzin & Lincoln, 1998; Leedy & Ormrod, 2005; Terre Blanche & Durrheim, 2002). Volgens Nieuwenhuis (2007) kan 'n paradigma gedefinieer word as die veronderstellings of oortuigings aangaande fundamentele aspekte van realiteit wat tot die spesifieke wêreldbeskouing van 'n individu aanleiding gee. 'n Paradigma definieer gevolglik vir 'n individu sy/haar siening van die wêreld, sy/haar plek in die wêreld, aannames aangaande geloof, asook moontlike verhoudings wat tussen die individu en die wêreld met sy komponente mag bestaan.

Vervolgens word die konsepte “ontologie”, “epistemologie” en “metodologie” kortliks bespreek.

3.2.1 Ontologie, epistemologie en metodologie

Paradigmas kan ook beskryf word as ontologiese, epistemologiese en metodologiese aannames wat as interafhanklike eenhede funksioneer (Durrheim & Wassenaar, 2002) en die navorser se aksies rig (Denzin & Lincoln, 2005). Cohen, Manion en Morrison (2000) stel voor dat hierdie drie aannames die lense is waardeur ons navorsing ondersoek. Ontologie behels die formulering van onderliggende en fundamentele vrae aangaande die aard van realiteite wat deel van die betrokke studie uitmaak, asook moontlike kennis wat in hierdie realiteite opgesluit is. Epistemologie verwys na die wyse waarop individue hul wêreld ken, verken en bevraagteken en sodoende na die aard van kennis asook na die verhouding

tussen die navorser en deelnemers aan 'n studie. Metodologie behels die wyse waarop navorsers kennis van die wêreld en realiteite bekom en verwys dus na die ondersoekproses wat gevolg word in 'n poging om hierdie kennis en insig te verkry (Leedy & Ormrod, 2005; Terre Blanche & Durrheim, 2002).

Kennis kan as etiese of emiese kennis beskou word. Daar word vervolgens op hierdie twee begrippe gefokus.

3.2.2 Emiese en etiese kennis

Die aard van kulturele kennis (epistemologie) kan met behulp van twee terme gedefinieer word: emies en eties. Kennis wat deur lede van die bestudeerde kultuur as betekenisvol geag word, word as emiese kennis beskryf. Hierdie kennis is belangrik in veral kwalitatiewe navorsing aangesien dit empatiese insig met betrekking tot 'n spesifieke kultuur bevorder. Kennis wat deur die navorsers wat 'n betrokke kultuur bestudeer as betekenisvol geag word, word weer as etiese kennis beskryf. Etiese konstruksie is presies, logies, omvattend, toetsbaar, onafhanklik van die observeerder en bevorder kruis-kulturele vergelyking (Lett, 2008; Merriam-Webster, 2008). Beide etiese en emiese kennis dra by tot die insig wat van 'n spesifieke kultuur bekom word en is onafhanklik van die metodologie wat tydens die navorsing gebruik word (Lett, 2008; Merriam-Webster, 2008). In die voorgenome studie sal hierdie terme gebruik word om te onderskei tussen die aard van die kennis wat ingesamel is, aangesien die navorser beseft dat die subjektiewe ervaring van haar persoonlike kultuur 'n impak op die navorsingsproses kan hê (Lett, 2008).

Die breë teoretiese oriëntasie waartoe hierdie navorsingstudie behoort is die konstruktivistiese/interpretivistiese paradigma. Hierdie paradigma word vervolgens bespreek.

3.2.3 Konstruktivistiese/Interpretivistiese paradigma

Volgens Adams *et al.* (2004) erken navorsing vanuit die perspektief van hierdie paradigma dat subjektiewe ervaring of individuele realiteit geldig, veelvuldig en sosiaal gekonstrueer is. Die huidige studie gaan dus poog om veelvuldige realiteite bloot te lê (ontologie) (Creswell, 2003). Binne die konteks van hierdie paradigma is navorsers daarvan oortuig dat hulle die ondervindings van die deelnemers deur middel van interaksie beter kan verstaan (Adams *et al.*, 2004) en hulle probeer dus deurlopend om die afstand tussen die navorser en deelnemers so klein as moontlik te hou (epistemologie) (Creswell, 2003). Navorsingsvrae wat met hierdie paradigma verband hou, word volgens Adams *et al.* (2004) ten beste deur die gebruik van die kwalitatiewe navorsingsmetodologie beantwoord.

Alhoewel die konsepte "konstruktivisties" en "interpretivisties" met mekaar verband hou en aanvullend tot mekaar is, verskil die betekenis en fokus daarvan. Om die verskille

en ooreenkomste te illustreer word die genoemde konsepte vervolgens kortliks bespreek.

3.2.1.1 Konstruktivistiese paradigma

Navorsing vanuit 'n konstruktivistiese paradigma het volgens Willig (2001) te make met die identifisering van verskeie konstrunkte wat binne 'n kultuur beskikbaar is en waarop die realiteit sosiaal gekonstrueer kan word, asook met die ondersoek na die voorvereistes vir die gebruik van hierdie konstrunkte en die implikasies daarvan vir menslike ondervinding en sosiale praktyk. Donald, Lazarus en Lolwana (2006) beskou die konstruktivisme as 'n benadering wat kennis as aktief gekonstrueer sien deur individue, groepe en/of gemeenskappe. Individue is volgens hierdie beskouing aktiewe agente wat deur middel van sosiale interaksie binne 'n spesifieke konteks betekenis in hul leefwêreld skep (Maree, 2004). Gekonstrueerde kennis of betekenis handhaaf dus 'n nou verband met sosiale, historiese en kulturele kontekste (Donald *et al.*, 2006).

Die betekenis wat deur sosiale interaksie geskep word, is meervoudig en uiteenlopend. Creswell (2003) is van mening dat hierdie ryk diversiteit van subjektiewe betekenis die navorser dwing om op die kompleksiteit van sienings te fokus eerder as om die betekenis in kategorieë weer te gee (Adams *et al.*, 2004). Die klem van die navorsingsproses val op die interaksie tussen individue sowel as op die verskillende kontekste waarbinne interaksie plaasvind. Sodoende word 'n meer omvattende begrip van die historiese en kulturele impak op die interaksie bekom.

Volgende word daar op die interpretivistiese paradigma gefokus.

3.2.1.2 Interpretivistiese paradigma

Die interpretivistiese paradigma verwerp die idee van 'n absolute waarheid (Patton & McMahon, 1999). Hierdie outeurs glo dat geen navorser 'n realiteit kan waarneem sonder om ten diepste en op 'n subjektiewe en deelnemende wyse by die navorsing betrokke te raak nie. Verder is die mens se lewe en realiteit slegs van binne begrypbaar en kan dit nie vanaf 'n eksterne realiteit waargeneem word nie. Volgens Nieuwenhuis (2007) kan toegang tot die realiteit slegs deur middel van sosiale konstrunkte byvoorbeeld taal (gesproke of simbolies), bewustheid en gedeelde betekenis verkry word. Binne die konteks van die interpretivistiese paradigma word daar op die subjektiewe ervarings van individue, die konstruksie van 'n sosiale wêreld deur gedeelde betekenis, asook die interaksies en onderlinge verhoudings tussen individue gefokus. Aangesien die realiteit sosiaal gekonstrueer word, is dit nie moontlik om dit objektief te bepaal nie en speel die unieke eienskappe van die konteks 'n belangrike rol in die proses om die subjektiewe betekenis daarvan te verstaan (Nieuwenhuis, 2007).

Denzin en Lincoln (2005) omskryf die interpretivisme as 'n paradigma wat navorsing

op 'n diep vlak behels ten einde 'n omvattende beskrywing van die deelnemer se belewings te bied. Die doel is om insig te verwerf in die deelnemers se leefwêreld soos dit deur hulself verstaan en verwoord word. Die interpretivisme impliseer 'n interaktiewe proses waartydens die navorser en deelnemers mekaar se leefwêreld betree en poog om betekenis aan hul ervarings te gee. Die interpretivistiese benadering berus dus op die aanname dat sosiale interaksie deur subjektiewe motivering en betekenis onderlê word (Terre Blanche & Durrheim, 2002).

In die voorgenome studie gaan die fokus val op deelnemers se subjektiewe ervarings en die betekenis wat hulle individueel binne 'n spesifieke konteks daaraan toeskryf (Adams *et al.*, 2004). Die aard van die studie sal dus interpretivisties wees. Volgens Creswell (2003) is dit belangrik vir die navorser om voortdurend bewus te bly van eie subjektiewe ervarings en betekenis wat hy/sy na die navorsingsproses bring, asook die invloed wat dit op die interpretasie van resultate kan hê.

Aangesien die interpretivistiese paradigma die navorser se denke en perspektief van realiteit en kennis beskryf, rig dit die metodes en strategie waarmee die navorser die navorsingsproses benader. In die gedeelte wat volg, word die navorsingsontwerp bespreek wat in die voorgenome studie gebruik gaan word.

3.3 NAVORSINGSONTWERP

'n Navorsingsontwerp word deur Yin (2003) beskryf as die logika wat die versamelde data met die aanvanklike vrae van die studie verbind. Vithal en Jansen (1997) is hiermee eens en stel dit dat 'n navorsingsontwerp die strategie waarvolgens die data versamel gaan word in detail stipuleer. 'n Navorsingsontwerp beskryf dus die prosedures waarvolgens die studie uitgevoer gaan word met die doel om toepaslike antwoorde op die navorsingsvrae te vind (Cohen *et al.*, 2000). Die keuse van navorsingsontwerp berus op die aannames van die navorser, navorsingsvaardighede waaroor die navorser beskik, asook navorsingspraktyke, en dit beïnvloed die wyse waarop data-insameling toegepas word (Adams *et al.*, 2004).

Die voorgenome studie is kwalitatief, beskrywend en eksploratief van aard en die navorsingsontwerp van die voorgenome ondersoek is 'n gevalstudie. Die eienskappe van die betrokke navorsingsontwerp word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

3.3.1 Eienskappe van die navorsingsontwerp

3.3.1.1 Kwalitatiewe navorsing

In die lig daarvan dat die metateoretiese paradigma van die interpretivisme en sosiale konstruktivisme gebruik is, was dit gepas om die studie kwalitatief uit te voer. Fouche en Delport (2002) huldig die mening dat die kwalitatiewe benadering uit die antipositivistiese benadering spruit, idiografies en dus holisties van aard is en daarop fokus om insig te

bekom rakende die betekenis wat mense aan hul wêreld heg. Kwalitatiewe navorsers glo volgens hierdie skrywers dat die realiteit op so 'n wyse deur individue of groepe gekonstrueer word dat sin van hul wêreld gemaak kan word deur betekenis aan spesifieke entiteite soos gebeure, prosesse of voorwerpe te heg (Fouche & Delpont, 2002). Hierdie subjektiewe realiteite word verder herorganiseer as standpunte, persepsies en geloofstelsels wat weer die aksies, denke en emosies van individue rig (McMillan & Schumacher, 2001). Die navorser se aksies, denke en emosies word op dieselfde wyse gerig en binne die proses van die kwalitatiewe navorsing word die navorser beskou as 'n navorsingsinstrument (Nieuwenhuis, 2007) wat onlosmaaklik deel van die navorsingsproses is (Denzin & Lincoln, 2005).

Denzin en Lincoln (2005) stel dit dat kwalitatiewe navorsing verwys na die breë klas van empiriese prosedures wat ontwerp is om ondervindings van deelnemers in 'n spesifieke omgewing te beskryf en te interpreteer. Die skrywers beklemtoon kwalitatiewe navorsing se deurlopende, veranderende aard wanneer hulle dit beskryf as 'n gesitueerde aktiwiteit wat die waarnemer in die wêreld plaas. Kwalitatiewe navorsing bestaan volgens hulle uit 'n stel interpretatiewe, wesenlike praktyke wat die wêreld sigbaar maak. Hierdie praktyke transformeer die wêreld. Dit verander die wêreld in 'n reeks tasbare verteenwoordigings wat veldnotas, onderhouds, gesprekke, foto's en opnames insluit, asook notas wat die navorser aan hom-/haarself rig (Denzin & Lincoln, 2005). Dit beteken dat kwalitatiewe navorsing verskynsels konteks-spesifiek ondersoek (Golafshani, 2003) en poog om insig te bekom rakende die subjektiewe ervaring van individue, die betekenis wat hulle aan hierdie ervarings toeken, asook hul interpretasie daarvan (Denzin & Lincoln, 2005).

Willig (2001) skryf oor die geneigdheid van kwalitatiewe navorsing om met betekenis gemoeid te wees. Hierdie soort navorsing ondersoek hoe mense sin uit hul wêreld maak en hoe hulle gebeure ondervind. Die navorser fokus spesifiek op die kwaliteit van ondervinding en poog nie om oorsaaklike verhoudings tussen veranderlikes te identifiseer nie. Kwalitatiewe navorsing se doelwit is dan die soeke na verheldering en insig en die verskaffing van 'n omvattende beskrywing van 'n spesifieke verskynsel vanuit die deelnemer se perspektief (Adams *et al.*, 2004; Golafshani, 2003; McMillan & Schumacher, 2001). Verder poog kwalitatiewe navorsing om gebeure en ondervindings te beskryf en moontlik te verduidelik, maar dit poog nooit om te voorspel nie (Whitley, 2001). Dit verskaf eerder 'n ryklik genuanseerde en dieptebeskrywing van 'n spesifieke fenomeen (Creswell, 2003; Durrheim, 1999).

Die kwalitatiewe navorsingsontwerp wat in die voorgenome studie gebruik gaan word, is interpretatiewe van aard aangesien ondersoek ingestel gaan word na die deelnemers se belewingswêreld asook die subjektiewe betekenis wat hulle aan ervarings heg. Daar gaan deurlopend gepoog word om 'n holistiese beeld van die deelnemers te vorm deur hul ervarings, sienings en emosies binne hierdie spesifieke konteks te

ondersoek.

Vervolgens word daar op beskrywende navorsing as navorsingseienskap gefokus.

3.3.1.2 Beskrywende navorsing

Beskrywende navorsing poog om fenomene omvattend uit te beeld deur 'n narratiewe beskrywing, klassifikasie of die deurgronding daarvan in terme van verhoudings en verwantskappe (Durrheim, 1999). Die navorser gaan poog om die eienskappe, gedrag, houdings en ervarings van die deelnemers op 'n akkurate wyse in hul unieke konteks te beskryf sonder om onafhanklike veranderlikes te manipuleer. Op hierdie wyse word daar beoog om 'n omvattende beeld te verkry van die subjektiewe betekenis wat ongehude swanger tieners aan die aanpasbaarheidsdimensies heg. Aangesien 'n relatief onbekende navorsingsarea ondersoek gaan word, word beskrywende navorsing in hierdie geval as geskik beskou (Creswell, 2003; McMillan & Schumacher, 2001).

3.3.1.3 Eksploratiewe navorsing

Die doel van eksploratiewe navorsing is om voorlopige ondersoek in te stel na 'n relatiewe onbekende navorsingsveld en op hierdie wyse 'n dieper insig ten opsigte van 'n fenomeen te verkry (Durrheim, 1999). Aangesien relatief min navorsing tot op hede gedoen is met betrekking tot aanpasbaarheidsbehoefte – spesifiek vanuit die lewensontwerpberadingsperspektief – is daar betreklik min literatuur oor hierdie verskynsel beskikbaar. Benewens die navorser se poging om die subjektiewe betekenis wat ongehude swanger tieners aan die aanpasbaarheidsdimensies heg te beskryf, wil sy ook verdere ondersoek aanmoedig ten opsigte van die toekomstige verfyning en aanpassing van lewensontwerpberading en veral die aanpasbaarheidskomponent daarvan in die Suid-Afrikaanse konteks.

Die gevallestudienavorsingsontwerp is 'n spesifieke vorm van kwalitatiewe navorsing. In die volgende gedeelte word die eienskappe van hierdie ontwerp beskryf asook gemotiveer waarom die voorgenome studie by hierdie ontwerp baat behoort te vind.

3.3.2. Gevalstudienavorsing

Om die doeltreffende voltooiing van die studie te fasiliteer, is dit belangrik om 'n gepaste navorsingsontwerp te kies (Mouton, 1996). Gevalstudienavorsing gee spesifiek aandag aan die omvattendheid en volledigheid van waarneming, herkonstruksie en analise van die gevalle wat bestudeer word (Tellis, 1997). Vanuit die interpretivistiese benadering kan verdere kenmerkende eienskappe van gevalstudienavorsing beskryf word as die wyse waarop interaksie tussen deelnemers plaasvind binne 'n spesifieke konteks, asook die maniere waarop individue betekenis vorm vanuit die verskynsel wat ondersoek word (Nieuwenhuis, 2007; Whitley, 2002). Opsommend kan 'n gevalstudie dus gesien word as 'n

dieptestudie van 'n spesifieke situasie (Shuttleworth, 2008). Hierbenewens is gevalstudienavorsing ideaal vir situasies waar dit onmoontlik is om die verskynsel se veranderlikes van die konteks te skei (Arsenaut & Anderson, 1998; Schwandt, 2007). Volgens Schwandt (2007) is die geval self sentraal tot gevalstudienavorsing – soos die naam aandui – en nie die veranderlikes nie.

Gevalstudies kan volgens Tellis (1997) gebruik word om 'n teorie te bevestig of uit te daag. Shuttleworth (2008) is van mening dat gevalstudienavorsingsontwerp veral bruikbaar is wanneer teorieë en modelle getoets moet word om vas te stel of in die werklike lewe suksesvol toegepas kan word ten einde kennis rakende die spesifieke onderwerp te gegenereer (Schwandt, 2007). Verder stel Shuttleworth (2008) dit dat gevalstudienavorsing daarop gerig is om 'n klein groepie te isoleer en te bestudeer. Tydens die voorgenome studie sal die teorie van lewensontwerpberading en spesifiek aanpasbaarheid toegepas en "getoets" word binne die konteks van 'n groepie ongehude swanger tieners. Volgens Stake (2005) is een van die voordele van gevalstudienavorsing dat dit insig in 'n verskynsel verdiep – in hierdie geval insig in die hantering van ongehude swanger tieners se aanpasbaarheidsbehoefte deur middel van lewensontwerpberading.

Die waarde van data wat deur gevalstudies ingesamel word, lê veral in die kenmerkende "werklikheidswaarde" daarvan (Cohen *et al.*, 2000; Schwandt, 2008). Hierdie data is egter moeilik om te organiseer as gevolg van die unieke eienskappe en kompleksiteit wat sinoniem met konteksgebonde ervarings is. Yin (1994) asook Miller en Brewer (2003) is van mening dat resultate wat deur gevalstudienavorsing bekom word eerder na teorieë as gemeenskappe veralgemeen moet word. Verder beveel Yin (1994) aan dat verskillende bronne van inligting ontleed moet word – eerder as net een – en dat hierdie data volgens die teoretiese proposisies van die studie geanaliseer moet word.

As gevolg van die unieke aard van gevalstudies kan dit nie maklik geverifieer word nie en kan dit as selektief, persoonlik en subjektief beskou word. Hierbenewens gaan gevalstudies ook dikwels mank aan waarnemervooroordeel (Denzin & Lincoln, 2005). Sommige kritici beskou gevalstudies as so eng dat die resultate nie geëkstrapoleer kan word om 'n volledige vraag te beantwoord nie, en dus kan dit net 'n beperkte voorbeeld bied. Tog meen Shuttleworth (2008) dat 'n gevalstudie 'n meer realistiese respons bied as wat 'n suiwer statistiese opname kan voortbring. Hierdie studie beoog om op die subjektiewe beleving en betekenis-konstruering van die deelnemer te fokus. Die realistiese respons van gevalstudies, sowel as die feit dat dit die oogpunt van die deelnemer insluit (Tellis, 1997), is vir die doel van hierdie studie dus gewens. As beskrywende en eksploratiewe navorsing in 'n redelik onbekende navorsingsveld, hoop die studie om verdere uitbreiding en hipoteseskepping aangaande die tema aan te moedig – volgens Shuttleworth (2008) is dit juis een van gevalstudienavorsing se bruikbare eienskappe.

3.4 NAVORSINGSGESITUEERDHEID

Die navorsing sal plaasvind by die Berg-en-Dal Swangerskapkrisissentrum, aangesien dit vir die deelnemer maklik bereikbaar sal wees.

3.5 NAVORSER SE ROL

Wanneer kwalitatiewe navorsing onderneem word, is die navorser onvermydelik 'n instrument in die proses en speel sy/haar subjektiwiteit dus 'n belangrike rol (Cohen *et al.*, 2000, Lichtman, 2006). Wat die beplande studie betref, sal die navorser se etiese optrede die studie se kredietwaardigheid bepaal, aangesien sy deurlopend by alle aspekte daarvan betrokke gaan wees. Sy onderneem dus om haar rol so te vertolk (Lichtman, 2006; Terre Blanche & Kelly, 1999) dat die aansien van die studie daardeur verhoog sal word. Sy onderneem om:

- deurlopend etiese kodes te eerbiedig;
- die deelnemers en hul ouers/voogde in te lig oor wat tydens die navorsing van hulle verwag gaan word en ook haar eie rol gedurende die ondersoek aan die deelnemers te verduidelik;
- ingeligte toestemming van die deelnemers en hul ouers verkry;
- 'n gemoedelike, gemaklike en empatiese atmosfeer tydens interaksie te skep en onderbrekings tot 'n minimum te beperk;
- informele en gerigte gesprekvoering met die deelnemer te fasiliteer;
- die verloop van die navorsing met die deelnemer te bespreek;
- data op 'n verantwoordelike wyse te ontleed en te interpreteer;
- die interpretasie van data deurlopend met die deelnemer uit te klaar om sodoende te verseker dat misverstande opgelos en die kredietwaardigheid van die studie bevorder word;
- terugvoer aan die deelnemers te verskaf, en
- data doelgerig en korrek weer te gee.

Die wyse waarop data in die voorgenome studie ingesamel gaan word, word vervolgens bespreek.

3.6 DATA-INSAMELINGSTEGNIEKE

In gevalstudies – soos in die meeste ander kwalitatiewe studies – word data-insameling en dataontleding nie as twee aparte prosesse beskou nie, maar as 'n volgehoue, sikliese proses (Lichtman, 2006; Nieuwenhuis, 2007). Gedurende hierdie aaneenlopende proses word data ingesamel, daar word daarvoor gereflekteer, leemtes word geïdentifiseer en aanvullende insamelings word beplan om leemtes aan te spreek. Ter wille van die vereenvoudiging van die data-insamelingsproses word die verskillende stappe vervolgens

afsonderlik bespreek.

3.6.1 Seleksie van die deelnemer

Volgens Nieuwenhuis (2007) berus kwalitatiewe navorsing op doelbewuste seleksie. Dit beteken dat deelnemers daadwerklik geïdentifiseer word op grond van spesifieke eienskappe wat van hulle aandeelhouers maak in die data wat vir die navorsing nodig is. Die seleksieproses fokus dus daarop om die rykste moontlike bron van inligting met betrekking tot die navorsingsvrae te verkry.

Die navorser gebruik volgens doelbewuste seleksie sy/haar oordeel om deelnemers te kies op grond van die doelwit van die beoogde studie (Whitley, 2002). Vir die doel van die voorgenome studie is dit belangrik dat die deelnemer 'n ongehude swanger tiener sal wees. Ongehude swanger dogters sal dus genader word vir deelname aan die studie. Addisionele voorvereistes vir die studie is dat die deelnemer Engels magtig moet wees, en tussen die ouderdomme 12 en 21 jaar (adolessente).

Vanweë die aard van die deelnemer se konteks, kan die seleksieproses ook as 'n gerieflikheidssteekproef beskou word (Whitley, 2002). Die instansies wat ongehude swanger tieners akkommodeer, organiseer die dogters se plasing volgens die dringendheid van die krisis aangaande hul swangerskap. Volgens mevrou Sandra van der Merwe (2010, maatskaplike werker by Berg-en-Dal Swangerskapkrisissentrum) is dit onmoontlik om met volkome sekerheid te voorspel watter dogters op 'n bepaalde tyd aanwesig sal wees. Die deelnemer sal tydens die uitvoer van die studie in die tehuis gehuisves word, wat impliseer dat daar van 'n gerieflikheidssteekproef gebruik gemaak gaan word (Whitley, 2002). As gevolg hiervan sal die resultate van die studie egter nie na ander populasies veralgemeen kan word nie. Weens die onsekerheid van die dogters se lengte van verblyf by Berg-en-Dal sou dit ook nie gebaat het om langtermyn intervensie te beplan nie.

Nadat die deelnemer geïdentifiseer is en die nodige toestemming van relevante rolspelers verkry is, sal spesifieke kwalitatiewe tegnieke geïmplementeer word om die hantering van die aanpassingsbehoefte van ongehude swanger tieners aan die hand van lewensontwerpberading te ondersoek. Gevalstudienavorsing as kwalitatiewe navorsingsontwerp maak staat op spesifieke data-insamelingstegnieke. Die prosedure van data-insameling word vervolgens bespreek.

3.6.2 Die dimensies van aanpasbaarheid as raamwerk vir die studie

Die beplande navorsing behels 'n gevalstudie waartydens die hantering van die aanpassingsbehoefte van ongehude swanger tieners aan die hand van lewensontwerpberading ondersoek gaan word. Die betrokke adolessente word gekies na aanleiding van spesifieke eienskappe waaroor hulle beskik. Vir die doel van die

voorgenome studie is die spesifieke eienskappe waarvoor deelnemers moet beskik eerstens dat hulle adolessente moet wees en tweedens dat hulle ongehuide swanger dogters moet wees.

Die dimensies van aanpasbaarheid, soos voorgestel deur Savickas (2005) en Hartung (2007) sal as raamwerk vir die betrokke gevalstudie dien. Hierdie dimensies is **beroepsbelang, beroepsbeheer, beroepsnuuskierigheid en beroepsselfvertroue**⁴. Die deelnemers sal tydens 'n fokusgroepsessie die geleentheid kry om, na aanleiding van 'n lys stellings wat hierdie dimensies verteenwoordig, betekenis te konstrueer en aan die verskillende dimensies van aanpasbaarheid te heg. Hierdie proses, sowel as die betekenis wat gekonstrueer is, sal ondersoek word.

3.6.3 Kwalitatiewe tegnieke

Kwalitatiewe data-insamelingstegnieke wat in die studie gebruik gaan word, is die volgende:

Tabel 3.1: Data-insamelingstegnieke en dokumenteringsmodi

Metode	Bespreking	Dokumenteringsmodi
Waarneming	Die deelnemer sal gedurende interaksie deur die navorser dopgehou word, en laasgenoemde sal dus tydens hierdie waarneming as deelnemer erken word. Op hierdie wyse sal patrone van gedrag binne 'n spesifieke konteks waargeneem word ten einde die aannames, waardes en oortuigings van die deelnemer beter te verstaan (Cohen et al., 2000). Die navorser se waarneming sal deur middel van veldnotas gedokumenteer word.	Veldnotas
Postmoderne tegnieke	Postmoderne tegnieke sal gebruik word om basislyninligting te bekom en die proses van lewensontwerpberading te fasiliteer. Tegnieke wat na gelang van die deelnemer se behoeftes geïmplementeer gaan word, sluit 'n collage, genogram, 'n lewenslyn, leuses, rolmodelle en 'n aanpasbaarheidsvraelys in.	Oudio-opname en verbatim-transkripsie
Psigometriese instrumente	Om 'n volledige beeld van die deelnemer te bekom gaan die Career Interest Profile (Maree, 2010) en die Myers-Briggs Type Indicator (Briggs & Briggs Myers, 1994) toegepas word.	Voltooide vraelyste
Ko-konstruktiewe gesprekvoering ⁵	Ko-konstruktiewe gesprekvoering gaan gebruik word om data in te samel.	Oudio-opname en verbatim-transkripsie
Bandopnames	Oudio-opnames sal van alle interaksie gemaak	Oudio-opname en

⁴ Vir 'n meer omvattende beskrywing van hierdie dimensies, verwys asseblief na hoofstuk 2.

⁵ Die term "ko-konstruktiewe gesprekvoering" is in die voorgenome studie gebruik om die dinamiese proses voor te stel waar beide die navorser en deelnemer aktief by die skep van kennis betrokke is.

	en verbatim getranskribeer word.	verbatim-transkripsie
Veldnotas	Die navorser sal haar waarnemings noteer en veldnotas maak van al haar interaksie met die deelnemers	Joernaal
Navorsersdagboek/-joernaal	Alle idees, gedagtes en ondervindings met betrekking tot die navorsingsproses, asook refleksie oor die navorser se eie vermoëns as navorser, sal in 'n joernaal aangeteken word.	Joernaal

Data-insamelingstegnieke wat in die studie geïmplementeer gaan word, word vervolgens afsonderlik bespreek.

3.6.4 Data-insamelingstegnieke

3.6.4.1 Collage

'n Collage is 'n visuele storievertelling. Die deelnemer kan enige kombinasie van prente, materiaal, foto's, geskrewe woorde of simbole gebruik om 'n voorstelling te maak. Hierdie collage word 'n konkrete uitbeelding van haar lewe en dit word bespreek om betekenisvolle temas en patrone te identifiseer (Fritz & Beekman, 2007).

3.6.4.2 Genogram

Hierdie tegniek behels 'n beskrywing van elke lid van die deelnemer se oorspronklike gesin, asook 'n skematiese voorstelling van hoe hulle met mekaar verbind word. Sy sal gevra word om haar rol in die gesin te bespreek en kernwaardes van die gesin te identifiseer.

3.6.4.3 Lewenslyn

'n Lewenslyn bied die geleentheid aan die navorser en deelnemer om in die lewensverhaal van die deelnemer betrokke te raak, en om temas en patrone te onthul en te identifiseer wat as 'n basis vir die voorkeurverhaal gebruik kan word (Fritz & Beekman, 2007). Die deelnemer sal gevra word om mylpale in haar lewe te identifiseer en dit chronologies as positief of negatief voor te stel.

3.6.4.4 Rolmodelle

Hierdie tegniek vereis van die deelnemer om drie van haar rolmodelle en hul karaktereienskappe te bespreek. Die tegniek steun op die veronderstelling dat sy eienskappe sal noem wat tot haar spreek en waarmee sy kan identifiseer (Fritz & Beekman, 2007).

3.6.4.5 Leuses

Hierdie tegniek is soortgelyk as die vorige, aangesien die deelnemer versoek sal word om drie van haar gunstelingleuses te noem. Dit verskaf weereens die geleentheid om temas en patrone te onthul en te identifiseer.

3.6.4.6 Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009)

Die aanpasbaarheidsvraelys wat tydens die studie gebruik sal word, is 'n kwalitatiewe instrument wat spesifiek fokus op die dimensies van aanpasbaarheid, soos in hoofstuk 2 bespreek.

3.6.4.7 Myers-Briggs Type Indicator (Briggs & Briggs Myers, 1994)

Aangesien ek nie in die toepassing van die *MBTI* (Briggs & Briggs Myers, 1994) opgelei is nie, het my studieleier onderneem om hierdie vraelys na te sien en die interpretasie daarvan skriftelik aan my te besorg.

3.6.4.8 Career Interest Profile (Maree, 2010)

Die *Career Interest Profile (CIP)* (Maree, 2010) verskaf inligting rakende aspekte van persone se beroepsvoorkeure. Die klem val nie op die bruikbaarheid van die resultate nie, maar op die kliënt se oogpunt en interpretasie van gebeure. Gesprekvoering op grond van die *CIP* het insig verskaf in die redes waarom Maggie 'n spesifieke beroepsprofiel toon.

Die ontleding van data tydens kwalitatiewe navorsing het volgens De Vos (2005) die uiteindelige doel om betekenis te skep. Dataontleding word dus vervolgens bespreek.

3.7 DATAONTLEDING

Kwalitatiewe dataontleding is 'n deurlopende proses waarin die insameling, verwerking, ontleding en vertolking van data verweef is en nie noodwendig liniêr verloop nie (De Vos, 2005). Dit is dus dikwels noodsaaklik om die oorspronklike veldnotas te herondersoek en gevolgtrekkings te verifieer of om addisionele inligting van deelnemers te verkry in 'n poging om subjektiewe betekenis beter te begryp. Deur 'n proses van induktiewe ontleding word prominente temas ontbloot. Volgens Nieuwenhuis (2007) bevorder induktiewe dataontleding die ryk en diep beskrywing wat in hierdie tipe studie verlang word.

Creswell (2003) stel die volgende gevalstudie-benadering tot dataontleding voor om die inligting op 'n betekenisvolle wyse te organiseer en te interpreteer:

- Organisering van data: Die data word na insameling voorberei vir ontleding. Ek gaan rou data organiseer, oudio-opnames transkribeer en veldnotas tik. Hierna word irrelevante inligting uitgeskakel. Ten einde die opeenhoping van data te

voorkom (Cohen *et al.*, 2000) sal ek reeds hierdie stap in werking stel wanneer daar met data-insameling begin word. Na aanleiding van die patrone en temas wat in die deelnemers se bydraes geïdentifiseer word, gaan ek 'n raamwerk ontwerp wat die analise van data sal vergemaklik.

- Lees en maak van aantekeninge: Hierdie stap vereis dat ek deur al die inligting lees en kantaantekeninge met voorlopige kodes maak. Gedurende hierdie fase is dit belangrik om die data verskeie kere te lees, daarmee bekend te raak en 'n algemene indruk daarvan te kry (Lichtman, 2006; Terre Blanche & Kelly, 1999)
- Analise van data in besonderhede: Vervolgens word die georganiseerde data in betekenisvolle kategorieë ingedeel en benoem. Ryk beskrywende inligting wat verband hou met die deelnemers, gebeure en betekenisvolle rolspelers word vanuit die kategorieë gekry.
- Beskrywing en identifisering van temas en subtemas: Hierdie fase is onlosmaaklik deel van die vorige fase. Temas en subtemas word vanuit die genoemde kategorieë geïdentifiseer en gekodeer. Kodering behels die opbreek van data op 'n analitiese en betekenisvolle wyse (Terre Blanche & Kelly, 1999). Hierdie temas kan in 'n voorlopige volgorde van belangrikheid gerangskik en vergelyk word om duplisering te voorkom (Lichtman, 2006).
- Berskrywing en voorstelling van temas: Gedurende hierdie fase word die betekenisvolle temas en subtemas bespreek. Die verwantskappe tussen hierdie konsepte word uitgelig en visuele voorstellings soos grafieke, tabelle en figure word gebruik om die data voor te stel.
- Interpretasie van data: Tydens hierdie stap word daar gepoog om die betekenis van die data en navorsing te verduidelik. Hierdie interpretasie word of gebaseer op die navorser se interpretasie vanuit persoonlike ervaring of bevindinge kan vergelyk word met die betrokke literatuurstudie of teorie.

Ten einde te verseker dat die data op 'n akkurate wyse ingesamel en geanaliseer word, moet daar voldoen word aan spesifieke kwaliteitsversekeringskriteria. Hierdie kriteria word vervolgens bespreek.

3.8 KWALITEITSVERSEKERINGSKRITERIA

McMillan en Schumacher (2001) beskou die kredietwaardigheid van 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp as die mate waarin interpretasies en konsepte dieselfde betekenis vir beide navorser en deelnemer inhou. Vertrouenswaardigheid verwys weer na die manier waarop die navorser in staat is om toehoorders te oortuig dat die studie waardevol en die navorsing van 'n hoë gehalte is, asook dat die resultate 'n akkurate weerspieëling van die werklikheid is. Aangesien die twee aspekte so nou aan mekaar verwant is, kan daar

volgens Lincoln en Guba (in Nieuwenhuis, 2007) geen kredietwaardigheid sonder vertrouenswaardigheid bestaan nie en is die aanspreek van kredietwaardigheid dikwels voldoende om die vertrouenswaardigheid van 'n studie te bevestig.

Kwaliteitsversekering is volgens De Vos (2005) 'n essensiële element van kwalitatiewe studies. Kredietwaardigheid en vertrouenswaardigheid beïnvloed volgens Lincoln en Guba (in De Vos, 2005) die kwaliteit van 'n kwalitatiewe studie. Hierdie konstrukte word vervolgens bespreek.

3.8.1 Kredietwaardigheid

Soos geldigheid na die egtheid van resultate tydens kwantitatiewe navorsing verwys, word die konsep "kredietwaardigheid" gebruik om tydens kwalitatiewe navorsing na die egtheid van navorsingsresultate te verwys. Die noodsaaklikheid daarvan dat navorsers hierdie egtheid van resultate kan bevestig, word deur Stake (2005) beklemtoon. Die kredietwaardigheid van 'n kwalitatiewe studie word volgens De Vos (2005) bevorder deur 'n ryk beskrywing wat die kompleksiteit van veranderlikes en verwantskappe beklemtoon. McMillan en Schumacher (2001) stel verskeie strategieë voor wat hierdie ryk beskrywing moontlik maak. Ek som die strategieë op in Tabel 3.2.

Tabel 3.2: Strategieë om die kredietwaardigheid van 'n kwalitatiewe studie te verhoog (McMillan & Schumacher, 2001)

Strategie	Toepassing tydens my studie
Uitgebreide veldwerk	Ek sal van deelnemer-terugvoer gebruik maak om my bevindinge met die deelnemers se realiteite te vergelyk.
Multimetode-strategie	Ek sal op verskeie datainsamelingstegnieke steun.
<i>Verbatim</i> verslaglewering van response	Ek sal die semigestruktureerde onderhoude opneem en <i>verbatim</i> transkribeer.
Detail-terugverwysende verduidelikings	Ek sal gedetailleerde verduidelikings van die verloop van die sessies verskaf.
Veelvoudige navorsers	Ek sal primêr as navorsers optree, maar my data-insameling en -ontleding voortdurend met my studieleier bespreek.
Meganiese data-insameling	Ek sal van bandopnames gebruik maak.
Deelnemer-opvolging	Ek sal gedurende die navorsingsproses deurlopend informeel met die deelnemers skakel om hul reaksie of situasies meer akkuraat te probeer begryp.
Deelnemer-terugvoer	Ek sal misverstande en onduidelike konsepte met die deelnemers uitklaar voor ek die data interpreteer.
Verslaglewering met betrekking tot weersprekende data	Ek sal terugvoering insluit oor negatiewe en weersprekende resultate wat moontlik teenstrydige patrone in die data-insameling voorstel (sien Hoofstuk 4).

3.8.1.1 Kristallisasie

In 'n poging om die kredietwaardigheid van my studie te verhoog, sal ek kristallisasie implementeer deur data op verskeie metodes in te samel. Kristallisasie beklemtoon die veranderende, subjektiewe aard van realiteit en is volgens Richardson (in Janesick, 2000) 'n beter lens as triangulasie waardeur komponente tydens kwalitatiewe navorsing beskou kan word. Die ontwikkelende realiteit aangaande 'n bepaalde verskynsel word deur kristallisasie beklemtoon en daar word nie slegs gefokus op die meetbare, presiese aspekte in 'n studie nie (Niewenhuis, 2007). Kristallisasie stel so die navorser in staat om te fokus op die kompleksiteit van 'n verskynsel deur verskillende invalshoeke te reflekteer. Ek sal in hierdie studie poog om 'n meer komplekse en dieper begrip van die verskynsel te verkry deur patrone te identifiseer wat sigbaar word deur die proses van dataopname en -analise.

3.8.2 **Vertrouenswaardigheid**

Die konsep "vertrouenswaardigheid" verwys tydens kwalitatiewe navorsing na die mate waarin lesers van 'n bepaalde studie oortuig kan wees dat die navorsing van 'n hoë gehalte en dus waardevol is (Lincoln & Guba, in Johnson & Turner, 2003). Vir 'n kwalitatiewe studie om as vertrouenswaardig beskou te kan word, moet dit aan die volgende kriteria voldoen:

Egtheid of geloofwaardigheid: Indien deelnemers se belewenisse, asook beskrywings en interpretasies wat vanuit hul omgewing verkry is, akkuraat gerapporteer word, kan 'n studie volgens Terre Blanche, Durrheim en Painter (2006) as geloofwaardig beskou word. Sodoende is vertrouenswaardigheid 'n aanduiding van die mate waartoe die leser oortuig kan wees dat die bevindinge van die studie akkuraat deur die navorser weergegee is (Durrheim & Wassenaar, 2000). Tydens hierdie studie sal ek poog om die bevindinge so volledig moontlik weer te gee en waar moontlik te omskryf. Verder sal ek poog om inligting akkuraat te rapporteer, om gedetailleerde beskrywings van die navorsingsproses in te sluit en inligting wat ek bekom het met die deelnemers uitklaar (Babbie & Mouton, 2001; Merriam, 1998; Pitney, 2004).

Oordraagbaarheid: Oordraagbaarheid verwys na die mate waarin die resultate van 'n studie oorgedra kan word na ander kontekste en by ander groepe sal geld (Lichtman, 2006; Patton, 2002; Seale, Gobo, Gubrium & Silverman, 2004). Weens die kompleksiteit en subjektiwiteit verbonde aan kwalitatiewe navorsing is De Vos (2005) van mening dat die oordraagbaarheid van resultate tydens hierdie navorsing problematies kan wees. Die fokus val egter tydens kwalitatiewe navorsing nie op die toepaslikheid van bevindinge nie, maar eerder op in-diepte beskrywings en insig. 'n Moontlike oordrag na en vergelyking met ander soortgelyke kontekste word sodoende moontlik vir die leser van 'n studie. In hierdie studie sal ek poog om die kompleksiteit van inligting so getrou en toepaslik moontlik te beskryf eerder as om te veralgemeen.

Bevestigbaarheid/Neutraliteit: Golafshani (2003) stel voor dat die konsep “bevestigbaarheid” tydens kwalitatiewe navorsing die konsep “objektiwiteit” wat in die kwantitatiewe tradisie gebruik word, as kwaliteitsversekeringskriterium kan vervang. Bevestigbaarheid verwys volgens Babbie en Mouton (2001) daarna dat bevindinge nie gebasseer is op die vooroordele en aannames van die navorser nie, maar getrou die resultate en fokus van die studie reflekteer. Indien ’n studie as bevestigbaar beskou word, impliseer dit dat, indien die navorsing weer binne dieselfde konteks uitgevoer sou word, onder dieselfde omstandighede en met dieselfde deelnemers, soortgelyke bevindinge verwag sou kon word (Bouwer, 2007). Kwalitatiewe navorsing impliseer egter meervoudige realiteite en bevestigbaarheid kan om hierdie rede nie as ’n voorvereiste dien nie. Dit vereis eerder dat die navorser tydens die studie deurgaans bewus bly van sy/haar aannames en vooroordele ten opsigte van, in die geval van hierdie studie, ongehude swanger tieners. Om aan die kriterium van bevestigbaarheid/neutraliteit te voldoen sal ek die invloed van vooropgestelde idees ten opsigte van die navorsing probeer beperk deur in ’n navorsersdagboek te reflekteer, gedetailleerde beskrywings te verskaf en die navorsing, asook my eie idees, met my studieleier te bespreek.

Outentiekheid: Data kan volgens Cohen *et al.* (2000) en Krefting (1991) op ’n gebalanseerde wyse gerapporteer kan word deur onder andere ’n outentieke benadering te volg en dit wat onbekend was, bekend te maak. Nuwe kennis, wat uit data voortvloei, behoort dan uiteraard weer aanleiding te gee tot nuwe navorsingsaksies (Bouwer, 2007). Ek sal tydens my navorsing fokus op ’n navorsingsverskynsel ten opsigte waarvan beperkte navorsingsresultate tans beskikbaar is en waaroor tot op hede min gerapporteer is.

Vervolgens verskaf ek ’n bondige opsomming van die stappe geneem om geldigheid en vertrouenswaardigheid te bevorder.

3.8.3 Stappe om die geldigheid en vertrouenswaardigheid van die studie te bevorder

Die volgende strategieë sal toegepas word om die geldigheid en dus ook die vertrouenswaardigheid van die voorgenome studie te bevorder:

- Triangulasie gaan in beide data-insameling en dataontleding toegepas word deur van verskeie metodes gebruik te maak.
- Die interaksie sal verbatim opgeneem en getranskribeer word.
- Verduidelikings en situasies sal in fyn besonderhede genoteer word en die navorser sal daarteen waak om voortydige gevolgtrekkings te maak.
- Die navorser sal die beskrywende data wat ingesamel word met haar toesighouer/studieleier bespreek.
- ’n Bandopnemer sal gebruik word om die interaksie op te neem en so die akkuraatheid van data te bevorder.

- Die gewaarwordings en aannames van die navorser sal in 'n refleksiejoernaal genoteer word om bevindings deurlopend te toets en op hierdie wyse te verseker dat die response van die deelnemers akkuraat begryp word.
- Die akkuraatheid van die navorser se insig en begrip sal voortdurend op 'n informele wyse met die deelnemers bevestig word.
- Misverstande sal met die deelnemers uitgeklaar word voordat die data geïnterpreteer word.
- Terugvoer sal aan die deelnemers verskaf word rakende enige negatiewe of diskrepante data wat teenstrydige patrone in die data-insameling voorstel.

3.9 ETIESE OORWEGINGS

Etiese oorwegings is uiters belangrik wanneer navorsing onderneem word. Die navorser sal die volgende etiese voorskrifte (Strydom, 2005) tydens die verloop van die voorgename studie handhaaf en sy onderneem om:

- haar volle identiteit en agtergrond aan die deelnemers bekend maak en ten alle tye eerlik met die deelnemers wees;
- met die aanvang van die proses die doel en prosedure van die navorsingsproses volledig aan die deelnemers en hul ouers/voogde te verduidelik;
- ingeligte toestemming van die relevante partye (Departement Opvoedkundige Sielkunde (UP), Berg-en-Dal Swangerskapkrisissentrum, deelnemers en hul ouers/voogde) te verkry en alle ooreenkomste wat hierop betrekking het, na te kom;
- die deelnemers teen enige fisieke en/of geestelike ongemak en gevaar te beskerm;
- enige kontroversiële bevindings te antisipeer en, indien nodig, met sensitiwiteit te hanteer;
- te aanvaar dat deelnemers die reg en vryheid het om deelname te weier of om in enige stadium vanuit die navorsing te onttrek;
- alle moontlike maatreëls te tref om onakkurate interpretasie van data te beperk, en
- die resultate van die navorsing aan die deelnemers en hul ouers/voogde bekend te maak.

3.10 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Aangesien net een deelnemer ondersoek word, is die omvang van die studie uiters beperk. Veralgemening word bemoeilik aangesien hierdie deelnemer nie as verteenwoordigend van 'n populasie gesien kan word nie.

Daar sal deurgaans gepoog word om die geldigheid en vertroubaarheid van bevindings te bevorder. Die subjektiwiteit wat 'n gevalstudie kenmerk, lei daartoe dat die resultate nie geverifieer of met ander vergelyk kan word nie. Bevindings word dus as

selektief, persoonlik en subjektief beskryf. Volgens Cohen *et al.* (2000) neig gevalstudies na waarnemer-vooroordeel, wat die omsigtigheid waarmee resultate hanteer moet word, beklemtoon.

3.11 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het ek die navorsingsproses wat in die voorgenome studie gevolg gaan word, bespreek. Ek het allereers die interpretivistiese/konstruktivistiese paradigma waaruit ek te werk gaan, beskryf waarna ek die navorsingsontwerp omskryf het. Die proses van data-insameling en dataontleding is vervolgens bespreek waarna ek gefokus het op kwaliteitsversekeringskriteria en ter afsluiting die etiese maatreëls waaraan gedurende die studie voldoen sal word, uiteengesit. In hoofstuk 4 word die resultate van die studie bespreek.

HOOFSTUK 4

BESPREKING VAN RESULTATE

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die aanpassingsbehoefte van 'n swart ongehude swanger tiener ondersoek. Ek begin deur 'n kort opsomming te gee van die dataontledingsmetodes wat in hierdie studie geïmplementeer is, waarna die deelnemer se agtergrondinligting bespreek word. Hierna word die prosedure wat gevolg is kortliks genoem en daarna word die betekenisvolle hoof- en subtemas geanaliseer en bespreek. Ek sluit af met 'n samevatting van die betrokke hoofstuk.

4.2 METODE VAN DATAONTLEDING

Kwalitatiewe analise is die relatief sistematiese proses van selektering, kategorisering, vergelyking, samevoeging en interpretering van inligting om verduidelikings te verskaf ten opsigte van die verskynsel van belang. Kwalitatiewe dataontleding verskil heelwat as gevolg van die verskillende navorsingsfokuspunte, doelwitte, insamelingstrategieë en metodes van kwalitatiewe ondersoek. Kwalitatiewe navorsers is dit eens dat geen standaard stel prosedures vir dataontleding of analitiese strategieë bestaan nie. In die woorde van McMillan en Schumacher (2001:463):

Analyzing qualitative data is an eclectic activity – there is no one right way and data can be analyzed in more than one way. Most qualitative researchers wish to avoid standardizing the process because a hallmark of qualitative research is the creative involvement of the researcher. Each analyst must find his or her own style of intellectual craftsmanship.

Tog vereis kwalitatiewe analise metodologiese kennis en intellektuele bekwaamheid.

Tydens die dataontleding van die onderhawige studie het ek 'n patroon- (*template*) styl van ontleding gebruik. 'n Patroonstyl van ontleding verwys volgens McMillan en Schumacher (2001) na die logiese toepassing van kategorieë op die data. Hierdie kategorieë of klassifikasies word gereeld tydens dataontleding hersien. Die aanvanklike stel kategorieë word vanuit navorsingsvrae, temas of relevante kategorieë in die literatuur verkry en mag soms nie tot in die finale analise behoue bly nie.

Die dataontledingsmetodes wat in hierdie studie geïmplementeer is, word in die onderstaande tabel opgesom (verwys na p. 48 vir 'n gedetailleerde bespreking).

Tabel 4.1: Metode van dataontleding: Praktiese implementering gebaseer op Creswell (2003) se benadering

Stappe	Beskrywing
Stap 1	Ek het die data vir analise voorberei deur rou data te organiseer en opnames te transkribeer.
Stap 2	Ek het verskeie kere deur al die data geles en aantekeninge gemaak om sodoende vertrouwd te raak met die inligting en 'n geheelbeeld te verkry.
Stap 3	Ek het die data in besonderhede ontleed deur eenhede vir ontledingsdoeleindes te selekteer en in betekenisvolle kategorieë in te deel. Ek het my laat lei deur kategorieë wat ek in relevante literatuur gevind het.
Stap 4	Ek het die inligting in hoof- en subtemas georganiseer op grond van die temas wat die meeste voorgekom het, asook dié wat ek as die belangrikste beskou het, (McMillan & Schumacher, 2001). Ek het gedurende hierdie stap van 'n eksterne kodeerder ⁶ (sien bylae C) gebruik gemaak om kategorieë te verifieer.
Stap 5	Ek het die verloop van elke stadium bespreek en die betekenisvolle hoof- en subtemas wat in elke sessie geïdentifiseer is, beskryf.
Stap 6	Ek het die data geïnterpreteer en betekenis daaraan gegee.

Ten einde die geldigheid en vertroubaarheid van my studie te bevorder, het ek gedurende data-insameling en dataontleding die riglyne gevolg wat deur McMillan en Schumacher (2001) voorgestel word (verwys na tabel 3.1, p. 46).

Relevante agtergrondinligting van die deelnemer word vervolgens bespreek.

4.3 DEELNEMER SE AGTERGRONDINLIGTING

Die deelnemer (hierna "Maggie" genoem) is 'n 17-jarige, swart, Tswanasprekende dogter. Sy herhaal tans graad 11 aan 'n Noord-Gautengse skool. Volgens Maggie is dit die eerste keer dat sy 'n graad herhaal.

Maggie se ouers is ongeskoold, haar vader werk soms as 'n verwer en haar moeder as 'n skoonmaker. Maggiess en haar halfbroer, Jonas, woon by hul *Magogo*, hul paterne grootmoeder. Maggie se moeder het ook twee seuns uit 'n vorige verhouding, maar Maggie ken hierdie broers nie. Buiten twee jaar waartydens Maggie by haar materne grootmoeder gaan woon het, woon sy sedert geboorte by haar paterne grootmoeder en het net af en toe kontak met haar ouers. Maggie het verlede jaar vir die eerste keer 'n ernstige verhouding met 'n seun begin en is tans swanger.

⁶ Me. Z. Pollard het as eksterne kodeerder opgetree. Sy is 'n gekwalifiseerde Opvoedkundige Sielkundige met uitvoerige ervaring in kwalitatiewe data-ontleding.

Vir Maggie was haar deelname aan hierdie studie 'n totaal nuwe ondervinding 'I have never done this before ... in my life'. Maggie se beperkte omgewing en ondervindings het gedurende die verloop van ons saamwees al duideliker geraak. Tog moes Maggie in haar beperkte omgewing al by verskeie kontekste en veranderings aanpas.

4.4 PROSEDURE

Maggie het ingeligte toestemming verleen dat alle sessie opgeneem en getranskribeer kan word. In totaal is agt sessies van ongeveer 'n uur elk onderneem. Stadia een, twee en drie het elk twee sessies behels en stadia vier en vyf elk een sessie. Selfrefleksie is gedurende elke sessie gefasiliteer.

4.5 RAKENDE DIE TEMAS VAN DIE NAVORSING

Die kern- of sentrale tema van hierdie navorsing handel oor die aanpasbaarheidsbehoefte van 'n swart ongehude swanger tiener – meer spesifiek oor die hantering van hierdie behoeftes vanuit 'n lewensontwerpberadingsperspektief. Alhoewel hierdie tema nie op sigself bespreek word nie, skakel die temas wat geïdentifiseer word hiermee en sal hulle gebruik word om hierdie kerntema uit te brei.

Die patroonstyl van dataontleding wat gebruik is, maak staat op voorafbepaalde temas wat in hierdie geval vanuit relevante literatuur verkry is (Savickas, 2005; 2003; 1997; 1994; Hartung *et al.*, 2008; Hartung, 2007; Watson & Stead, 2006; Campbell & Unger, 2004). Die voorafbepaalde temas in die onderhawige studie is die dimensies van aanpasbaarheid: belang, beheer, nuuskierigheid en selfvertroue (verwys na p. 23 vir 'n gedetailleerde bespreking). Dit gebeur tog dat sommige data-eenhede onder meer as een tema gekategoriseer kan word. Deurgaans het ek voorkeur aan die dimensies van aanpasbaarheid en relevante subtemas gegee. Aangesien die dimensies van aanpasbaarheid verweef en vloeibaar van aard is, kon sekere data-eenhede onder meer as een tema ontleed word. Beide temas is in die ontleding van die transkripsies aangedui. Die temas en subtemas wat geïdentifiseer is, word in figure 4.1 en 4.2 weergegee.

Tabel 4.2: Geïdentifiseerde temas gebaseer op relevante literatuur

Tema geïdentifiseer	Bron van data
Hooftema: Belang	
Belang by beroepstoekoms	<i>Collage</i> Leuses <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010)
Positiewe ingesteldheid ten opsigte van die toekoms	Leuses
Antisipasie/aaneenlopendheid van gebeure	<i>MBTI</i> (Briggs & Briggs Myers, 1994)



	Rolmodelle Lewenslyn
Optimisme/hoop	Rolmodelle <i>Collage</i> Leuse Aanpasbaarheidvraelys (Savickas, 2009)
Planmatigheid	Leuses <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010)
Hooftema: Beheer	
Onafhanklikheid	Rolmodelle <i>Collage</i> Lewenslyn Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009)
Interpersoonlike outonomieit	Rolmodelle <i>Collage</i> Leuses Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009)
Intrapersoonlike wilskrag	Lewenslyn Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009)
Verantwoordelikheid vir/eienaarskap van toekoms	Leuses Lewenslyn
Hooftema: Nuuskerigheid	
Selfkennis	Rolmodelle <i>Collage</i> <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010) Lewenslyn Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009)
Oop houding jeens nuwe ondervindings	<i>MBTI</i> (Briggs & Briggs Myers, 1994) Leuses
Hooftema: Selfvertroue	
Probleemoplossingsvaardighede	<i>Collage</i> Lewenslyn
Selfaanvaarding	Rolmodelle Lewenslyn
Selfwaarde	Rolmodelle Lewenslyn Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009)
Verwagting van sukses	<i>Collage</i> <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010) Aanpasbaarheidsvraelys (Savickas, 2009)

Verskeie adisionele temas het ook tydens dataontleding aan die lig gekom. Alhoewel hierdie temas nie noodwendig die kerntema (die aanpasbaarheidsbehoefte van 'n swart ongehuide swanger tiener) aanspreek nie, sluit ek hierdie temas ter wille van die volledigheid van die onderhawige studie in.

Tabel 4.3: Addisionele temas

Tema geïdentifiseer	Bron van data
Hooftema: Hanteringsmeganismes	
Ontkenning/vermydingsgedrag	Rolmodelle <i>Collage</i> Leuses
Hooftema: Interpersoonlike verhoudingsdinamiek	
Behoefte aan erkenning	Rolmodelle <i>Collage</i> <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010)
Behoefte aan aanvaarding	Rolmodelle <i>Collage</i> Lewenslyn
Behoefte aan ondersteuning	Rolmodelle <i>Collage</i>
Behoefte om te behoort	<i>Collage</i> Leuses Lewenslyn
Isolasie/eensaamheid	<i>Collage</i> Genogram <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010) Lewenslyn
Ondersteuning	<i>Collage</i> Leuses Lewenslyn
Hooftema: Pynlike verlede	
Ontoereikende gesinsverhoudinge	Rolmodelle <i>Collage</i> Genogram <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010) Lewenslyn
Ontoereikende huislike omstandighede	<i>Collage</i> Genogram Lewenslyn

Ondervinding van mislukking	<i>MBTI</i> (Briggs & Briggs Myers, 1994) <i>Career Interest Profile</i> (Maree, 2010)
-----------------------------	---

Die temas wat in hierdie studie geïdentifiseer is, sal volgens die stadia van die lewensontwerpberadingsproses bespreek word. Die onderskeid wat tussen stadia getref word, is bloot ter wille van gerief en om verwysing en lees te vergemaklik. 'n Lang ononderbroke teks sou wel moeiliker wees om te lees, maar sal die interafhanklikheid van data en temas meer akkuraat reflekteer. Deur die bespreking eerder volgens die stadia as die individuele sessies in te deel, poog ek om die interafhanklikheid van die temas te erken en die sentrale tema (die hantering van hierdie behoeftes vanuit 'n lewensontwerpberadingsperspektief) aan te spreek.

Die stadia waarvolgens die temas bespreek gaan word, is die volgende: die konstruksie van 'n werksverbintenis; kartering en verkenning van die sisteem van subjektiewe identiteitsvorme; opening van perspektiewe; ontdekking en herskryf, herorganisering en hersiening van stories; die plasing van die probleem in die nuwe storie en nuwe perspektief; die spesifikasie en seleksie van aktiwiteite wat kwessies rakende identiteit ondersoek en ten slotte 'n opvolggesprek.

Die stadia van die lewensontwerpproses word vervolgens bespreek.

4.6 **BESPREKING VAN DIE STADIA VAN DIE LEWENSONTWERPBERADINGSPROSES**

4.6.1 **Stadium 1: Vestiging van 'n werksverbintenis**

4.6.1.1 Die argitek van haar eie lewe

Gedurende die eerste stadium (konstruksie van 'n werksverbintenis) is gepoog om duidelikheid te kry oor Maggie se unieke uitdagings. Sy stel dit so: 'find a job. Help my find my way again'. Lewensontwerpberading stel dit ten doel om vir Maggie die verstaan en hantering van haar unieke konteks te fasiliteer (Savickas, Nota, Rossier, Dauwalder, Duarte, Guichard, Soresi, Van Esbroeck & Van Vianen, 2010). Daar is onder meer aan haar verduidelik dat sy alleen die argitek van haar lewe is (Campbell & Ungar, 2004), maar dat die berader saam met haar sou werk om 'n toekoms te ko-konstrueer en 'n lewe te ontwerp. Met ander woorde, die idee van die ko-konstruksie van 'n werksverbintenis is gevestig en verduidelik (Savickas, 2005). Maggie neem weldra eienaarskap van die proses. Op die vraag 'Can you do whatever you want to do?' antwoord sy, 'When things go right' en voeg by, 'When I make them'.

Daar word tydens hierdie werksverbintenis gepoog om effektiewe strategieë vir probleemoplossing, aksiebeplanning en algemene lewensontwerp te ontwikkel (Savickas *et*

al., 2010). Die berader is egter nie verantwoordelik vir enige besluit nie, slegs om 'n bewuswording by die kliënt te fasiliteer (Campbell & Ungar, 2004). Hierdie bewusmaking sluit die identifisering in van die uitdagings wat die kliënt in die belangrikste konteks of kontekste in die gesig staar (Duarte, 2010).

Die belangrikste kontekste van Maggie se unieke uitdagings word vervolgens bespreek.

4.6.1.2 Mees prominente kontekste

Volgens Duarte (2010) is die berader se taak om saam met die kliënt die unieke uitdagings in sy/haar belangrikste kontekste te identifiseer. Maggie staar verskeie uitdagings in die gesig. Die mees prominente hiervan, volgens Maggie, is haar swangerskap 'Getting pregnant while I'm at school'. Hierdie uitdaging oorkoepel Maggie se twee belangrikste kontekste: haar skoolloopbaan 'I think it is bad because I was at school...' en haar gesinslewe 'I will cope with it, you know. As long as I have a very warm family'.

i *Skoolkonteks*

Die invloed van Maggie se huidige omstandighede op haar skoolloopbaan is duidelik. As 'n Graad 11 leerder is haar daaglikse program ernstig deur onlangse gebeure ontstig. 'Getting pregnant while I'm at school' is vir haar persoonlik teleurstellend. Sy wil graag weer op haar weg kom, geld maak en daaraan werk om haar lewe eenvoudiger en meer hanteerbaar te maak.

Maggie het besluit om vir eers skool te staak, maar beplan om terug te gaan na die baba se geboorte aangesien sy graag matriek wil voltooi. Sy het op die oomblik nie 'n plan met haar baba nie. Sy weet wel dat haar familie haar nie sal kan help nie. Haar *magogo* by wie sy woon, is volgens Maggie te oud. Haar familiekonteks word vervolgens bespreek.

ii *Familiekonteks*

Wanneer Maggie van 'n warm, ondersteunende familie praat, spreek sy eerder 'n wens uit as om haar familiekonteks te beskryf. Haar beskrywing van haar familie gee 'n geskiedenis van gebroke en ontoereikende verhoudings weer 'I have three brothers, Willie, Seun and Jonas. I don't know Willie and Seun. Seun and Willie, we have the same mother ... I have never met Seun'; 'I don't know my father's father. My grandmother she left him. We don't know if he is still alive' en 'My mother she was married, I don't know him' .

Van haar eie ouers kan Maggie min vertel. Vrae rakende haar ouers is gedurende die verloop van ons sessies deurgaans met lang stiltes of uiters bondige antwoorde beantwoord. Sy noem dat hulle alkoholiste is en dat sy om hierdie rede eerder by haar

magogo woon 'I rather live with Molly because they are alcoholics'. Hul onvermoë om haar te versorg is duidelik uit die volgende vertelling:

My mother and my father they were staying at my granny's place, ok? And then there was this one day. They were sleeping. They were lighting the candles and the bed caught fire. I was still young. My grandmother, it is a four room house, she smelt it. And my mother and father were drunk or something.

Maggie se ouers blyk onbewus te wees van haar soms gevaarlike omstandighede. Na 'n tydperk van verblyf by familie waar daar deurentyd die gevaar van verkragting was, is Maggie se antwoord op die vraag waar haar ouers tydens hierdie gebeure was, 'They were staying at their place'. Ter afsluiting van haar lewenslyn het ek Maggie gevra of sy iets wil byvoeg. Na 'n lang stilte vertel sy 'n storiëttjie wat die gebrek aan 'n verhouding en ondersteuning van haar ouers beskryf:

In grade 10 I was expecting that my mom and dad could buy me a tracksuit pants because they were too much affordable. I was very concerned to buy them. To have them. Very very much. And I felt they were telling me it is very expensive. But they could afford it in January. I was very happy. They give me money and I give it to the teacher and they buy it for me.

Maggie se *magogo* (Molly) en haar halfbroer, Jonas, met wie sy 'n huis deel, is Maggie se enigste bron van familie-ondersteuning. Na 'n tydperk van verblyf by haar ander *magogo* (Elisabet) waar Maggie nie meer kans sien om aan 'n moontlik gevaarlike man blootgestel te word nie 'This uncle he was very very bad, you know? He was trying to, you know... he was like... a rapist guy', kontak Maggie vir Jonas 'But at the end, I called my brother, Jonas. I told him I did not want to live there'. Tog verstrek Maggie nie die redes vir haar besluit nie 'I never told him about what is going on, 'but I told him I want to go back home to my granny's place, because there I do not feel comfortable' en word Jonas nooit weer in 'n anekdote genoem nie.

Maggie noem dat haar *magogo*, Molly, die persoon is met wie sy die naaste verhouding het 'Even when I'm bad, she still loves me'. Tog is hierdie verhouding tot 'n mate ook beperk 'I could not talk to my Granny because there are some things I cannot chat with my Granny. Like having feelings and maybe having a boyfriend', en nadat sy as klein dogtertjie haar arm gebreek het 'I was afraid even to tell my granny...I was afraid she would be crazy (angry) to me'. Haar *magogo* is ook werkloos en nie finansieel in staat om Maggie en haar kind te ondersteun nie. Alhoewel Maggie 'n mate van familie-ondersteuning tot haar beskikking het, blyk daar 'n beduidende verskil te wees tussen die warm, ondersteunende familie wat sy nà die geboorte van haar kind visualiseer 'As long as the baby is fine with me, I'm fine. And the family, my family. I don't have a stress' en 'As long as I have a very warm family' en haar werklike familie.

Maggie se familiekonteks word gekenmerk deur beperkte verhoudings en ondersteuning. Haar optimisme dat sy haar komende moederskap met die hulp van haar

familie sal kan hanteer 'I will cope with it, you know. As long as I have a very warm family' is nie in 'n realistiese siening wat in haar familiekonteks geanker is nie. Tydens Maggie se proses van lewensontwerp is dit 'n belangrike doelwit dat sy saam met die fasiliteerder 'n meer realistiese siening van haar familiekonteks vorm sodat sy die unieke uitdagings wat dit haar bied, kan identifiseer en aanspreek. In die lig van die kompleksiteit van haar konteks is dit 'n sensitiewe en langtermynproses wat buite die grense van hierdie beperkte studie val.

Die verheldering van haar rolle as deel van die werksverbintenis word vervolgens bespreek.

4.6.1.3 Verheldering van rolle

Dit is Duarte (2010) se opinie dat die berader ook moet poog om die kliënt se verskillende rolle te verhelder tydens die vestiging van hierdie werksverbintenis. Tot op hede was Maggie se belangrikste rol dié van skooler. Alhoewel Maggie beseft dat sy 'n bykomende rol, dié van moeder, gaan moet inneem, ontken sy die invloed wat hierdie verandering op haar kontekste te weeg gaan bring 'I want to achieve everything even though I'm a mother, young girl. It is nothing to worry about'. Op die vraag of sy dink dat haar swangerskap en latere moederskap haar beplande toekoms gaan verander, antwoord Maggie 'Not at all' en 'As long as the baby is fine with me, I'm fine...I don't have a stress'. Die implikasie van haar rol as tiener-enkelouer is vir Maggie nog nie duidelik nie. Sy toon optimisme oor hierdie verandering in haar lewe 'I will cope with it you know', maar verbind nie hierdie optimisme aan 'n werklike toekoms wat sy planmatig benader nie (Hartung, 2007). Een van die doelwitte wat uit hierdie tema gevorm word, is dus dat Maggie gedurende die proses van lewensontwerp haar rol as tiener-enkelmoeder duideliker moet definieer. Hierdie doelwit sal haar help om haar toekoms planmatig te benader sodat sy haar optimisme in die realiteit kan anker (Savickas, 2003).

Die tweede stadium van die lewensontwerpproses, kartering en verkenning van die sisteem van subjektiewe identiteitsvorme word volgende bespreek.

4.6.2 Stadium 2: Kartering en verkenning van die sisteem van subjektiewe identiteitsbeelde

Gedurende hierdie stadium word die sisteem van Maggie se subjektiewe identiteite ondersoek in 'n poging om haar identiteitsbeeld van haarself in verskillende kontekste te analiseer (Guichard, 2009). Sodoende word 'n verband gevestig tussen haar ondervindings (verlede en huidige) en toekomsverwagtings en haar pogings om haar eie identiteit te vestig en haar potensiaal te realiseer. Volgens Guichard (2009) is 'n identiteitsbeeld 'n vasgestelde wyse waarop 'n persoon hom-/haarself en ander in 'n spesifieke konteks sien. Hierdie

definisie word gebruik om vas te stel hoe Maggie haar vorige ondervindings beskryf, hoe sy haarself tans sien en wat haar verwagtings vir die toekoms is. Haar verbeeldingryke denke en ondersoek van moontlike selwe word deurentyd aangemoedig (Oyserman, Bybee & Terry, 2006).

4.6.2.1 Vorige ondervindings

Volgens Gasper (1999) is 'n individu se kennis en identiteit die produk van sosiale en kognitiewe prosesse wat plaasvind in die konteks van interaksies tussen persone en groepe, sowel as onderlinge interaksies. Een van die unieke uitdagings wat Maggie telkens noem, is haar isolasie en ondervindings van eensaamheid. Hierdie uitdaging oorkoepel ook beide haar familie- en skoolkonteks. Oor haar ondervindings by die skool sê Maggie 'I have a best friend, but she is not there at the school' en 'I feel lonely at school. My friend moved to another class'. Een van Maggie se treffende storiëtjies handel oor 'n verjaarsdagpartytjie wat haar *magogo* se tante vir haar gereël het. Drie kinders (familielede) is na die partytjie genooi 'But this... they were not there, I was alone'. Die enigste ander gaste by die partytjie was die pastoor en Maggie se 'friend', oftewel haar ouma se tante. Hierdie eensaamheid gaan veel verder as bloot sosiaal; Maggie is veral geïsoleer ten opsigte van ouerlike belangstelling en ondersteuning. Maggie se verwerping deur haar ouers 'And they moved and they left me there. I don't know... I was only a few months'. en die feit dat sy vanweë hul alkoholisme en onvermoë om haar te versorg by haar *magogo* woon, is reeds in paragraaf 4.6.1.2 bespreek.

Gedurende haar verblyf by haar materne grootmoeder (Elisabet), moes Maggie aanpas by uiters moeilike omstandighede waar die moontlikheid van verkragting 'n konstante bedreiging was. Voordat sy die besluit neem om haar halfbroer, Jonas, te vra om haar te kom haal, probeer sy haar *Magogo* (Elisabet) waarsku oor haar tante se man en sodoende 'n stem wees vir haar jonger niggies wat 'n huis met hom moet deel:

I told Elisabet. Elisabet she was saying: "No Maggie"... But Elisabet she did not take me to the head, you know... Maybe she thought I wanted to wreck the marriage of my aunt. But I wasn't like that. It makes me feel bad. Because after I moved there and they don't believe me.

Ongelukkig gee niemand aan Maggie se waarskuwings gehoor nie en word een van haar niggies deur die man verkrag 'He raped one of my cousins'. Maggie sê tydens haar bespreking van een van haar rolmodelle, televisiester Oprah Winfrey 'She knew what questions to ask. She think that she can talk on the side of the others'. Hierdie ondervinding wat so baie met hierdie eienskap van Oprah ooreenstem, resoneer met Maggie se kernself en raak so deel van Maggie se konstruksie van haar identiteitsbeeld (Savickas *et al.*, 2010).

'n Armoedige agtergrond kleur die meeste van Maggie se beduidende vorige ondervindings. Die *magogo* by wie Maggie en haar halfbroer Jonas woon, is werkloos. Maggie se ouers ondersteun hulle ook nie finansiëel nie en wanneer Maggie gevra word oor haar grootste teleurstelling, het sy die volgende te sê 'They couldn't (her parents) pay for a school trip'. Hierdie is een van die min stellings wat Maggie rakende skool maak. Sy noem wel dat sy dikwels by die skool eensaam voel en ook daar isolasie ervaar 'Sometimes at school I have been embarrassed by some people. They would like me to write on a chalk board for the teacher. And when I stand up they will call me names and that will embarrass me'. Verder is haar vorige ondervindings rakende skool gemeng. Sy onthou haar eerste skooldag as gelukkig 'I was taken to school by my father. And I was wearing a uniform. And then...the teachers liked me when he takes me there... I think they liked me because I was wearing uniform. I liked the uniform'. Die enigste ander, meer onlangse, skoolondervindings wat Maggie deel van haar narratief maak, is ondervindings van mislukking 'I failed grade 11' en 'I feel very weak when I have to write class work. I don't always understand'.

Vervolgens word Maggie se huidige identiteitsbeeld bespreek.

4.6.2.2 Huidige identiteitsbeeld

Maggie se huidige identiteitsbeeld weerspieël haar omstandighede en wentel om oorlewing. Wanneer sy oor haar toekoms as tiener-enkelmoeder praat, noem sy dikwels 'I will cope' en 'I will cope with it you know'. Hierdie siening van haarself as iemand wat moeilike omstandighede kan hanteer, is gevorm deur haar vorige ondervindings waar sy verwerping, eensaamheid en 'n vyandige omgewing met bykans geen ondersteuning nie oorleef het (Savickas *et al.*, 2010).

Die identiteitsbeeld as iemand wat oorleef, of in Maggie se woorde, 'cope', word versterk deur Maggie se gunstelingseuse 'Strive to survive'. Tydens haar omskrywing van die leuse koppel Maggie haar strewe na oorlewing aan hoop en optimisme, nog 'n tema wat gereeld voorkom 'Do it with your strength and hoping that it will happen. You can survive from it' en 'You can like...strive to do something better. You are hoping it will make your future better. You must do it with hope. You must strive'. Maggie gee egter self 'n aanduiding dat hierdie hoop en optimisme nie aan 'n werklike toekoms of planmatige ingesteldheid gekoppel is nie wanneer sy sê: 'Even though, even if they don't know... much hope that they will know what to do to achieve'. Haar identiteitsbeeld van iemand wat uiterste moeilike omstandighede kan oorleef, is op die brose fondasie van hoop gebou.

Dit kom voor asof daar 'n groot verskil bestaan tussen Maggie se huidige identiteit en haar gewenste identiteit. Maggie se gewenste identiteit word volgende bespreek.

4.6.2.3 Toekomsverwagtings

Maggie se verwagtings word deur haar agtergrond omraam en gevorm. Sy koester hoë verwagtings van

- finansiële en sosiale sukses – ‘And this is my car and I-phone and I look beautiful. And I am inviting my friends to come and enjoy’ en ‘I want to achieve everything even though I’m a mother, young girl’;
- erkenning – ‘This one, I like it one day when somewhere, with my career, I could be in front of many people. Where they can promote me for some difficulty at work’;
- ’n einde aan haar isolasie – ‘I wish I could be one of them, of the team to encourage people’.

Na haar ervarings van sosiale spanning by die skool, stel sy ’n werksomgewing sonder spanning voor ‘I don’t like when I am at work, gossiping, thinking... I would like to get free. And get free from home to work. I don’t want to get stressed up at work. Because if you get stressed up at work you won’t do any good work’.

Maggie wil haarself graag as ’n veearts of geoloog ‘Which steps should I follow to become a geologist or a doctor of animals’ bekwaam, maar toon ook belangstelling in die volgende loopbane: sielkundige, maatskaplike werker en onderwyser. Haar rolmodelle is

- die sangeres Beyonce, wie se onafhanklikheid sy bewonder ‘Because she’s got her own way of making her life easier. Making money. Making life’;
- televisiester Oprah Winfrey, vanweë haar vermoë om ander te inspireer ‘...and she encourages them’, vir die sonder stemme te praat ‘She knew what questions to ask. She think that she can talk on the side of the others’, haar warmte en spiritualiteit ‘She is full of something... the spiritual. She is very warm hearted you know?’ en
- ’n onderwyseres by haar skool vir haar goedhartigheid ‘Rather than just beating you’ en haar vermoë om huidige gedrag aan toekomstige uitkomst te verbind ‘but she tells you what to do and she can tell you that... what the term will happen if you are not working on your schoolwork. What it is going to be like’.

Vervolgens word die derde stadium van die lewensontwerpproses bespreek.

4.6.3 Stadium 3: Opening van perspektiewe, ontdekking en herskryf, herorganisering en hersiening van stories

Gedurende stadium 3 is Maggie se lewensverhaal, gebaseer op die inligting wat gedurende stadia 1 en 2 bekom is, herhaal en herskryf. Dit is respekvol aan haar meegedeel dat om ’n veearts of geoloog te word vir ’n verskeidenheid redes onrealistiese opsies is. Dit was in hierdie stadium van Maggie se lewe eerder van kardinale belang om ’n vorm van normaliteit te vestig waarna sommige van die opsies wat reeds genoem is, ondersoek kon word. Die

navorser was versigtig om seker te maak dat Maggie haarself nie as 'n mislukking sien nie, maar om daaraan te werk om haar geïdentifiseerde sterkpunte en bates te realiseer en haar swakpunte as potensiële sterkpunte te sien.

Maggie se belangrikste sterkpunte wat geïdentifiseer is, word hieronder bespreek.

4.6.3.1 Sterkpunte

Wanneer Maggie gevra word om self haar sterkpunte aan te dui, noem sy drie nederige sterkpunte 'Life Science. I should pass'; 'I can write a song and have it in my head' en 'Young children like to play with me'. Gedurende die verloop van ons sessies saam kon nog relevante sterkpunte vanuit 'n aanpasbaarheidsperspektief geïdentifiseer word.

i *Selfkennis*

Maggie verskaf voortdurend bewyse van selfkennis. Hierdie stellings wissel van eenvoudig 'I liked the uniform' en 'I like ice cream and sweet things' tot redelik diepgaande kennis rakende haar emosionele funksionering '...and I saw him and that makes me to start getting (makes an angry face). I felt so bad about it. And my cousin she didn't tell my aunt. That makes me... yoh! Mad' en 'I felt so many things... so that is why I was scared. And I felt this was not my parents and it just makes me feel bad. Because I really like my cousins and... it really makes me mad'.

Maggie toon die vermoë om gebeure te antisipeer. Hierdie sterkpunt word volgende bespreek.

ii *Antisipasie/aaneenlopendheid van gebeure*

Tydens haar verblyf by haar materne grootmoeder, trou haar tante met 'n man wat Maggie as baie negatief beleef. Sy openbaar hier 'n sterkpunt wat dit vir haar moontlik maak om uiters moeilike omstandighede te navigeer. Maggie kan onder hierdie moeilike omstandighede gebeure antisipeer 'And he is not knocking, he is just walking in. And I could imagine this could be a rape or something'. Hierdie sterkpunt van Maggie het haar veilig gehou van gevaar. Nadat sy na haar paterne grootmoeder terugtrek, bly sy steeds oortuig daarvan dat die man gevaarlik is en sy weier om terug te gaan 'I never went back. They asked me to come. I just say I will come, but I don't'. Maggie se antisipasie van gebeure was korrek en haar tante se man verkrag later haar niggie.

'n Volgende sterkpunt wat deur dieselfde gebeure geopenbaar word, is probleemoplossingsvaardighede en dit word vervolgens bespreek.

iii *Probleemoplossingsvaardighede*

Nadat Maggie haar in moontlike gevaarlike omstandighede bevind, vertrou sy haar *magogo* met haar vermoedens 'I told Elisabet. But Elisabet she did not take me to the head, you know... Maybe she thought I wanted to wreck the marriage of my aunt. But I wasn't like that'. Hierdie gebeure is steeds vir Maggie pynlik. Sy sê later dat een van haar grootste mislukkings is 'When I argue about something I did not do'. Sy voel dat sy misluk het en nie haar niggie van verkragting kon red nie. Tydens stadium 3 kon hierdie storie herskryf word en is sy bewus gemaak van die moed wat sy getoon het. Haar optrede los egter nie haar probleem op nie. Sy kontak hierna haar halfbroer 'But at the end, I called my brother, Jonas. I told him I did not want to live there'. Hierdie keer verduidelik Maggie nie wat haar ongemaklik maak nie 'I told him I did not want to live there. I never told him about what is going on, but I told him I want to go back home to my granny's place, because there I do not feel comfortable'. Sy neem verantwoordelikheid vir haar toekoms en verwyder haarself uit uiters gevaarlike omstandighede deur effektiewe probleemoplossingsvaardighede te toon.

Gedurende die refleksie met betrekking tot hoe om 'n moeilike situasie by die skool te hanteer, toon Maggie weer probleemoplossingsvaardighede 'But I'll try to talk to someone to get encouraged what to do with them'.

4.6.3.2 Swakpunte

Maggie identifiseer die volgende swakpunt 'I feel lonely at school. My friend moved to another class'. Sy spreek ook die wens uit om '... less self-centred' te wees. Aangesien die tema van isolasie en eensaamheid sterk in al die sessies met Maggie na vore gekom het, mag dit wees dat hierdie swakpunt veral aan Maggie se konteks gekoppel kan word, en tot 'n mindere mate selfgekose is.

Om 'n vorm van normaliteit te vestig sodat sommige van die opsies reeds genoem ondersoek kan word, is dit nodig dat hierdie swakpunt of gevoelens en ondervindings van eensaamheid aangespreek word. Volgens Savickas *et al.* (2010) kan mense se **selfkonsepte** verander word deur **nuwe ondervindings** te beleef en ook deur **ander waar te neem**. Die konteks van Maggie se interaksies moet wyer gemaak word om haar die geleentheid te bied om 'n meer komplekse identiteitsbeeld te kan ontwerp as een wat bloot om oorlewing wentel (soos bespreek in paragraaf 4.6.2.2). Tydens lewensontwerpberading neem Maggie aan aktiwiteite deel wat betekenis vorm en haar aanmoedig om 'n nuwe siening van haarself te bou (Duarte, 2010). Maggie gaan haar nuutgevonde ondersteuningsnetwerke nodig kry om hierdie nuwe siening te konstrueer.

Vervolgens word stadium 4 van die lewensontwerpproses bespreek.

4.6.4 Stadium 4: Die plasing van die probleem in die nuwe storie en nuwe perspektief

Gedurende hierdie stadium herinterpreteer Maggie haar toekomsverwagtings en moontlike uitkomst (Doarte, 2010) en berus uiteindelik by 'A normal quiet life. A future for me'. Die herinterpretasie van haar situasie bied aan Maggie 'n opwindende nuwe perspektief en wending in haar storie: die herbevestiging van haar vermoë om haar gewenste identiteit te realiseer 'the sky is still the limit ...I want to achieve everything even though I'm a mother, young girl. It is nothing to worry about. I will still continuing to strive for what I want. To strive. I don't want to give up anything about my future'.

Maggie noem haar swangerskap as een van haar grootste struikelblokke om haar potensiaal te realiseer 'Getting pregnant while I'm at school'. Alhoewel hierdie deel van haar verhaal nie op sigself herskryf kan word nie, word dit tydens informele gesprekke tydens ons sessies duidelik dat die omstandighede om Maggie se swangerskap herskryf kan word en dat dit 'n wending, ryk in potensiaal, kan aandui. Dit blyk dat die moeder van die seun met wie Maggie in 'n verhouding is, haar oor Maggie bekommer. Die vrou het 'n voltydse werk en haar eie tuisindustrie waar sy groente verpak en in haar woonbuurt verkoop en sy maak en verkoop ook bakstene. Sy vergesel Maggie na die sessies en kom haal haar daarna om seker te maak dat sy veilig tuis kom. Maggie spreek spontaan haar bewondering vir die vrou uit. Hierdie verhouding bied aan Maggie die geleentheid om nuwe ondervindings van ondersteuning te ervaar, 'n potensiële rolmodel waar te neem en sodoende haar selfkonsep uit te brei en positief te verander (Savickas, 2005).

Soos reeds bespreek, het Maggie 'n aantal bestaande bates en ondersteuningstrukture in haar lewe ontdek. Dit sal vir haar moontlik wees om haar weg weer te vind 'There is still a future for me. After the baby I can have my life'. Soos haar rolmodel, 'she can depend on herself and even though she lives alone, she doesn't drop herself'.

Tydens die toepassing van die aanpasbaarheidsvraelys word Maggie gevra om deur middel van 'n metafoor ('n rivier) 'n groot verandering in haar lewe te beskryf. Maggie beskryf dat haar doelwit binne haar bereik is, sy bevestig haar vermoë om haar gewenste identiteit te realiseer 'The river is very blue. It is shallow. It will be easy to cross'.

Die vyfde stadium van die lewensontwerpproses word volgende bespreek.

4.6.5 Stadium 5: Die spesifikasie en seleksie van aktiwiteite wat kwessies rakende identiteit ondersoek

Gedurende hierdie stadium het Maggie en die navorser op maniere besluit om die voorgestelde geko-konstrueerde lewensontwerp te aktualiseer. Hierdie ontwerp sluit onder meer in om Maggie se kapasiteit te ontwikkel om op 'n meer berekende wyse op te tree,

naamlik deur te dink voordat sy optree, asook om te leer uit haar foute. Sy neem voor om met werksanalise te begin en sodoende meer bewus te raak van die realistiese opvoedkundige en beroepskeuses wat sy moet maak, om moontlike lewenskeuses wat sy moet maak te antisipeer, daaraan te werk om meer volhardend en geduldig te word, om in die belang van haar kind en haarself op te tree, om beheer te neem van haar toekoms en verskeie beroepsalternatiewe te oorweeg. Sy spreek ook die begeerte uit om met allerlei persone oor die weg te kom en saam met ander aan groepsprojekte deel te neem. Die aanvanklike doelwitte word weer bekyk en algemene self-refleksie gefasiliteer.

Spesifieke aktiwiteite waarop Maggie en ek ooreengekom het, sluit die volgende in:

- Die opstel en byhou van 'n emosionele kalender (Maree, 2008) waarin Maggie dagboek hou van die belangrikste emosies wat sy daaglik ondervind, asook moontlike oorsake van die betrokke emosies
 - 'n Brief aan haarself as volwassene en ma van 'n vyfjarige
 - 'n Brief aan haar ongebore baba
 - 'n Brief aan die pa van haar kind
 - 'n Voortsetting van haar lewenslyn die toekoms in
 - Die voltooiing van haar lewenshoofstukke waarvan sy reeds die opskrifte geskryf het
- Vervolgens word stadium 6, 'n opvolggesprek met Maggie, bespreek.

4.6.6 Stadium 6: Opvolggesprek

Aangesien die lewensontwerpberadingsproses 'n lewenslange proses is, rus die verantwoordelikheid om aktief tot die ontwerp van haar lewe toe te tree volledig op Maggie se eie skouers. 'n Maand na afloop van die studie het ek, op aanbeveling van my studieleier, weer met Maggie kontak gemaak en 'n opvolggesprek met haar gehad.

Uit ons gesprek het Maggie laat blyk dat dit sy reeds met werksanalise begin het en tydens die skoolvakansie 'n paar oggende as vrywilliger by 'n kleuterskool gewerk het. Sy geniet die werk en hoop om na die geboorte van haar baba en die voltooiing van haar skoolloopbaan hierdie beroepsmoontlikheid ernstig te oorweeg. Hierdie aktiwiteit het ook aan Maggie die geleentheid gebied om as deel van 'n groep saam met persone van 'n uiteenlopende aard te werk.

Volgens Maggie hou sy 'n emosionele kalender, maar vind dit soms moeilik om die rede vir die betrokke emosie te identifiseer. Sy is egter optimisties dat dit vir haar makliker gaan raak.

Maggie geniet die briefskryf-aktiwiteit terdeë. Sy het reeds 'n brief aan haar ongebore baba geskryf en alhoewel sy nog nie die ander briewe geskryf het nie, dink sy gedurig aan wat sy wil skryf. Ek het haar aangemoedig om haar gedagtes neer te pen, al is dit nie in die vorm van 'n brief nie.

Op die oomblik is Maggie se fokus oorweldigend gerig op die koms van haar baba. Haar onmiddellike planne wentel om sy/haar fisiese en emosionele versorging. Sy het vir eers haar opvoedkundige en beroepsplanne op die agtergrond geplaas en is vol vertroue dat sy na die baba se koms weer aandag daaraan sal kan gee.

4.7 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk verskaf 'n oorsig oor die gevalstudie wat bestudeer is. Dit behels ook Maggie se agtergrondinligting en verskaf 'n gedetailleerde bespreking van elke stadium van die lewensontwerpberadingsproses. Die hoofstuk som die relevante hoof- en subtemas op wat gedurende die lewensontwerpberadingsproses uit elke sessie geïdentifiseer is.

Die samevatting van my studie, bevindings en aanbevelings word in hoofstuk 5 bespreek.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

In hoofstuk 5 gee ek 'n kort oorsig oor die eerste vier hoofstukke van hierdie studie. Hierna word die algemene navorsingsvraag weer gestel en gevolgtrekkings wat hierop betrekking het, word gemaak. Beperkings van die studie word bespreek, waarna ek verwys na die etiese aspekte wat gedurende die studie eerbiedig is. Ek sluit die hoofstuk af met aanbevelings ten opsigte van opleiding, die praktyk en toekomstige navorsing.

5.2 BEVINDINGS WAAROP DIE AANBEVELINGS GEGROND IS

Die verloop van my navorsing word in die onderstaande gedeelte kortliks saamgevat, ten einde die gevolgtrekking en aanbevelings van my studie te motiveer.

5.2.1 Hoofstuk 1: Inleidende oriëntering

Ten einde 'n omvattende beeld te verkry van die verskynsel wat ondersoek is, naamlik “**Die aanpasbaarheidsbehoefte van 'n swart, ongehude swanger tiener**”, het ek in hoofstuk 1 'n voorlopige literatuurstudie verskaf en die motivering vir my studie verduidelik. Ek het die navorsingsdoel beskryf en die algemene probleemstelling wat die studie gerig het, soos volg geformuleer: **Op welke wyse kan die aanpasbaarheidsbehoefte van ongehude swanger tieners vanuit 'n lewensontwerpberadingsperspektief hanteer word?** Verwagte uitkomst is gestel en probleme wat moontlik na vore kon tree, is bespreek.

In 'n poging om die navorsingsproses te verduidelik, het ek my paradigmatiese perspektief kortliks bespreek en die gekose navorsingsontwerp beskryf. Data-insameling- en dataontledingstegnieke wat gebruik is, is opgesom en die omgewing waarin die navorsing sou plaasvind, is beskryf. Hierna het ek my eie rol in die navorsing, asook etiese oorwegings wat daarmee gepaard gaan, beskryf. Ek het die hoofstuk afgesluit deur die beperkings van die studie uit te lig.

5.2.2 Hoofstuk 2: Literatuurstudie

In hoofstuk 2 is die hooftemas van my studie ondersoek. Ek het die beroepskonstruksieteorie as sosiaal-konstruktivistiese beradingsmodel en teoretiese raamwerk, sowel as die teoretiese oorsprong daarvan bespreek. Die lewensontwerpberadingsperspektief, hoe dit diversiteit aanspreek, asook die sistemiese aard daarvan, is bestudeer en 'n oorsig is gegee oor bestaande modelle van

lewensontwerpberading. Hierna het ek die volgende sake hanteer ten einde kliënte te begelei om lewensorgange te hanteer:

- Verloop van beroepsaanpasbaarheid
- “Beroepsvolwassenheid” as ’n komponent van beroepsontwikkeling
- Die sentrale plek van die konsep “aanpasbaarheid” met betrekking tot ontwikkeling
- Gepastheid van die konsep “(beroeps-) aanpasbaarheid” as fokuspunt in lewensontwerpberading

Ek het vervolgens die dimensies van beroepsaanpasbaarheid bespreek en ’n oorsig verskaf rakende die kontekstualistiese aard van hierdie dimensies, die psigososiale oorsprong daarvan en die struktuur van die dimensies. Ten slotte is die vier dimensies van beroepsaanpasbaarheid (beroepsbelang, beroepsbeheer, beroepsnuuskierigheid en beroepselfvertroue) bestudeer.

5.2.3 Hoofstuk 3: Metodologiese verantwoording

Die konstruktivistiese/interpretivistiese paradigma, asook die kwalitatiewe, beskrywende en eksploratiewe navorsingsontwerp wat gedurende hierdie studie geïmplementeer is, is in hoofstuk 3 bespreek. Die spesifieke navorsingsmetodologie en -strategieë wat in die studie gebruik is, is beskryf, waarna die navorsingsgesitueerdheid en my rol gedurende die navorsing bespreek is. Die lewensontwerpberadingsproses, asook spesifieke data-insamelings- en dokumenteringsmodi wat ek geïmplementeer het, is in detail bespreek. Hierna het ek aangedui hoe ek gepoog het om die kredietwaardigheid en vertroubaarheid van my studie te bevorder. Etiese oorwegings waaraan die studie voldoen het, is ten slotte beskryf.

5.2.4 Hoofstuk 4: Bespreking van resultate van die gevalstudie

Ten einde die toepaslikheid van ’n lewensontwerpberadingsproses te illustreer, is ’n oorsig van die gevalstudie in hoofstuk 4 gegee. Die deelnemer se agtergrondinligting is bespreek, waarna dit in temas en betekenisvolle subtemas gekategoriseer is. Die inligting is vervolgens aan die hand van die stadia van lewensontwerpberading bespreek, naamlik

- die konstruksie van ’n werksverbintenis;
- die kartering en verkenning van die sisteem van subjektiewe identiteitsvorme;
- die opening van perspektiewe, ontdekking en herskryf, herorganisering en hersiening van stories;
- die plasing van die probleem in die nuwe storie en nuwe perspektief;
- die spesifikasie en seleksie van aktiwiteite wat kwessies rakende identiteit ondersoek en
- die opvolgessie

5.3 BEANTWOORDING VAN DIE ALGEMENE NAVORSINGSVRAAG

Die kwalitatiewe, beskrywende en eksploratiewe aard van die studie het bygedra tot die verkryging van 'n ryk, diepgaande beskrywing van die fenomeen wat ondersoek is, naamlik **“Die aanpasbaarheidsbehoefte van 'n swart, ongehude swanger tiener”**. Ten einde die gevolgtrekkings van hierdie studie vanuit 'n gepaste perspektief te beskou, is ek genoodsaak om die waarde van die studie te beklemtoon as 'n poging om 'n **omvattende begrip** van die verskynsel te verkry. Vanuit hierdie perspektief kan die volgende gevolgtrekkings met verwysing na die algemene navorsingsvraag gemaak word:

- Uit die beskrywing van die betrokke gevalstudie blyk dit dat lewensontwerpberading 'n gepaste perspektief is waaruit die aanpasbaarheidsbehoefte van ongehude swanger tieners hanteer kan word.
- Hierbenewens blyk dit dat die postmoderne tegnieke wat in hierdie studie geïmplementeer is, die toetrede en deelname van die deelnemer aan die studie bevorder het.
- Die potensiaal van 'n lewensontwerpberadingsproses is verder uitgelig in die deelnemer se “veranderde” belewing met betrekking tot sekere aspekte van haar situasie.

Lewensontwerpberading word deur enkele navorsers (Campbell & Ungar, 2004; Zunker, 1998) as 'n effektiewe strategie beskou om die ontwerp van 'n individu se lewe te bevorder sodat dit kan verander om aan te pas by unieke uitdagings en ervarings wat deur die individu beleef word. Hierdie beskouing is in 'n groot mate in hierdie gevalstudie gereflekteer en die potensiaal van 'n lewensontwerpberadingsproses is uitgelig. Daar word egter nie in hierdie verhandeling bewys dat lewensontwerpberading die enigste of beste metode is wat gedurende beradingsprosesse geïmplementeer behoort te word nie. Ten einde die effektiwiteit en buigzaamheid van 'n lewensontwerpberadingsproses te bepaal, sal dit nodig wees om hierdie studie met 'n groter populasie en ander groepe te herhaal.

Ek het in die betrokke studie die werksaamheid gehuldig dat die aanpasbaarheidsbehoefte wat 'n ongehude, swart tiener tans ervaar, op 'n sinvolle wyse deur 'n ko-konstruktiewe lewensontwerpberadingsproses aangespreek kan word. Die unieke aard van die individu se konteks, die interafhanklike verwantskap tussen die individu en die sisteem waarin sy haarself bevind, die subjektiewe betekenis wat aan ervarings geheg word, sowel as die uitdagings wat 'n (swart) ongehude swanger tiener ervaar, het telkens en op verskeie wyses in my studie na vore gekom. Ek stel egter geensins lewensontwerp as die enigste metode voor waarmee aanpasbaarheidsbehoefte aangespreek kan word nie. Inteendeel, ek hoop dat die betrokke studie 'n beskeie bydrae gelewer het tot 'n groter bewuswording van die huidige aanpasbaarheidsbehoefte van 'n swart, ongehude, swanger tiener soos dit tydens lewensontwerpberading hanteer is.

5.4 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Die betrokke studie se beperkings word soos volg uiteengesit:

- Die studie se omvang is beperk, aangesien slegs een geval in die navorsing ondersoek is.
- Die moontlikheid vir enige veralgemening van die bevindings en resultate is uiters beperk, aangesien een gevalstudie nie as verteenwoordigend van alle swart, ongehude, swanger tieners beskou kan word nie.
- Alhoewel spesifieke kwaliteitsversekeringskriteria toegepas is ten einde die vertroubaarheid en geldigheid van hierdie navorsing te bevorder, kan my subjektiewe interpretasie steeds as beperkend beskou word aangesien ander navorsers die resultate verskillend kan interpreteer.

5.5 AANBEVELINGS

Verskeie navorsers (Campbell & Ungar, 2004; Savickas, 1993) beklemtoon die belangrikheid daarvan om 'n lewe te ontwerp wat as bevredigend deur die individu ervaar word en wat herontwerp kan word namate behoeftes, belangstellings, situasies en lewenservarings verander. Volgens hierdie skrywers is lewensontwerp sentraal tot enige terapeutiese proses. Uit die betrokke studie het dit geblyk dat verskeie aanpasbaarheidsbehoefte wat deur die individu ervaar word, moontlik deur lewensontwerpberading hanteer kan word. Opleiding in die teorie en praktyk (implementering) van lewensontwerpberading kan potensieel by sielkundiges se opleiding ingesluit word ten einde hulle in staat te stel om hierdie strategie by terapeutiese intervensie te inkorporeer.

Aangesien lewensontwerpberading nie op assessering of die gebruik van gestandaardiseerde media steun nie, kan hierdie proses in die praktyk geïmplementeer word ter aanvulling tot of in die plek van tradisionele gestandaardiseerde toetse wat slegs vir gebruik in spesifieke populasies gepas is. In die geval van hierdie studie is 'n gestandaardiseerde instrument (MBTI) ingesluit. Dit was opmerklik dat die deelnemer die postmoderne tegnieke heelwat meer toeganklik as hierdie assesseringsinstrument gevind het. Hierbenewens word die kontekstuele en emosionele faktore, asook persoonlike betekenis wat nie altyd gedurende tradisionele beroepsassessering in ag geneem word nie, tydens die lewensontwerpberadingsproses geïntegreer.

Alhoewel lewensontwerpberading in hierdie geval 'n individuele proses was, word moontlikhede vir die implementering daarvan in groepe nie uitgesluit nie. In die Suid-Afrikaanse konteks waar finansiële beperkings 'n werklikheid is, kan hierdie benadering geïmplementeer word om onder meer aanpasbaarheidsbehoefte van tieners en volwassenes te hanteer. Die effektiwiteit van die benadering is egter nog nie binne die

Suid-Afrikaanse konteks bevestig nie en die volgende moontlike navorsing word voorgestel:

- 'n Vergelykende studie waar meer as een geval bestudeer word.
- Die moontlikhede en beperkings van lewensontwerpberading in groepe.
- Die moontlikhede en beperkings van lewensontwerpberading met diverse individue.
- Die langtermynimpak van lewensontwerpberading op ongehude swanger tieners.

5.6 ETIESE ASPEKTE

Ten einde die deelnemer te beskerm, is verskeie etiese maatreëls deurgaans in die betrokke studie geïmplementeer. Ek het slegs my eie identiteit en die relevante agtergrond aan die deelnemer bekend gemaak. Die deelnemer was ook daarvan bewus dat sy in enige stadium van die navorsing kon onttrek. Ek het haar ingeligte toestemming verkry en die deelnemer se identiteit is deurgaans beskerm deur nie haar regte naam of enige identifiserende inligting in die verhandeling of rou data aan te dui nie. Hierbenewens het ek myself onderwerp aan die etiese kode van die *Health Professions Council of South Africa*.

5.7 TEN SLOTTE

Die aanpasbaarheidsbehoefte van 'n swart, ongehude swanger tiener is in die onderhawige studie vanuit 'n lewensontwerpberadingsperspektief ondersoek en die bevinding is aan die hand van die betrokke gevalstudie krities geëvalueer. Uit die gevalstudie blyk dit dat lewensontwerpberading potensieel 'n gepaste perspektief is waaruit die aanpasbaarheidsbehoefte van 'n ongehude tiener hanteer kan word.

Alhoewel Maggie se omstandighede en geskiedenis nie deur die lewensontwerpberadingsproses verander is nie, kon sy haar unieke uitdagings in 'n nuwe perspektief plaas en saam met die navorser 'n herbevestiging ko-konstrueer van haar vermoë om haar gewenste identiteit te realiseer

The sky is still the limit ...I want to achieve everything even though I'm a mother, young girl. It is nothing to worry about. I will still continue to strive for what I want. To strive. I don't want to give up anything about my future.

Ko-konstruktiewe gesprekvoering kon dus nie oplossings vir Maggie se probleme bied nie, maar sy het toenemend bewus geword van die betekenis wat sy aan ervarings heg, die konteks van haar uitdagings, sterkpunte en potensiele sterkpunte.

In die woorde van Dr Seuss (1990):

You have brains in your head.

You have feet in your shoes.

You can steer yourself any direction you choose.

You're on your own. And you know what you know.

And YOU are the guy who'll decide where to go.

LITERATUURLYS

Ackerman, C. (2005). Promoting development during adolescence. In Engelbrecht, P. & Green, L. (Eds). *Promoting learner development* (101-120). Pretoria: Van Schaik.

Adams, Q., Collair, L., Oswald, M. & Perold, M. (2004). Research in educational psychology in South Africa. In Elff, E. & Ebersöhn, L. (Eds). *Keys to educational psychology* (354-386). Cape Town: University of Cape Town Press.

Arsenaut, N. & Anderson, G. (1998). *Fundamentals of educational research*. London: Routledge Falmer.

Babbie, E. & Mouton, J. (2001). *The practice of social research*. Oxford: Oxford University Press.

Becvar, D.S. & Becvar, R.J. (2006). *Family therapy: A systemic integration*. Boston: Allyn & Bacon.

Blustein, D.L., Palladino Schulteiss, D.E. & Flum, H. (2004). Toward a relational perspective of the psychology of careers and working: A social constructionist analysis. *Journal of Vocational Behavior*, **64**, 423-440.

Bouwer, B. (2007). Fasilitering van emosionele intelligensie by leerders met verbale leergestremdhede. (*Facilitating emotional intelligence with learners with verbal learning disabilities*.) Unpublished Master's dissertation: University of Pretoria, South Africa.

Borges, N.J., Richard, G.V. & Duffy, R.D. (2007). Career maturity of students in accelerated versus traditional programs. *The Career Development Quarterly*, **56**, 171-176.

Briggs, K.C. & Briggs Myers, I. (1994) *Myers-Briggs type indicator*. Palo Alto: Consulting Psychologists Press Inc.

Brosh, J., Weigel, D. & Evan, W. (2007). Pregnant and parenting adolescents' perception of sources and supports in relation to educational goals. *Child Adolescent Social Work Journal*, **24**, 565-578.

Camerana, P.M., Minor, K., Melmer, T. & Ferrie, C. (1998). The nature and support of mothers' life aspirations. *Family relations*, **47**, 129-137.

Campbell, C. & Ungar, M. (2004). Constructing a life that works: Part 1: Blending postmodern family therapy and career counselling. *The Career Development Quarterly*, **53**, 16-27.

Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. (2000). *Research methods in education*. 5th Edition. London: Routledge.

Craig, J.C. (1996). *Human development*. 7th Edition. Upper Saddle River: Prentice Hall.

Creswell, J.W. (2003). *Research design: Qualitative, quantitative, and mixed-method approaches*. 2nd Edition. London: Sage.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (1998). *The landscape of qualitative research*. London: Sage.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (2005). Introduction: The discipline and practice of qualitative research. *The Sage handbook of qualitative research*. 3rd Edition. London: Sage.

De Vos, A.S. (2005). Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (Eds). *Research at grass roots*. 3rd Edition (333-349). Pretoria: Van Schaik Publishers.

Doan, R.E. (1997). Narrative therapy, postmodernism, social constructionism and constructivism: Discussion and distinctions. *Transactional Analysis Journal*, **27**(2), 128-133.

Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. (2006). *Educational psychology in social context*. Cape Town: Oxford University Press, Southern Africa.

Dr Seuss. (1990). *Oh, the places you'll go!* New Yourk: Harper Collins.

Durrheim, K. (1999). Research design. In Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (Eds). *Research in practice: Applied methods for the social sciences* (29-53). Cape Town: University of Cape Town Press.

Durrheim, K. & Wassenaar, D. (2002). Putting design into practice, writing and evaluating research proposals. In Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (Eds). *Research in practice: Applied methods for the social sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press.

- Duarte, M.E. (2010). Restructuring career counseling: objectives and instruments. In R. Van Esbroeck (Convenor) *Life Design Symposium*. Symposium presented at the 27th International Congress of Applied Psychology, Melbourne, Australia, July 11-16, 2010.
- Ebberwein, C.A., Krieshok, T.S., Ulven, J.C. & Prosser, E.C. (2004). Voices in transition: lessons on career adaptability. *The Career Development Quarterly*, **52**, 292-307.
- Fouché, C.B. & Delpont, C.L. (2002). Introduction to the research process. In De Vos, A.S. (Ed.). *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions*. (77-92). Pretoria: Van Schaik.
- Fritz, E. & Beekman, L. (2007). Engaging clients actively in telling stories and actualising dreams. In Maree, K. (Ed.). *Shaping the story: A guide to facilitating narrative counselling* (163-175). Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Gaspar, P. (1999). Social constructivism. In R. Audi (Ed.), *The Cambridge dictionary of philosophy*. 2nd Edition. Cambridge: Cambridge University Press.
- Golafshani, N. (2003). Understanding reliability and validity in qualitative research. *The Qualitative Report*, **8**(4), 597-607.
- Green, L. (2005). Theoretical and contextual background. In Engelbrecht, P. & Green, L. (Eds). *Promoting learner development* (3-16). Pretoria: Van Schaik.
- Guichard, J. (2009). Self-constructing. *Journal of Vocational Behavior*, **78**(3), 251-258.
- Hamman, D. & Hendricks, C.B. (2005). The role of the generations in identity formation. Erikson speaks to teachers of adolescents. *Clearing House*. **79**(2), 72-75.
- Hartung, P.J. (2007). Career construction: Principles and practice. In Maree, K. (Ed.), *Shaping the story: A guide to facilitating narrative counselling* (103-120). Pretoria: Van Schaik.
- Hartung, P.J., Porfeli, E.J. & Voncracek, F.W. (2008). Career adaptability in childhood. *The Career Development Quarterly*, **57**, 63-73.
- Henning, D. (2005). Courage Under Fire: Stories of Adolescents who Survived the Destruction of Divorce. Unpublished Master's dissertation: Unisa, South Africa.

- Hyson, L.J. (2008). Exploring constructions of intimate relationships. Unpublished Master's dissertation: Unisa, South Africa.
- Janesick, V.J. (2000). In Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (Eds). *Handbook of qualitative research* (390-396). London: Sage Publishers.
- Jansen, J. (2004). An introduction to education theory. In Eloff, I. & Ebersöhn, L. (Eds). *Keys to educational psychology* (374-386). Cape Town: UCT.
- Johnson, B. & Turner, F. (2003). Data collection strategies. In Tashakkori, A. & Teddlie, C. (Eds). *Handbook of qualitative research* (297-315). Thousand Oaks: Sage Publishers.
- Krefting, D.C. (1991). Rigor in qualitative research: The assessment of trustworthiness. *The American Journal of Occupational Therapy*, **45**(3), 214-222.
- Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. (2005). *Practical research: Planning and design*. Ohio: Merrill Prentice Hall.
- Lett, J. (2008). Professor James Lett's faculty webpage. Accessed: 29 March 2008 from <http://faculty.ircc.edu/faculty/jlett/Article%20on%20Emics%20and%20Etics.htm>
- Lichtman, M. (2006). *Qualitative research in education: A user's guide*. Thousand Oaks: Sage.
- Lynch, G. (1997). The role of community and narrative in the work of the therapist: A post-modern theory of the therapist's engagement in the therapeutic process. *Counselling Psychology Quarterly*, **10**(4), 353-363.
- Maree, K. (2004). Theoretical approaches in psychology. In Eloff, I. & Ebersöhn, L. (Eds). *Keys to educational psychology* (387-411). Cape Town: University of Cape Town Press.
- Maree, J.G. (2008). *Smarter the easy way*. Pretoria: Lapa Publishers.
- Maree, J.G. (2010). *Career Interest Profile*. 3rd Edition. Johannesburg: Jopie van Rooyen & Partners SA (Pty) Ltd.
- Maree, K. & Van der Westhuizen, C. (2009). *Head start in designing research proposals in*

the social sciences. Cape Town: Juta.

McMillan, J.H. & Schumacher, S. (2001). *Research in education. A conceptual introduction*. 5th Edition. New York: Addison Wesley Longman Inc.

Merriam, S.B. (1998). *Qualitative research and case study applications in education*. San Francisco: Jossey-Bass.

Merriam-Webster online dictionary (2008). Accessed: 29 March 2008 from <http://mw4.m-w.com/dictionary/emic> and <http://mw4.m-w.com/dictionaru/etic>

Miller, R.L. & Brewer, J.D. (2003). *The A-Z of social research*. London: Sage.

Mouton, J. (1996). *Understanding social research*. Pretoria: Van Schaik.

Nel, Z.J. (2006). The career choice theory of John Holland. In Stead, G.B. & Watson, M.B. (Eds). *Career psychology in the South African context* (35-50). Pretoria: Van Schaik Publishers.

Nieuwenhuis, J. (2007). Introducing qualitative research. In Maree, J.G. (Ed.). *First steps in research* (47-68). Pretoria: Van Schaik.

Oyserman, Bybee & Terry, K. (2006). Possible selves and academic outcomes: How and when possible selves impel action. *Journal of Personality and Social Psychology*, **91**, 188-204.

Patton, M.Q. (2002). *Qualitative research & education methods*. United Kingdom: Sage Publishers.

Patton, W. & McMahon, M. (1999). *Career development and systems theory. A new relationship*. Pacific Grove, CA: Brooks/Cole.

Pitney, W.A. (2004). Strategies for establishing trustworthiness in qualitative research. *Research Digest*, **9**(10), 26-28.

Pollard, Z. (2008). Die impak van lewensontwerpberading op Afrikaanssprekende adolessente. (The impact of life design counselling on Afrikaans-speaking adolescents.) Unpublished Master's degree dissertation: University of Pretoria, South Africa.

Prins, A. & Van Niekerk, E. (2001). Theoretical perspectives in counselling. In Van Niekerk, E. & Prins, A. (Eds). *Counselling in Southern Africa* (20-57). Sandown: Heinemann.

Savickas, M.L. (1993). Career counselling in the postmodern era. *Journal of Cognitive Psychotherapy: An International Quarterly*, **7**(3), 205-215.

Savickas, M.L. (1995). Constructivist counselling for career indecision. *Career Development Quarterly*, **43**(4), 363-373.

Savickas, M.L. (1997). Career adaptability: an integrative construct for life-span, life-space theory. *Career Development Quarterly*, **45**, 247-259.

Savickas, M.L. (2003). Towards a taxonomy of human strengths: Career counselling's contribution to positive psychology. In Walsh, W.B. (Ed). *Counseling psychology and optimal human functioning*. London: Routledge.

Savickas, M.L. (2005). The theory and practice of career construction. In Brown, S. & Lent, R. (Eds). *Career development and counselling: putting theory and research to work*. New York: John Wiley.

Savickas, M.L. (2008). Career construction theory. Information received by e-mail from Prof. Savickas via Prof. J.G. Maree on 18 April 2008.

Savickas, M.L. (2009). Aanpasbaarheidsvraelys. Ongepubliseerde werksdokument. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Savickas, M. L. et al. Life designing: A paradigm for career construction in the 21st century. *Journal of Vocational Behavior* (2009). DoI: 10.1016/j.jvb.2009.04.004

Schreuder, A.M.G. & Coetzee, M. (2006). The meaning of work. In *Careers: An organisational perspective* (1-25). 3rd Edition. Landsdowne: Juta.

Schwandt, T.A. (2007). *The Sage dictionary of qualitative inquiry*. Thousand Oaks: Sage.

Seale, C., Gobo, G., Gubrium, J.F. & Silverman, D. (2004). *Qualitative research practice*. United Kingdom: Sage Publishers.

Seale, C., Gobo, G., Gubrium, J.F. & Silverman, D. (2004). *Qualitative research practice*.

United Kingdom: Sage Publishers.

Shuttleworth, M. (2008). Case study research design. Available at <http://www.experiment-resources.com/case-study-research-design.html> Accessed on 3 March 2010.

Speed, B. (1991). Reality exists, OK? An argument against constructivism and social constructionism. *Journal of Family Therapy*, **13**(4), 395-409.

Stake, R.E. (2005). Qualitative case studies. In Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (Eds). *The Sage handbook of qualitative research* (442-466). 3rd Edition. Thousand Oaks: Sage.

Strydom, H. (2005). Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. (Eds). *Research at grass roots* (57-69). 3rd Edition. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Tellis, W. (1997). Introduction to case study. *The Qualitative Report*, **3**(2), 1-11.

Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (2002). *Research in practice: Applied methods for the social sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press.

Terre Blanche, M., Durrheim, K. & Painter, D. (2006). *Research in practice: Applied methods for the Social Sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press.

Terre Blanche, M. & Kelly, K. (1999). Interpretive methods. In Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (Eds). *Research in practice: Applied methods for the social sciences* (147-171). Cape Town: University of Cape Town Press.

Vithal, R. & Jansen, J. (1997). *Designing your first research proposal. A manual for researchers in education and the social sciences*. Lansdowne: Juta & Co Ltd.

Watson, M.B. & Stead, G.B. (2006). The career development theory of Donald Super. In Stead, G.B. & Watson, M.B. (Eds). *Career psychology in the South African context* (51-64). Pretoria: Van Schaik Publishers.

Whitley, B.E. (2002). *Principles of research in behavioural sciences*. 2nd Edition. New York: McGraw-Hill.

Willig, C. (2001). *Introducing qualitative research in psychology. Adventures in theory and*

method. Philadelphia: Open University.

Yin, R. (1994). *Case study research: Design and methods*. 2nd Edition. Beverly Hills: Sage.

Yin, R.K. (2003). 3rd Edition. *Case study research design and methods*. California: Sage.

Zunker, V.G. (1998). *Career counseling: Applied concepts of life planning*. 5th edition. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.